

# MY LEWE

in drie tale

D. H. Odendaal

+ Dike

5 Jan. '79

zobulun

kambe ke

zilamb-



**KOOS OOSTHUYSEN**

MY LEWE IN DRIE TALE



Koos Oosthuysen

# **MY LEWE**

in drie tale

Teks en foto's © JC Oosthuysen  
Orioleslot 16, Noordhoek, Kaapstad

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlot van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Wilna Combrinck  
Boekontwerp: Nazli Jacobs  
Gedruk en gebind deur \_\_\_\_\_

Eerste uitgawe, eerste druk 2021

ISBN

“As ek die evangelie verkondig, is dit nie vir my 'n rede  
om te roem nie. Ek verkondig die evangelie  
omdat ek moet! En wee my as ek dit nie doen nie!”

*I Korinthiërs 9:16.*



# Inhoud

Wat ek onthou	9
My pa	10
My ma	14
Isilimela	20
Decoligny	35
Rietvlei	46
Stellenbosch	52
Yale	65
Weer Stellenbosch	78
Drakenstein-gemeente	81
King William's Town en die siXhosa-Bybel	101
Mbekweni	120
Noordhoek	127





## Wat ek onthou

“Hulle praat so, ek hoor.”

So het die huishulp geantwoord op die vraag oor hoekom sy so goed ingelig is oor haar werkgewers se doen en late. So kan ek ook sê oor baie van wat ek dink ek weet, veral oor my herkoms en my voorsate. Dit is wat ek die grootmense hoor praat het. Ma se oujong-nooi suster, Tant Linde, wat na haar aftrede as onderwyseres by my ouers kom bly het, kon lekker vertel oor alles en nog wat, veral oor haar jeug in Ladysmith. Maar die bobaas verteller was Pa. Ek kon my verluister aan sy stories. Dit is asof ek nou nog kan sien hoe hy en Oom Flip Meyer, Ma se ousus se man, op die voorstoep van Oom Flip se plaashuis sit en gesels. Oom Flip lag so lekker dat die leë teekoppie wat hy gerieflik op sy maag neergesit het, op en af spring en welluidend tingel.

Natuurlik is al wat ek te vertel het ook net dit wat ek nog nie vergeet het van wat gesê is nie en verder wat ek nog onthou van my eie wedervaringe – vir wat die geheue van ’n sewe-en-tagtigjarige werd is, veral wat name en datums betref. Maar die stories sou in elk geval onvertel bly as ek telkens eers navorsing moes gaan doen. Daarvoor sien ek nie nou kans nie. So hier is dan wat ek vir my kinders en kleinkinders en wie ookal belangstel se ont-halwe, te vertel het, onjuisthede, kronologiese dwalings, weglatings en al.

Ek begin maar deur in kort iets van my ouers te vertel.

## My pa

My pa, Jacobus Christiaan Christoffel (Koot) Oosthuysen, is op 24 November 1890 in die distrik van Cathcart in die Oos-Kaap gebore. Sy voorsate het, toe die Kaap nog Hollands was, van die dorp Oosthuysen in Nederland na Suid Afrika verhuis en in die omgewing van Prins Albert en Albertinia in die Suid-Kaap gevestig. 'n Deel van die familie het later na die Oos-Kaap getrek. Toe die spelreëls in Nederland aangepas is, is die van Oosthuizen geskryf, maar die Oos-Kapenaars het nie daarvan kennis geneem nie en met Oosthuysen volhard.

My oupa aan vaderskant, Phillipus Johannes Oosthuysen, en Ouma, Johanna Jacomina Helena Oosthuysen, 'n nooi De Kock wie se ouers naby Komgha geboer het, het op die plaas Tradersdrift op die walle van die bolope van die Keirivier geboer. Hul plaas was naby die gehuggie Tylden, tussen Queenstown en Cathcart. Teen ek gebore is, was hulle reeds oorlede. Tradersdrift het in die besit van die familie gekom by wyse van 'n nege-en-negentig jaar huurooreenkoms met die regering. Pa en sy jonger broer, oom Nicolaas, moes nog die laaste paar jaar se huur betaal voordat hulle volle eienaarskap bekom het en Pa sy helfte aan oom Nicolaas kon oordra. Oom Nicolaas het die plaas later verkoop en op 'n plaas naby Messina gaan boer, waar hy later oorlede is.

Pa was so nege jaar oud toe die Anglo-Boere Oorlog uitbreek het en 'n Engelse garnisoen op Tylden geplaas is om die spoorlyn en die brug oor die Keirivier te bewaak. Pa, wat min of meer op 'n perd se rug groot geword het, se vermaak was om te gaan kyk hoe

die Tommies, rou uit London se strate, moes leer perdry en gereeld afgeval het. Hy moes weksdae by die wagte verby oor die brug stap na die skooltjie in Tylden en hulle het hom omgepraat om vars vleis en eiers met hulle te ruil vir blikkies marmelade en *bullybeef*. Jare na die oorlog kon Pa-hulle nog blikkiesvleis en marmelade eet wat agter die deur in die spens opgehoop was.

Op Tylden was daar 'n Engelsmedium laerskool waar die plaaslike kinders tot standerd ses, die huidige graad agt, kon leer. Die Skotse onderwyseres, Miss Cameron, het haar bes gedoen om van die wilde plaaskinders beskaafde Engelse te maak. Voor in die boek "Far in the Forest," wat sy aan Pa as prys toegeken het, het sy geskryf, "James Oosthuysen, First Prize for Planting Potatoes."

Teen Pa standerd ses behaal het, was Oupa se gesondheid sodanig verswak dat Pa die boerdery moes behartig. Hy is bygestaan deur die siXhosa-sprekende voorman Jim Mekile en hy en Pa het vriende geword. Saam het hulle vir hulle slaapplek ingeruim onder die wa as hulle die wol of die mielies Queenstown toe moes neem om te verkoop. Eendag het Jim natgereën en longontsteking opgedoen. Vroeg die volgende oggend kom sy vrou by die plaashuis aan en roep vir Pa. "Jim is besig om dood te gaan," sê sy. "Hy sê alles is vir hom donker en jy moet vir hom kom bid. As julle onder die wa geslaap het, het jy gebid voor jy gaan slaap, maar jy het hom nie leer bid nie." Teen Pa Jim se hut bereik, was hy reeds dood.

Pa het homself hewig verwyd. Hoe kon hy so baie van die lewe met Jim gedeel het, maar nooit met hom oor God se ontfermende liefde vir ons gepraat het nie? "Vir so drie maande was ek in die hel," het Pa my vertel. "Maar toe het God vir my gesê: 'Los jy nou vir Jim in my hande. Maar niemand moet ooit weer kan sê jy het van die Lig geweet, maar hulle in die duisternis gelos nie.'"

En so het Pa vir die plaaswerkers se kinders Sondagskool begin hou en besluit om vir predikant te gaan leer. Maar hy moes eers wag dat sy broer Nicolaas standerd ses haal en die plaas se bestuur kon oorneem. So is hy vyf jaar nadat hy standerd ses geslaag het,

na die sekondêre skool op Cathcart, waar hy in een jaar standerds sewe en agt afgehandel het met sy beleid: "Een-en-vyftig persent is goed genoeg."

Pa-hulle se predikant op Queenstown se vrou was 'n mooi Kirsten van die Paarl, waar haar broer 'n vooraanstaande boer was. Sy het geglo dat daar net een ordentlike hoërskool in die land was, *Boys' High* in die Paarl, en toe Pa so ver op Cathcart gevorder het as wat indertyd moontlik was, het sy Pa aangemoedig om by *Boys' High* in te skryf. Met sy een-en-vyftig persent beleid het hy toe in een jaar standerd nege en die skooleindeksamen standerd tien daar agter die rug gekry en is hy Stellenbosch toe vir admissie, die voorstudie tot toelating tot die Kweekskool, en toe Kweekskool toe vir opleiding as predikant.

Indertyd was daar nie poste vir NG predikante om siXhosa-sprekendes te bedien nie en Pa se eerste gemeente was blanke Afrikaans-sprekendes in Brakpan naby Johannesburg. Daar het hy Ma ontmoet wat as jong onderwyseres haar loopbaan daar begin het. Die gemeentede was hoofsaaklik mynwerkers op die nuwe goudmyne, maar daar was ook lede van die polisiemag. Toe 'n staking in 1922 uitbreek en die stakers en die polisie slaags raak, het hy gepreek teen geweldpleging. Die magistraat het hom toe in hegtenis laat neem omdat hy duidelik van die geweldsplanne van die stakers geweet het, maar dit nie by die owerhede aangemeld het nie. Die tronk was so vol dat Pa in die binnehof moes sit. Die magistraat stuur toe 'n telegram aan die minister van Justisie, niemand minder as generaal Jannie Smuts nie: "Ons het die NG predikant in hegtenis geneem. Wat moet ons met hom doen?" Gelukkig het die agbare minister besef dat Pa mos nie die magistraat iets oor die stakers se planne kon medeel wat hy nie reeds self geweet het nie en hy antwoord: "Laat hom loop." En Pa kon weer huis toe gaan. Jare later skryf Pa 'n dun boekie "n Mislukte Staatsgreep en Mislukte Rewolusie in Suid-Afrika" waarin hy sy perspektief op die woelinge in Brakpan weergee.

Die Spaanse Griep, ook bekend as die Groot Griep, het uitgebreek en Pa het op 'n komitee van die gemeenskap gedien wat in die nood bystand moes verleen. Baie ontsteld het 'n Joodse omie op die komitee die toestand opgesom: "People are dying that have never died before."

En toe neem Pa 'n beroep na Indwe in die Oos-Kaap aan. Dit was 'n boeregemeenskap en so in die kraal van Pa se agtergrond as boerseun. Hy kon saam met sy gemeentedelede skyfskiet en was voorsitter van die boerevereniging. Maar toe kry hy 'n uitdagende beroep na Bethulie, net noord van die Oranjerivier in die Vrystaat. Daar was groot rusie oor of nagmaal met 'n beker of met kelkies bedien moes word en geen predikant wou sy kop in die byenes insteek nie. Pa neem toe die beroep aan en vir twee jaar probeer hy die vrede bewaar deur nagmaal in beide kelkies en 'n beker te bedien, maar self die beker te gebruik om die kwaai bekerparty rustig te hou. Maar toe gebruik hy een Sondag self 'n kelkie en die kern van die bekerparty staan op en stap uit die kerk. Pa voltooi die diens en is konsistorie toe vir die afsluitingsgebed. Ma stap na die pastorie langs die kerk en daar staan die bekerparty op die stoep. "Ons wil graag vir dominee spreek," sê hul leier. "Ons is baie ontsteld dat hy met die nagmaal aangegaan het na ons uitgestap het."

"Kom sit gerus in die sitkamer," sê Ma. "Maar ek weet nie wat julle vir dominee gaan sê nie. Die Here het tog aangehou om die nagmaal in te stel nadat Judas uitgeloop het." Toe Pa by die pastorie kom, was daar niemand. En so was dit uiteindelik Ma wat die twis opgelos het. Pa kon toe met 'n geruste hart die beroep aanneem toe die NG Kerk besluit het om ook in die Transkei sendingwerk onder siXhosa-sprekendes te onderneem en hy die sendingstasie Isilimela gestig het. En dit is waar ek gebore is, soos ek verderaan vertel.

## My ma

My ma, Gertruida (Truida) Naude Schoon, se Nel stamvader Guillaume was 'n Hugenoot. Hy het teen die einde van die sewentiende eeu uit Rouen in Frankryk gekom en geboer waar Wellington se spoorwegstasie tans staan. 'n Nasaat van hom, Theunis Jacobus Nel, het in die Bedford-Adelaide omgewing geboer en is die binneland in met die Groot Trek. Sy dogter Maria Johanna is getroud met Willem Bester, die seun van Paul Bester wat die eerste landdros van Harri-smith was. Hy het teen die Britse anneksasie van die Vrystaat geprotesteer en is voëlvry verklaar, maar het van Sir Harry Smith vrystelling ontvang.

Willem en Maria Bester, my oupa- en ouma-grootjie aan moederskant, het op die plaas Fourieskraal in die distrik van Ladysmith in Natal geboer. Om te sorg dat hulle dogter Maria se opvoeding niks te wense sou oorlaat nie, vergesel Grootoupa Bester haar op die trein na Durban, waar hy haar op 'n boot besorg wat op pad Kaap toe is. Sy moet Stellenbosch toe gaan waar haar pa haar by die Bloemhof-meisieskool ingeskryf het. Hoeveel kontak my Ouma Maria as jong meisie op Stellenbosch met haar mede-Nataller, die teologie student Herman Schoon, gehad het, is nie duidelik nie. Sommige van die gedigte uit Oupa Schoon se digterlike nalatenskap in puik Nederlands wek wel vermoedens. Hoe ookal, later toe Oupa Schoon as jong predikant op Ladysmith werksaam was, is hy en Ouma Maria getroud. Maar nou loop ek die verhaal vooruit.

Oupa Herman Frederik Schoon is in Rotterdam in Nederland gebore. Teen 1860 rond, toe hy so nege jaar oud was, het sy ouers,

Willem Frederik Schoon en Jannetje Schoon, gebore Linde, na Natal verhuis. Hulle is binne etlike jare oorlede en Oupa, met sy goeie Nederlands, het as onderwyser van plaaskinders 'n lewe probeer maak. Hy het geroepe gevoel om predikant te word, maar het nie oor die fondse beskik om Stellenbosch toe te gaan vir opleiding nie. Toe kom die welgestelde ouderling oom Gert Naude tot sy redding. As Oupa belowe om 'n beroep Natal toe aan te neem as hy dit sou ontvang, sal oom Gert sy studiekostes dek. En so is Oupa Stellenbosch toe.

By voltooiing van sy studies, kry Oupa nie 'n beroep na 'n gemeente in Natal nie, en hy neem 'n beroep aan na die nuutgestigte gemeente Nieuw Bethesda, noord van Graaff-Reinet. Twee jaar later beroep die gemeente in Ladysmith in Natal hom. Hoewel hy nog so kort op Nieuw Bethesda is, moet hy dit aanneem, want hy het oom Gert Naude belowe. En so word hy Vader Schoon wat sy lewe lank predikant van Ladysmith bly en 'n prominente rol in die Natalse Sinode speel.

Soos reeds gesê, is Oupa en Ouma Schoon op Ladysmith getroud. Soos die tradisie vereis, word hul eersteling seun Willem gedoop, vernoem na sy grootvader, en hul dogter Maria na haar grootmoeder. Die volgende dogter word Linde genoem, na luit van haar oumagrootjie se van en dan volg Minnie. Kon dit Oupa se troetelnaam vir Ouma Maria gewees het? Maar daar is nie 'n seun om die weldoener oom Gert Naude na te vernoem nie. Hoe kon hulle weet dat die seuns Herman en Louis nog gebore sou word voordat die gesin met die dogters Engela en Agnita afgerond is? En so word Ma, hul vyfde kind, Gertruida Naude genoem toe sy op 23 Julie 1893 gebore is.

Oupa Schoon was 'n baie netjiese man. Ma vertel dat hy altyd die onderste hemp uit sy klerekas aangetrek het met die nuutgewaste en gestrykte hemp bo op die stapeltjie gepak. Ek ken hom net uit sy eerbiedwaardige foto met sy mooi baard. En dan was daar sy netjiese studeerkamer waarby ons in die gang moes verbyloop



as ons in Ladysmith kom kuier het by Ouma en Oupa se oujong-  
nooi suster, by ons bekend as Tante. Hulle het nog in Keerweder  
gewoon, die huis wat die kerkraad by sy aftrede aan Oupa geskenk  
het, nadat hy sy lewe lank die gemeente bedien het – ek vermoed  
sonder enige salaris tydens die ontwinging van die Anglo-Boere-  
oorlog. Toe ek, na Ouma en Tante oorlede is, die kans kry om 'n  
boek uit Oupa se ordelike boekrak te haal, lees ek voor in, as ek  
die Nederlands reg kan aanhaal: “Men worden gewaarschuwd tegen  
de Docetistiese ketterye op paginas 105 en 120.”

Goeie Hollander wat hy was, was Oupa lief vir sy pyp en tabak.  
Eendag kry hy op huisbesoek 'n groot droë blaar pyptabak present.  
Hy stap daarmee huis toe. 'n Ouderling, wat op sy huis se stoep  
sit, sien die dominee verbykom met die tabak onder sy arm. “Domi-  
nee gaan tog seker nie daardie afgod dien nie,” sê hy. Maar Oupa  
stel hom gerus: “Broer, ek verseker jou, ek sal die laaste krieseltjie  
daarvan verbrand.” Oupa se sin vir humor kon egter nie toevallige  
ligsinighede van sy kinders kondoneer nie. “Dat is niet om over  
te lachten,” sou hy hulle vermaan. “Dat is om over te weenen.”

Van Oupa se gemeentedelede kon nog die stories oorvertel wat  
hulle by hul ouers uit die dae van die Groot Trek gehoor het. On-  
gelukkig het hy dit nie opgeteken nie, maar benewens sy gedigte  
'n boek geskryf oor die gelykenisse wat Jesus vertel het. Vir sy eie  
edifikasie het Oupa wel alles wat vir hom belangrik gelyk het, oor-  
geskryf uit die Voortrekker-leraar Erasmus Smit se dagboek, wat sy  
nasate aan Oupa gewys het. Tydens die Anglo-Boere-oorlog is die  
dagboek in 'n miershoop weggesteek en deur die rysmiere op-  
gevreet, sodat Oupa se teks al is wat oorgebly het van hierdie be-  
langrike inligtingsbron vir die geskiedenis van die Voortrekkers. Hy  
het ook 'n dagboek gehou van die gebeure tydens die beleg van  
Ladysmith tydens die Anglo-Boere-oorlog. My suster Eirene het 'n  
Afrikaanse vertaling daarvan vir ons gemaak. Ouma het na Oupa  
se dood die outydse Yost tikmasjien wat hy gebruik het vir Pa  
gegee. Dit het die ink vir die letters op 'n kussing opgetel en naas-

liggende letters het vasgehaak as daar te vinnig getik word. Vandaar die qwerty-toetsbord met letters wat in Engels dikwels naby mekaar gebruik word, ver van mekaar geplaas.

Die nasate van die Voortrekker meestersverkenner Hans Dons de Lange, skenk aan Oupa die kerie van die Zulu koning Dingane, by Afrikaans-sprekendes bekend as Dingaan. Na die slag van Bloedrivier vlug die Zulus en Hans Dons sien dat Dingaan, wat te perd vlug, sy kerie weggooi. Dit is 'n indrukwekkende kerie, versier met gevlegde koperdraad en kralewerk, en Hans Dons wil dit as aandenkingsê. "Skiet, kêrels!" skree hy vir sy makkers. Hy wil nie met 'n assegaai gelem word nie. Waaghalsig spring hy van sy perd af en gryp die kerie. Na Oupa se dood skenk Ouma die kerie aan Pa. Waar ons ook al heen trek, kry die kerie 'n ereplek teen die muur in die voorportaal. By geleentheid merk Pa op dat die kerie eintlik in die Voortrekker Museum in Pietermaritzburg hoort te staan en na Pa en Ma se dood skryf ek aan die kurator van die museum: "Sal ek die kerie aanstuur?" Per kerende pos kom die antwoord: "Nee. Die kerie is te kosbaar. Bewaar dit mooi, dan kom ek dit haal." Nou staan die kerie op 'n ereplek in die museum langs die ingang van 'n groot byekorfhut wat gebou is om soos Dingaan s'n te lyk.

Toe die Anglo-Boere-oorlog uitbreek, buit die Boeremagte 'n trein noord van Ladysmith. Die trein bevat 'verversings' wat vir die Britse offisiere bedoel is en die burgers vier die oorwinning jolig totdat die Britse lansiers opdaag met 'n teenaanval. Sommige sneuwel en die ander word krygsgevangene geneem. 'n Hollander wat die Boere kom help het, wou darem nie sy lewe op die spel plaas nie. Na bewering het hy in sy skuilplek bly lê, sy geweer sonder om te kyk bokant sy kop oor die rand van die skans gestee en die skoot afgetrek met: "Mog het troffe!" Sy terughoudendheid het egter nie enige inhibisies ten opsigte van sy deelname aan die viering van die oorwinning te weeg gebring nie. Teen die Britse teenaanval gekom het, het hy reeds half bewusteloos van oordaad op die grond

gelê en die lansiers dog hy is reeds dood. Toe hy later, nadat die Britte reeds weg is, bykom, en die gesneuweldes rondom hom sien lê, sou hy gesê het: “Er schyn gevochten te syn.” Dit het by die Schoons 'n familie spreekwoord geword om na enige vorm van chaos te verwys.

Oupa Schoon was as Nataller 'n Britse onderdaan wat trou aan die Britse kroon gesweer het om burgerskap te bekom. Maar as Nederlands-sprekende was hy steeds onder verdenking en dit het nie gehelp toe hy by die bevelvoerende offisier van die Engelse kom kla het oor die behandeling wat die Boere-krygsgevangenes ontvang het nie. Vir die vername heer het hy, na ek verneem, gesê: “ Sir, your conduct is such that I am ashamed to be your fellow British subject!” Hy is terstond vir 'n tyd lank verban na Pietermaritzburg. Dit was genadiglik nie onuitstaanbaar sleg nie. “Be thankful for small mercies,” sê die Engelse spreekwoord en na die oorlog kon Oupa darem nog volgens die familie annale sê: “Deur die Here se genade was ek nooit een dag sonder tabak nie.”

Toe die beleg van Ladysmith plaasvind, skiet die Boere met 'n kanon skyf na die toring van die stadsaal. Hulle slaag net met 'n skrams hou, maar die kanonkoeëls val agter in die groot erf van Keerweder, die huis wat die kerkraad jare later aan Oupa sou skenk by sy aftrede. Ek het nog een van die oopgebarste koeëls in die vertoonkas in ons huis. Ewenwel, die strydende partye verklaar 'n kort wapenstilstand en die *non-combatants* verskuif uit die dorp na 'n tentekamp buite langs die spoorlyn, bekend as die Ntombi-kamp. Oupa, Ouma, Tante en die kinders woon nou in 'n tent. Dit gaan darem beter met hulle as wat dit later met die vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe in die Vrystaat en Transvaal sou gaan, maar dit is beslis nie 'n piekniek nie. Tante moet 'n swaar gewonde Tommy verpleeg. Die nuuskierige kinders kyk onder die flap van die hospitaaltent deur en skrik hulle boeglam vir die lyk van 'n Britse soldaat wat daar lê.

Na die oorlog skryf Oupa 'n lang verslag oor die haglike toestande

waaraan die vroue en kinders onderwerp is in die konsentrasiekampe wat die Britte tydens die oorlog opgerig het met hul beleid van die verwoesting van plase. Soos ek verstaan, is vier van die vroue en kinders dood vir elke burger wat op die slagveld gesneuwel het, en dan kom al die swartmense nog by wat dood is in hulle kampe nadat hulle nie meer 'n heenkome op die plase gehad het nie. Oupa probeer keer dat Engels Nederlands verdring. As gebore Nederlander verkies hy Nederlands bo Afrikaans, maar sy kinders vang hom tog uit dat hy 'dink' sê en nie 'denk' nie. Teen die muur hang hy 'n spreuk wat nog jare daarna daar hang wanneer ek as kind saam met Ma en Pa op Keerweder kuier. Ek onthou nie die Nederlands so mooi nie, maar in Afrikaans lui dit: "Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde is die taal van 'n slaaf."

Na die oorlog is Oupagrootjie-hulle se huis op Fourieskraal, wat deur die Britte beset is, in 'n swak toestand. Van hul goeie breekgoed is teen die mure stukkend gegooi. Op een muur staan geskryf: "Bester is buster." Vir die Engelse gemeentes se kerkgeboue wat tydens die oorlog as hospitale gebruik is, betaal die Britse regering huur, maar Oupa sukkel om vergoeding vir die NG Kerk se gebou se gebruik te kry. Maar ek hoor Ma nooit enigiets negatief van die Britte sê nie. Vakansietye lees sy vir ons van die mooi Engelse boeke voor wat sy in haar Engels-gedomineerde opleiding leer ken het.

Ma is as onderwyseres opgelei in Greyton in Natal en het 'n pos in Brakpan aanvaar waar sy en Pa mekaar ontmoet het. Uit hul huwelik is my suster Helené daar in Brakpan gebore en later my broer Phillipus en suster Eirene op Indwe. My broer Herman is op Bethulie gebore en ek op Port St Johns.

## Isilimela

Ek was nie eintlik 'n laat lammetjie toe ek, na ek verneem, op 5 Desember 1933 in Port St Johns in Pondoland in die Transkei gebore is nie. Ek was nou wel my sendeling-ouers se vyfde kind, maar groot gesinne was indertyd volop. Ek het egter kort na my geboorte 'n laat lammetjie geword toe my broer Herman, net meer as twee jaar ouer as ek, aan witseerkeel oorlede is.

Ons het op Isilimela gewoon, die sendingstasie in Pondoland wat Pa minder as twee jaar tevore so vyf-en-veertig kilometer slegte grondpad suid van Port St Johns gebou het. Met 'n begroting van 'n duisend pond (tweeduisend rand) het hy 'n kerk met 'n toring gebou en 'n woonhuis met Hollandse gewels en 'n uitsig op die vallei van die Sinangwana-rivier en daar ver die Indiese Oseaan. Die kerkgebou, met sy konsistorie, is ook as skoolgebou gebruik. Pa het ook 'n huis vir die twee sendingdames gebou, 'n onderwyseres Martha Theron en 'n kerklike maatskaplike werker, aanvanklik Anna Marais, wat ek nie kan onthou nie, en toe Ina Joubert. Buitegeboue en kamers vir die paar kinders wat op Isilimela kom skoolgaan, maar buite stapafstand gewoon het, is gebou. Later het 'n kliniek gevolg en net voor Pa se verskuiwing van Isilimela na Decoligny by Mthatha, 'n kleinerige hospitaal. Jare later, na sy afrede, skryf Pa 'n boek met die titel 'Isilimela' en vertel hy van sy doen en late daar en nog meer.

Pa het die naam Isilimela gekies omdat dit die begin van die NG Kerk se sendingwerk in Pondoland was. Isilimela is die naam van die Sewester, die Ploegster van die siXhosa-sprekendes. Dit is die



*Bo: Die kerkgebou op Isilimela.*

*Onder: Ek word op Isilimela gedoop.*

*Agter: Ds O.A. Cloete (my latere skoonpa), Anna Marais, Ma en Pa.  
Voor: My broer Flip, en susters Heléne (met die doopbak) en Eirene.*

sterrekonstellasie wat in Junie verskyn en aandui dat die ploegtyd voor die deur is, die tyd van 'n nuwe begin. Direk vertaal beteken die woord "Die een wat vir ons ploeg."

Met die oog op my geboorte het Pa vir Ma na Port St Johns geneem. Daar was 'n verpleegster en, indien nodig, ook 'n dokter – die naaste aan ons daar aan die Wildekus. Die huis waarin ek gebore is, is later in 'n motorhawe omskep en uit lojaliteit vul ek gereeld my motor daar as ek op Port St Johns kom.

Pa wou my nie graag self doop nie en toe Mthatha se jong aflosdominee Ockert Cloete op besoek kom, het Pa 'n doopdiens gereël in die kerk op Isilimela met Anna Marais as getuie. Soos te verstaan ken ek die geleentheid slegs uit die foto, met die silwer doopbak prominent. My Oupa Oosthuysen het die bak in 1901 aan die gemeente op Cathcart geskenk waar hy ouderling was. Ongelukkig het die graveerder, wat nie Nederlands magtig was nie, oor die teks gestruikel. "Laat het Kender Kens tot my Komen" staan dit daar prominent. Verleentheid. Wat moet die Kerkraad doen sonder om ouderling Oosthuysen te affronteer? Uitkoms! Sy seun word 'n sendeling en ons skenk die doopbak aan hom. En so merk dominee Ockert Cloete my uit my oupa se doopbak as een van God se 'kender kens.' Min weet hy toe dat ek eendag sy skoonseun sou word.

Met my tuis as 'n pap baba was al raad toe Herman ernstig aan witseerkeel siek word, dat Pa en my ousus Helené hom na die dokter op Port St Johns neem. Die dokter is in der haas met die draaierige stofpad die sowat honderd kilometer Mthatha toe om die nodige medisyne te bekom, maar teen hy terug kom, was dit reeds te laat.

Dit maak my nou nog hartseer as ek dink aan wat dit aan Ma gedoen het. Telefoniese of ander verbinding was daar indertyd nie en Ma het eers die tragiese nuus verneem toe hulle met 'n doodskissie tuiskom. Sy het nooit enige verwyt uitgespreek dat die trek na diep in Pondoland, ver van mediese sorg, Herman se lewe gekos

het nie. Maar sy dood het haar lewenslank bygebly en toe 'n buurvrou op Stellenbosch se kind baie jare later oorlede is, het Ma saam met haar getreur asof dit 1934 was.

Herman is op Isilimela begrawe. Vanuit 'n sendeling se karige salaris kon Pa slegs bekostig om 'n grafsteen uit konkruit te maak met die inskripsie: 'Herman Frederik Oosthuysen / Geb. 29 Maart 1932 / Oorl. 25 Maart 1934 / Die liefde vergaan nooit nie / 1 Kor. 13' Met die jare het dit verweer en toe ek in 2013 navorsingsgenoot by die Rhodes Universiteit in Grahamstad was, het ek 'n marmer tablet laat maak en op die graffie gaan vasmessel.

Die kindergraffies by sendingstasies oor Suidelike en Sentraal-Afrika heen is die groot offer wat diegene gebring het wat Afrika ingevaar het met die goeie nuus dat God ons liefhet en dit aan ons bewys het met sy Seun Jesus Christus.

Ek het eers baie later agtergekom wat die gevolg was dat ek na Herman se dood so soort van 'n laatlammetjie geword het. Almal was lief vir my en ek het gewoon daaraan geraak dat mense van my hou, wat goed was vir my selfbeeld. My suster Eirene, broer Philippus en suster Helené was onderskeidelik ses, nege en twaalf jaar ouer as ek en ek was almal se kleinboet.

Teen ek my verstand gekry het, was ek, behalwe tydens vakansietye, 'n enigste kind in die huis. Helené en Eirene, vir wie ek lewenslank Nien genoem het, was op kosskool, in Oranje Meisieskool in Bloemfontein, onder die wakende oog van Ma se suster, Tant Linde, wat lewenslank Afrikaans daar doseer het en wat bevriend was met president Steyn se nasate op Onse Rust. Phillipus, na wie ek aanvanklik as Boeslip en later as Flip verwys het, was op kosskool op Indwe waar Pa se vriend, meneer Van der Merwe, die skoolhoof was.

Hoekom dit so is, weet net die Here, maar daar was van my kinderdae af daar op Isilimela nooit 'n tyd dat ek nie geweet het dat ek eendag 'n *mfundisi*, 'n leraar van 'n siXhosa-sprekende gemeente, moet wees nie. As iemand my vra wat my naam is, sê ek:



“Jacobus Christiaan Dominee Oosthuysen.” Ek is nie bewus daarvan dat enigiemand my voorgesê het om myself so te noem nie. Dit het my lewenslank bygebly en ek dink ek verstaan iets daarvan as Paulus aan die gemeente in Korinte skryf: “Ek verkondig die evangelie omdat ek moet. En wee my as ek dit nie doen nie.”

Somtyds is ek van Isilimela saam met Pa en Ma na Mthatha, inder tyd nog deur die Engelse Umtata geskryf. As ons moes oorbly, het ons by die vriendelike Nepgen familie tuis gegaan. As kleuter was ek 'n bietjie in die war met die dorpsnaam Umtata en ek het gedink meneer Nepgen is Oom Tata. Port St Johns onthou ek veral om twee redes. Op 'n paal in 'n parkie was daar 'n papegaai wat met ywer nartjieskywe, pitte en al, verorber het. En daar was 'n vlag by die kafee waarvoor jou oë eerste gesoek het as jy om die draai van die berg die dorpie binnery, want sien, as die vlag wapper, was daar roomys! Wat 'n vreugde!

By geleentheid moes Pa en Ma na 'n kongres of so iets gaan en het ek op Isilimela agterbly in die sorg van Martha Theron, wat die skooltjie aan die gang gekry en aan die gang gehou het. As kleuter het ek haar Antonnie genoem en later met dié naam aangehou. Sy het so half en half my tweede ma geword. Een keer toe Ma en Pa weg was, het ek geval en my arm gebreek. Antonnie moes met my Mthatha toe ry om die arm in gips geplaas te kry. Ek het ook daarop aangedring dat dit sy moet wees wat my hare sny. So iets soos 'n elektriese haarknipper het nie toe bestaan nie en Pa was maar rof met die handknipper. Hy kon sommer maklik met die stuk metaal in sy hand jou kop eenkant toe druk.

Wat 'n wonderlike plek was Isilimela nie om groot te word nie! Met die see in sig al met die vallei van die Sinangwana-rivier langs en 'n bos aan elke kant, met boomdassies wat jou saans aan die slaap skree. Pas net op vir die spinnekoppe en slange. Boomslange was oral en een het een wintersdag oor Flip se bene geseil toe hy aan die sonkant van die huis sit en lees het. Een aand het 'n nagadder sy tande in Pa se jas ingeslaan en dit sopnat van die gif gespuit.

Maar wie dink nou aan slange as jy kan saamgaan met die wa en osse om sementblokke vir die hospitaal se aanbou te gaan haal waar hulle langs die see gemaak word?

Vir lig saans was ons van kerse en 'n Miller-lampolielamp afhanklik en ek het vroeg reeds geleer om nie met vuur te speel nie. Al water wat ons het, is reënwater wat in 'n tenk opgegaan word van die sinkdak af. Dit bevat geen kalk nie en Ma laat my gereeld kalkpille eet om te sorg dat my tande mooi ontwikkel. Die tenkwater moes met respek hanteer word. Dit word van buite die huis ingedra en spaarsamig gebruik. Dit kan opraak.

Maar dit het dikwels gereën – somtyds vir dae aaneen met 'n vol rivier en 'n onbegaanbare grondpad. Viertrekvoertuie was inder tyd nog 'n toekomsdroom en in dringende gevalle moes Pa kettings om die agterwiele draai om gly-gly oor die pad te kan kom. 'n Brug oor die Sinangwana-rivier was daar ook nie soos nou nie. By geleentheid moes Pa 'n aartappel in die motor se uitlaatpyp druk, die deure oopspan sodat die water kon deurloop sonder om die motor weg te spoel, en met osse die motor deur die drif sleep.

Een jaar was daar 'n droogte en Pa moes water by die rivier gaan haal met 'n vaatjie op 'n slee, getrek deur osse. Daar was in elk geval nooit genoeg water om 'n bad vol te tap nie en Ma moes my saans aankeer om in 'n skottel met 'n waslap en seep my van die dag se stof te reinig. Dit kon nogal 'n stryd afgee om die *ntsente*, of te wel aanpaksel van stof en beesmis, van my bene af te was. Die toilet was 'n 'long drop' 'n entjie van die huis af en eendag het ek my boeglam geskrik toe 'n boomslang vir my onderdeur die deur geloer het. Genadiglik het hy weer sy kop teruggetrek en my privaatheid gerespekteer.

Vleis en brood was slegs te koop as Pa af en toe die lang pad na Port St Johns of Mthatha moes aandurf. Mieliepap soggens en saans en *umngqusho*, of te wel stampmielies met boontjies, met middagete was ons stapelvoedsel. Klein tamatietjies, wat Pa aanvanklik geplant het, het so goed geaard dat hulle sommer wild gegroei het,

en die gaar tamaties wat Ma gekook het, was 'n smaaklike aanvulling vir die *mngqusho*. Ma het die mieliepap opgevrolik deur my die rym-pie te leer:

Allawiep, Allawap, hoe eet julle pap?  
Sonder suiker en melk en 'n bordvol vir elk.

Ons het darem suiker en melk gehad. Suiker kon ons so tien kilometer weg by mnr MacDonald se handelstasie by Mgazana koop en melk het Pa se koeie voorsien. Pa, wat 'n predikant met die hart van 'n boer was, was 'n ywerige tuinier en het papajas, pynappels, piesangs en lemoene gekweek in die vrugbare grond teen die hang tussen die huis en die bos. Dit was so skuins dat hy nie 'n staanleer kon gebruik nie en hy het my in die lug gehou om die hoë papajas te pluk, waarvan daar by tye so baie was dat elkeen sy eie kon eet. Die avokadopeerboom het so stadig gegroei dat ons sewe jaar moes wag vir die eerste vrugte. As ons eie piesangs te min was, kon ons die voorraad aanvul deur honderd piesangs teen die heersende prys van 'n halfkroon (twee sjielings en ses pennies, tans 25 sent) by die Sharply's te gaan koop. Hulle was Engels- en siXhosa-sprekende Bruinmense met vrugteboorde, anders as die maMpondo, wat hoofsaaklik slegs mielies, boontjies en pampoene gekweek het om saam met suurmelk en *imifino*, of te wel wilde spinasie, te eet. Vleis was selde op die maMpondo se spyskaart. Wanneer 'n bees of 'n bok vir versoening met die voorvaders geoffer is, kon daar fees gevier word. Bier is met mielies gebrou met die oog op partye, somtyds om vriende bymekaar te kry om gesellig 'n mielieland saam te skoffel. "Waar kom die bye bymekaar?" het hulle mekaar eufemisties gevra om vas te stel waar die volgende fees gehou sou word.

Vir my en my maats het die mieliepap, wat Ma en haar helpers in 'n swart pot op 'n houtstoof gekook het, 'n bonus ingehou. Nadat die pap uitgeskep is, is die pot aan ons seuns oorhandig en kon ons heerlik smul aan die ligte aanbrandsel onder in die pot terwyl ons



*Ek en my honde-maatjie, Vlekkie, op die Isilimela werf.*

die pot skoonmaak. Meisies moet dit lief nie eet nie want, so het ons hulle wys gemaak, dan sal dit reën op hul troudag! En hoe gaan die gaste lekker al dansende uitroep *hala-hala, ngumtshato* – juig-juig, dit is 'n troue – as dit reën en jy sukkel om die indruk te probeer skep dat jy treurig is, want dit is mos 'n belediging vir jou familie as dit lyk asof jy bly is om hulle vir 'n nuwe tuiste te verlaat.

Etenstye moes Ma ons borde versigtig op die eetkamertafel in die sit-eetkamer neersit, want die tafelloppervlakte was ongelyk met allerhande holtes. Ek het gedink dit moet maar so wees. Eers later

sou ek agter die kap van die byl kom. Ons meubels is van Pa se vorige gemeente in Bethulie in die Suid-Vrystaat per goederetrein na Mthatha en daarvandaan die sowat ses-en-negentig kilometer stamperige grondpad per wa en osse na Isilimela vervoer. Die tafel was wel met goingsak gekussing, maar dit was nie bestand teen die geskaaf van die ploeg wat die onnadenkende walaaiër bo-op die tafel gelaai het nie. Daar ver aan die Wildekus was al raad toe dat Ma maar die holties wat die ploeg uitgeskaaf het met meubelpolitoer smeer. Toe ons jare later na Decoligny naby Mthatha verhuis het, het Pa die tafelblad laat omkeer. Die tafel met sy onegalige onderblad word nou nog in ons seun Christoff se huis gebruik.

In die somer was daar groenmielies. Vir die res van die jaar het Pa droë mielies by ons maMpondo-bure gekoop. Hulle het in die valleie landerye met osse en ploë bewerk en mielies geplant. Teen die mielies droog was, het hulle dit per slee vervoer of in oop mandjies aangedra. Pa het die mielies in 'n tenk bewaar, anders as ons maMpondo-bure wat dit in gate in die grond gestoor het. Die mielies is met die hand gemaal met die oog op mieliepap en droë *umngqusho* – stampmielies – is gemaak deur mielies in 'n stampblok met 'n spaan te stamp. *Ngqush-ngqush* was die klank wat dit afgegee het. Vandaar die naam *umngqusho*, een van die vele klankryke woorde van die maMpondo se taal, bekend as isiXhosa. Die vroeë sendelinge het hierdie taal eerste by die maMpondo se taalgenote, die maXhosa, gehoor en dit het as isiXhosa bekend geword.

Pa het ook somtyds die semels gekoop wat uitgesif is nadat van ons bure bier van mielies gebrou het. Dit was goeie voedselryke voer vir sy perd, Patches. Maar die semels het nog 'n klompie 'skop' oorgehou van die bier en moes met matigheid voor oë gebruik word. Een aand het iemand die hek laat ooplê. Patches het op die werf gekom en sommer voor die voet al die sapperige semels gevreet. En daar het jy dit. Dié oggend is die perd smoordronk, waggel op sy pote en steier rond, tot almal se vermaak.

Ma het altyd 'n klompie hoenders op hok gehad vir eiers. Pa moes

die sifdraad van hul hok ook as dak bo-oor span want die wildekatte kon oor enige sifdraadheining klim om 'n hoender by te kom. Eendag het ek gesien hoe 'n wildekat uit die bos noord van die werf storm, in die verbyhardloop 'n hen vang wat los op die werf geloop en skrop het en blitsig in die bos suid van die werf verdwyn. Al wat oorgebly het, was drie of vier hoendervere wat in die lug hang.

Pa het 'n paar koeie aangehou vir melk en ook varke, sodat een by geleentheid geslag kon word vir vleis, wat aanvanklik gou geëet moes word, en later in 'n lampolie-verkoelde koelkas gehou is. Dit het nie die maMpondo se opmerkbare oë ontwyk nie. "Het julle gesien," het hulle agter Pa se rug gesê, "hy preek dat ons nie aan ons voorvaders moet offer nie, maar hyself hou offervleis in 'n wit kas aan." Sommige het ook gedink dat Pa nie juis die goeie nuus wat hy verkondig het dat God ons lief het persoonlik kon versoen met die slegte nuus dat 'n man net een vrou moet hê nie. "Ons het gedink dat 'n man van sy statuur, ten spyte van sy storie oor een man een vrou, nie net een vrou kon hê nie. Kyk, hy het nog 'n huis gebou en hou sommer twee vrouens daar aan," het hulle gesê met verwysing na die damestehuis en die twee sendingdames. Dat die sendingdames in 'n aparte huis gewoon het, was vir hulle geen aanduiding dat dit nie Pa se vrouens is nie. 'n Welvarende Mpondo-man bou immers vir elk van sy vrouens 'n eie huishouding. Dit was nogal handig vir die hoofman, wat in elke wyk 'n vrou en 'n huis kon aanhou.

Sommige sendelinge isoleer hul kinders van die plaaslike gemeenskap, maar Pa en Ma het my toegelaat om soos alle ander seuns in Pondoland groot te word. Die naam Koos was nie gemaklik op 'n Mpondo-tong nie en as Kwêsi het ek by die seuns van my ouderdomsgroep ingeval. Agterna gesien was Pa se gemaklike omgang met die maMpondo-gemeenskap seker die gevolg van die feit dat hy weens my Oupa se swak gesondheid op vroeë leeftyd die familieplaas met die ondersteuning van 'n Xhosa-voorman moes bestuur. Ek was in elk geval nie onder enige illusie dat my bleek

uiterlike my enigszins anders gemaak het as my maMpondo-maats nie. Per slot van rekening *iqaaq aliziva kunuka* – 'n muishond ruik nie sy eie stank nie.

Pa het 'n paar kamers gebou vir kinders wat ver gebly het en wou skoolgaan. Ma moes vir almal kos kook. Dié van my ouderdomsgroep was my maats. Dis nou Good-Mpondo, Rhorho, Nkuku en ander. Hoe vindingryk was hulle nie. Hulle het geweet watter plante en bessies in die veld geëet kan word en hoe om met 'n plat klip 'n wip te stel om 'n voël te vang wat gebraai en geëet kan word. Mededeelsaam soos die maMpondo is, moes elkeen 'n stukkie kry, al was dit ook hoe klein. “*Ndisifuba* – ek is bors,” sou een skree en: “*Ndimlenze* – ek is boud,” 'n ander, en so het elk sy deel gedeeps. En moenie vlieënde miere minag nie: vang hulle en pluk hul vlerke af en hulle is heel eetbaar – en 'n goeie aanvulling vir die mieliepap en stampmielies. Hoe lekker het ons nie kaal in die rivier geswem, klei-osse gemaak en geoefen om met kieries te veg nie. My toonnaels wys nou nog die letsels van kaalvoet sokker speel met 'n klein gifappeltjie as bal. As jong seuns moes ons die kalwers oppas en melktyd was dit ons taak om telkens een kalf uit die kalwerhok uit te laat sodat sy ma gemelk kon word. “*Nikela* – gee aan,” het die melker telkens uitgeroep as hy 'n volgende koei wou begin melk en ons 'n kalf moes uitlaat. En so het ons geleer dat as twee goed by mekaar hoort dan is hulle *umtya nethunga* – spantou en melkemmer.

Saam-saam het ons in die kerkgebou op die houtbankies gesit en met 'n griffel op 'n lei in die hand leer lees en skryf soos ons siXhosa-sprekende onderwyseres ons geleer het. *Sa, se, si, so, su* het ons uit Stewart se leesboekie laat waai – en uiteindelik gevorder tot by moeilike woorde soos *ingcongconi* (muskiet). By die huis het ons Afrikaans gepraat, maar oral anders is Mpondo-siXhosa gepraat, gesing en gedans en selfs van heuweltop tot heuweltop vir mekaar geskree. En so het isiXhosa soort van my tweede moedertaal geword.

Ons het ook lekker gesing. Op reënerige dae het Pa nie huis-besoek gaan doen nie, maar hy en meneer Mazomba het in die studeerkamer gesange en psalms vertaal om in die kerk gesing te word. As Pa Sondae in die kerk van agter Ma se blommestaander, wat as preekstoel gedien het, 'n gesang opgee, het ons so ywerig gesing dat kerkraadslid Zuzani, trots geklee in sy manel, groenerig gebak in die Pondolandse son, heen en weer gewieg het as hy die kollekte opneem. Ek onthou die ander liedjies waarmee ons aan ons onbesorgdheid uiting gegee het. Ek swaai sommer nou my kierie in die lug en neurie: *Ulele dwe uMalombo; watscha nendl' uMalombo* – Vas het Malombo geslaap; saam met sy hut het Malombo verbrand. Wie Malombo was en hoekom hy in sy hut verbrand het, weet nugter. Sou dit dalk vergelding kon wees nadat *igqirha*, 'n tradisionele dokter, uitgeruik het hy is *igqwirha*, 'n bose towenaar, wat snags op 'n bobbejaan rondry om mense leed aan te doen?

Een keer het help-my-krap onder ons seuns uitgebreek. Pa het ons almal kaal laat uittrek en ons van kop tot tone met die nodige medisinale olie gesalf. Een van die seuns se ouers was van die geloofsoortuiging dat God se gawe van die vermoë om te genees uitsluitlik gebed vereis en alle vorms van medikasie uitsluit. Hulle het streng instruksies gegee dat geen medisyne aan hul seun toegedien moes word nie. Toe die seun sy pa vertel dat hy wel met medisyne behandel is, kom hy baie ontevrede op Isilimela aan. Pa gaan haal toe die Bybel en lees voor wat Jakobus in hoofstuk vyf vers veertien sê: “As iemand van julle siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente roep sodat hulle vir hom kan bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olyfolie gesalf het.” Teen dié teks was die pa se ontevredenheid oor sy seun se salwing nie bestand nie.

In die begin moes Pa, medies onopgelei soos hy was, in noodgevalle help. Tande het hy getrek met 'n stel tange wat 'n tandarts geskenk het. Al 'verdowningsmiddel' waaraan hy kon dink, was dat die pasiënt sy duim in 'n bakkie water moes hou om die aandag af te trek! Hy moes selfs die wond toewerk van 'n man wat onder 'n



bees se horing deurgeloopt het. Maar toe bou hy 'n kliniekgeboutjie en bekom hy darem die dienste van 'n vriendelike verpleegster, Suster Annshaw, wat later met die bekende dominee Oom Willem Xaluva sou trou. En toe kom dr. Geldenhuys. Hy het my soms geroep om te kom tolk: "n Groot lepel driemaal per dag na ete." En ek is te skaam om vir die dokter te sê dat die meeste maMpondo slegs tweemaal per dag eet!

Af en toe was daar besoekers by ons op Isilimela. By twee gevalle het dit met drama gepaard gegaan. Ds Stofberg met sy gesin, onder andere my latere klasmaat op Stellenbosch, Kowie, was ons gaste. So is Pa, ds Stofberg, Kowie, sy ouer suster en ek op 'n dag saam in die Stofbergs se motor na die handelstasie by Mgazana. Pa en oom Stofberg is gou die winkel in. Ons kinders bly agter in die motor. Kowie en sy suster klim oor na voor. Ek bly sit agter. Ewe manhaftig sit die sewejarige Kowie agter die stuurwiel. Hy verbeel hom hy bestuur. Maar toe maak hy die handrem los en daar gaan ons die steil bult af! Kowie aan die stuur. Verbouereerd vat hy die draai te gou en ons snel al langs die pad bult af. Jy sien net doringboompies plat vou voor. Terug pad toe, maar daar is 'n wal. 'n Dikkerige doringboom stuit die motor en daar rol ons. Val regs, dan dak toe. Die sitplekkussing kom ook saam. Dan links en uiteindelik weer terug op die sitplek. Die motor staan weer op sy wiele, dwars teen die afdraand. Ons kry 'n deur oop. Vaal geskrik strompel ons ongedeerd uit. En dan 'n onvergeetlike gesig. Met baadjies wat agter hul wapper soos Superman se mantel kom Pa en oom Stofberg die bult af gehardloop. 'n Falanks opgewonde maMpondo agterna.

Vir ander vriende, ek onthou nie meer wie nie, neem Pa na Port St Johns. Indertyd was daar nog nie 'n brug oor die Umzimvuburivier nie, slegs 'n pont. Pa wil dit graag aan ons gaste wys en ons parkeer langs die pad naby die pont. 'n Kleinerige motor, met slegs die bestuurder in, kom aan en trek op die pont op. Dan kom die *mbombela*, die groot passasiersbus aan. Die mans, wat die pont oor die rivier trek deur aan die kabel vas te hou en te loop sodat

hulle die pont stoot, wil graag beide voertuie op die pont laai. Maar die pont is net-net te kort. Plan. Laat sak die afritplank voor sommer nou al en laat die motor effens vorentoe ry. Maar nou is daar geen versperring voor nie. Hoe dit gekom het, weet ek nie. Het die man per ongeluk die verkeerde pedaal getrap of het sy rem gefaal? Hoe ookal, hy trek weg en plons sierlik motor en al die rivier in. Verbysterde stilte. Net 'n paar borrels op die water is al wat beweeg. En dan skielik kom die man se kop 'n tree of tien stroom af te voorskyn. Aksie. Die pontbemanning spring in 'n bootjie wat aan die pont vas is, roei na die man toe en bring hom pont toe. So oor die water hoor ons hom duidelik: "I haven't had a swim in years."

In 1938 word die Groot Trek herdenk, honderd jaar nadat van die Afrikaans-sprekendes in veral Oos-Kaapland die binneland ingetrek het toe hulle hul vir die Britse regering vererg het wat die Kaap van Holland afgevat het. Ons, dis nou Pa, Ma en ek, gaan kuier vir Ouma Schoon en Tante op Ladysmith in hul huis Keerweder. Pa se Dodge motorkar is nog betroubaar, maar die sleutel het in die slot afgebreek sodat enigiemand die motor aan die gang kan kry. Pa is bang 'n dief kan dit agterkom en sluit die motor deur sy buffer met 'n osketting aan die lamppaal voor Keerweder vas te maak. Pa laat groei sy baard en Ma dra 'n kappie, alles ter herdenking aan die Voortrekkers. Iemand het miniatuur replikas van die kakebeenwaens gemaak waarin die Voortrekkers getrek het. Ek en my niggie Jeanette, Ma se ousus se jongste, word in Voortrekkerdrag uitgedos en ons trek een van die waentjies as deel van 'n optog deur die strate van Ladysmith. Ek kry agterna die waentjie present en speel nog vir jare daarmee op Isilimela todat dit uitmekaar val.

Iets om oor te kla was daar ook op Isilimela. Sondag moes ek op Ma se aandrang skoene kerk toe aantrek, al het my weglê Transkeitone ook hoe ernstig geprotesteer. Maar die ergste was as Ma my smiddags na skool ter hand neem om Afrikaans te leer lees en skryf terwyl my maats maar mag aanhou speel. En toe kom Engels ook nog by met al die onsinnige spelreëls. Die Engels leerder was

nie juis 'n sukses nie: toe my Engelse nefies kom kuier en ek wou voorstel dat ons met ons grawe in die sand spit, sê ek: "Let's spit in the sand with our graves."

So sewentig jaar na my kindertuindae is ek op besoek in Pondoland en ek stap op die strand naby Isilimela. 'n Man kom van voor aangestap en ons groet mekaar hoflik soos dit in Pondoland betaamlik is. Hy is skaars verby of hy steek vas, kyk om en sê: "Is jy nie *Kwesi* nie?"

"Ja," sê ek: "Maar wie is jy?"

"Benjamin," sê hy.

"Nee," sê ek. "Los nou die naam wat jy gekry het vir gebruik deur *abelungu* -- witmense. Wat is jou regte naam?"

"Herken jy my nie?" kom die antwoord. "*NdinguNkuku* – Ek is Nkuku – Hoender."

"*Tyhini, Nkuku! Kanti nguwe* -- My wêreld, Nkuku! Dis al die tyd jy," herken ek my vriend en klasmaat uit ons kindertuindae. "Maar hoe het jy my herken?"

"Ek het aan jou stem gehoor dis jy," is sy verbasende antwoord en ons gesels asof ons weer in standerd een op skool is.

## Decoligny

In 1942 trek ons na Decoligny, so agt kilometer wes van Mthatha langs die pad na Queenstown, waar Pa gevra is om 'n nuwe sendingstasie aan te lê. Decoligny lê op die walle van die Cicirha-rivier, 'n tak van die Mthatha-rivier. Die naam *cicirha* beteken 'oorbel-agtig' met verwysing na die sirkelagtige kronkels van die rivier.

Die Mthatha-rivier is die grens tussen Pondoland en Thembu-land. Vroeër dae was daar gereeld oorgrens struwelings tussen die maPondo en die baThembu, soveel so dat die drif deur die rivier die naam *Lutshaba*-drif – Vyandskapsdrif – gekry het. Om die vrede te bewaar, nooi die Pondo koning 'n paar Engelse om langs die drif te kom boer as buffer en die Thembu koning vra 'n paar Afrikaners om dieselfde aan sy kant te doen. Die Afrikaners bou 'n skooltjie en 'n kerk op die walle van die Cicirha-rivier kort bokant waar dit in die Mthatha inloop. Die koloniale regering kies die Engelse gedeelte om die administratiewe spilpunt van die gebied aan die oostekant van die Kei-rivier te word en so word Mthatha, indertyd Umtata geskryf, die hoofdorp van die Transkei. Die hoofstraat is breed genoeg vir 'n wa en osse om te kan omdraai. Die hooflanddros kry 'n woning wat 'n hele blok volstaan. 'n Indrukwekkende stadsaal word gebou en 'n imposante vergadersaal waar die Bunga, die raad van konings en hoofmanne, bymekaar kom om die regering van raad te bedien. By die hofsale is 'n 'parkeerterrein' waar liti-gerendes hulle perde kan vasmaak. Toe 'n Anglikaanse katedraal gebou is, maak die dorp aanspraak op stadstatus.

Die Afrikaner-gemeenskap bou nou 'n kerk in Mthatha. Die kerk-

gebou by Cikirha word afgebreek en die boumateriaal word verkoop vir gebruik met die oprigting van die bioskoopsaal in Mthatha. Die skoolgeboutjie en twee woonhuise verval in onbruik. Dit hinder dominee Coligny Murray van die NG gemeente in Mthatha en hy oortuig die Sinode om 'n sendingstasie daar te stig. Sy mooi Hugenote naam Coligny inspireer die Sendingkommissie om die nuwe stasie die naam Decoligny te gee. Nou is dit nie net die Afrikaans-sprekendes wat sukkel met Cikirha en dit soms Sisera uitspreek nie, maar die siXhosa-sprekendes sukkel met Decoligny wat hulle konsekwent Dêkolina uitspreek.

'n Lap grond, met 'n bewoonbare huisie daarop, wat langs Decoligny lê, word aangekoop. Dit is waar ons intrek terwyl die skool en woonhuise opgeknep word. Die huis langs die skoolgebou word vir toekomstige sendingdames uitgehou en ons trek eventueel by die klipgebou effe verder weg in. Daar is 'n 'long drop' buite en geen elektrisiteit of aangelegde water nie. Die plafon van sommige kamers is van goiingsak gemaak en die kombuis het 'n grondvloer. Badwater moet met 'n emmer uit die rivier aangedra word en op die houtstoof warm gemaak word voordat mens in 'n sinkbad wat jy in die kombuis indra, kan bad. Pa sê grappenderwys: "As jy minder bad, verhoog jy jou produktiwiteit. As jy dan wel bad, kry jy beter resultate." Na die sendingsekretaris besoek kom aflê het, word 'n klein geiser in die badkamer ingebou. Mens maak met dun houtjies vuur onder in hom om badwater warm te maak. Pa het intussen 'n ronde opgaardam gebou en pomp water uit die rivier daarheen. Nou is daar lopende water in die badkamer.

Ons kry 'n telefoon, gemonteer teen die muur in die gang. Dis 'n plaaslyn en ons moet antwoord as daar drie lang luie kom. As Pa ingedagte is, haas hy hom van buite die huis in na die foon, sy hoed nog op sy kop. Met een hand haal hy die gehoorstuk van die mik af. "Goeie dag," sê hy, haal met die ander hand sy hoed af, en sit dit weer terug op sy kop.

Pa rig 'n stellasië vir sy windlaaier op. Volgelaai is die ses volt

battery net sterk genoeg vir hom om op sy radio met sy kragvretende gloeilampe die krakerige uitsending van die nuus uit Grahamstad te kan opvang. “Ek moet hoor hoe gaan dit met die oorlog,” sê hy met verwysing na die wêreldoorlog wat woed. En dan eendag kom die goeie nuus: “Daar is weer vrede. Duitsland het oorgegee.” Onnosel belangstellend vra ek: “Wat gaan Pa nou met die radio doen?”

Pa bou woonplek vir seuns en open 'n laerskool met klasse van standerds vier tot ses in die skoolgebou. Dit is nou die huidige graad ses tot agt. Skooltoestande is nog daardie tyd redelik chaoties in die Transkei en meeste van die seuns is heelwat ouer as deesdae se kinders van graad ses tot graad agt. Een van die vakke is landbou en die seuns moet vir vier uur per dag skoolgaan en vir vier uur in die tuine werk wat Pa langs die rivier aanlê. Vir besproeiing pomp Pa water uit die rivier. Met die eerste groot reën dam die Cicirha teen die vol Mthatha op en die Cicirha oorstrom die pomp. Nou moet 'n hoë stellasië vir die pomp gebou word.

Die Sendingkommissie koop 'n aangrensende stuk grond met 'n gebou wat in onbruik geraak het as kaasfabriek daarop. Pa bedryf wat hy 'n mandjieskool noem in die gebou. Meisies wat standerd ses, tans graad agt, behaal het, kan hier leer om met rottang mandjies en rottangmeubels te maak. Koshuisgeriewe moet nou ook vir meisies voorsien word. Vir die sendingwerkster wat liever geestelike werk wou doen as vir die koshuisgangers voorrade te gaan aankoop, sê Pa: “Stuur gerus jou liggaam solank vooruit hemel toe, dan kan jou siel hier op aarde na hartelus geestelike werk doen.” Later sou die mandjieskool gesluit word om plek te maak vir die Efata Skool vir Blindes en Dowes.

Pa het nie net gesange vertaal en 'n gesangeboek laat druk nie. Hy vertaal en druk ook die Kort Begrip, 'n samevatting van die hooflyne van wat die Bybel ons leer. Om die gehalte van die vertaling die onderwerp waardig te maak, kry hy die beroemde skrywer Mqhayi om dit na te gaan. Later gee hy elke drie tot ses maande

'n blad *uMkhuthazi* – die Bemoediger – uit. Ek help vakansietye om dit in koeverte te sit om na die intekenaars gepos te word. Hy vertaal ook professor John Murray se Kinderbybel. Vanaf sy grootword dae op Tradersdrift ken hy siXhosa goed. Hy het ook 'n maand op Lovedale gaan bly om by die Skotse sendelinge siXhosa kerklike terminologie te leer ken. Om 'n onverklaarbare rede sukkel Pa wanneer hy aan die einde van 'n diens die seën uitspreek, met die woord *ubabalo* – genade. Dit laat dink sy toehoorders aan die woord *imbabala* – 'n bosbok – en hy kry die bynaam *uMbabala*.

Pa kom goed oor die weg met siXhosa-sprekendes en hulle vertrou hom. Toe 'n sinode vir die siXhosa-sprekende gemeentes gestig word, kies hulle hom as eerste moderator. Met sy een-en-vyftig persent benadering steur hy hom nie altyd aan elke letter van die kerkwet nie. “Broer voorsitter, u kan dit nie doen nie,” objekteer 'n jong sendeling. “Nee, broer,” antwoord Pa. “Jy bedoel seker ek behoort dit nie te doen nie. Hoe kan jy sê dat ek dit nie kan doen nie? Ek het dit dan nou net gedoen.”

Ek dink dit is die maXhosa wat Pa die deug van mededeelsaamheid geleer het. Die enigste tyd dat 'n sendingleraar 'n salarisverhoging kry, is wanneer die NG Kerk se Sinode die minimum perk vir die salaris van NG predikante opskuif. Maar Pa haal maklik sy beursie uit sy onderbaadjiesak om in nood te help. Hy gee wat hy kan, maar skram weg van leen. Teen die muur van sy studeerkamer hang 'n plakkaat wat lui: “It is better to give than to lend.” Onderaan, in sy eie lelike handskrif geskryf, het hy bygevoeg: “And the cost is the same in the end.”

Met ons verhuising na Decoligny kan ek in Mthatha in Afrikaans skoolgaan. My skoolmaats is almal wit en hoofsaaklik Engelsprekend. Die *Umtata High School* het egter Afrikaanse klasse van substanderd A tot standerd ses, twee standerds saam in een klas. Ek val by standerd twee in en moet aanpas om na die kwaai jufrou De Villiers te luister. Ongehoorsames word met 'n liniaal net onderkant hul kort broek bygekom. In my skooldae is lyfstraf nog



*My borselkop laerskooldae  
in Mthatha.*

nie 'n doodsonde nie, maar ek is 'n soet seun en loop min deur. As ons met 'n potlood skryf, mag ons nie foute uitvee nie. Ons is onbehandig en smeer net die blad vuil. En dan moet ons leer om met 'n pen en inkt te skryf. Dit is nie die hedendaagse balpuntepen nie, maar 'n pen met as punt 'n stukkie gesplete metaal wat in 'n porselein-inkpot gedoop moet word en die skrif dan met kladpapier versigtig drooggemaak moet word om nie te smeer nie. Die inkpot het 'n groterige kop en pas in 'n gat in die lessenaar. Onbehandig soos ek op daardie stadium is, lyk die bladsy dikwels asof 'n spinnekop, nat van die inkt, oor die blad geloop het. Ek maak vriende met Jannie Venter, wat ek baie jare later weer tot my verbasing in Malmesbury raakloop en ons vriendskap kan voortsit. In standerd vyf en ses is ons by meneer De Wit in die klas. Ek geniet sy klasse in aardrykskunde en natuurkunde. Ons houtwerkonderwyser se van onthou ek nie. Hy het nie van agstes gepraat nie maar van aks en agter sy rug noem ons hom Ou Aks. Hy laat maak my 'n tafeltjie wat ek nou nog het.

Aanvanklik bly ek gedurende die week by ons vriende die Neggens in die dorp. Naweke is ek op Decoligny. Later bly ek en John Davies, wie se ouers sendelinge op Buntingville is, by mevrou Thurlbeck, die biologie onderwyseres in die hoërskool. Dan bly



ek saam met die handelaars se seuns in die skoolkoshuis, *Viljoen House*, oorkant die straat van die skool. Nou moet ek van standerd sewe af in Engels skoolgaan, want daar is nog nie 'n Afrikaans-medium hoërskool in Mthatha nie. So vul ek my Afrikaans en isiXhosa met Engels aan tot die drietaligheid wat my nou nog goed te pas kom. In die eksamens skryf ek Afrikaans Hoër en Engels Laer, maar in die gesamentlike klas is ons Afrikaans-sprekendes 'n skrale minderheid en prakties loop ons almal Engels Hoër en Afrikaans Laer. Juffrou Richardson se klasse in sinsontleding in standerd agt het my lewenslank goed te pas gekom. "An adjective qualifies. An adverb modifies." Dit is net my spelling wat sy nie kan regkry nie, al het sy hoe probeer om my te help. Dit is slegs met die isiXhosa wat ek op Isilimela geleer het, wat ek kan regkom, maar dit word nie aan ons wit kinders doseer nie. Ons wetenskap-onderwyser se chemiese eksperimente werk selde. "You will just have to take it for granted," sê hy. Ons geskiedenis onderwyser is mnr Kerby. Hy is 'n meester skaakspeler met 'n fotografiese geheue, maar trek maklik 'n onpaar sokkies aan. Ons hang aan sy lippe as hy ons al die interessante dinge vertel wat gebeur het. In ons verbeelding trek ons saam met Hannibal se leër oor die Alpe en beleef in besonderhede die veldslae met die Romeine. Ek skat ek het seker vir geskiedenis ten minste 90% behaal in die standerd agt Junior Sertifikaat eksamen, wat indertyd nog 'n eksterne eksamen was wat ons in die skoolsaal geskryf het.

Op skool is ek nie juis 'n wafferse atleet nie, maar darem ook nie hopeloos nie. Ek oefen naweke gereeld op Decoligny deur van ons huis die kilometer of wat na die grootpad en terug te hardloop. Ek is al een wat behoorlik fiks is en wen die junior veldwedloop. Ons hardloop nog treë en nie meter nie, en ek vaar redelik in die agt-honderd-en-tagtig. Ek is derde van die onder sestiens op ons skoolsportdag. Die seun wat eerste gekom het, breek sy been en ek moet saam met die seun wat tweede gekom het op die inter-skole gaan hardloop in Cedarville. Met die wegtrek sien ek gou dat

die Matatiële-seun en my spanmaat gaan meeding om die eerste plek. Ek berus daarin dat hulle my agterlaat. 'n Derde plek sal nie so sleg wees nie. Maar hulle twee dreun mekaar op en hardloop te vinnig. Na seshonderd treë sak hulle uit en ek steek hulle verby. "Kom," skree ek vir my spanmaat. "Ek is moeg," sê hy kortasem en ek stryk aan wenpaal toe. Met die hoogspring gaan dit ook goed. Ek is eintlik nie maer genoeg of lank genoeg nie, maar die ander spring daardie tyd nog skêrspronge en ons liggaamsoefeninge-onderwyser het my die *western role* geleer. Mens mag nie vooroor oor die dwarslat duik nie, en die agteroor *Fosbury flop* is nog onbekend. Op my sy met die *western role* ewenaar ek werklikwaar die flou interskole rekord.

Ek probeer tennis speel, sonder veel sukses. As ons dubbels speel en my spanmaat slaan mis en "Sorry," sê, dan sê ek maar: "Don't sorry Sorry." Met my Engelse skoolmaats se pogings om my krieket te leer, gaan dit ook nie veel beter nie. Met rugby kom ek darem redelik reg tussen die voorspelers. Mthatha is ver van ander dorpe en ons onder vyftiens speel net teen Butterworth. Al wat ek onthou, is dat Butterworth se veld effens skuins is. Van die bokant af skrum mens baie makliker. Na die wedstryd eet ons middagete in Butterworth se skoolkoshuis. As nagereg kry ons pruimedante met hul pitte nog in. Hoekom ek dit onthou, weet nugter.

Naweke vang ek palings in die Cicirha-rivier. Hulle byt net in die maande wat 'n 'r' bevat, September tot April. Met gesukkel kry mens 'n paling se vel afgetrek. Ma maak die palings lekker gaar soos wat mens vis bak. Toe die wêreldoorlog begin, het die regering Pa se skyfskietgeweer opgekommandeer, maar hy het nog 'n punt twee-twee en ek skiet van die baie duiwe wat daar rondvlieg. Ma bak heerlike pasteie van hulle. Saterdagoggende is dit winter en somer vroeg-vroeg opstaan en die ryp trotseer om mark toe te gaan in Mthatha. Die groente wat die landboukursus oplewer, moet verkoop word. As jy aartappels benodig, is ek net die man om te spreek.

Pa is baie besig en neem net kort vakansies. Ons gaan kuier of by Ouma en Tante op Ladysmith of ons gaan na Sinangwana-strand, naby Isilimela. Op Sinangwana het ons twee hutte, 'n sink kombuis en 'n klein tweekamer huisie op 'n perseel wat die owerhede aan ons verhuur. Hoe heerlik is dit nie daar met die rivier en die see en die groot *Buzimu*-bos teen die hang van die berg oorkant die rivier nie. Gelukkig is daar nie meer mensvreterers in die bos, soos sy naam aandui nie. Ek maak vriende met Mtobose Kwam. Sy ouers is maMpondo met hul *umzi*, 'n paar hutte en 'n beeskraal, op die bult daar naby. Sy blinde oupa sit in die son teen die beeskraal. Mtobose is in sy skik toe Pa sy ouers ompraat dat hy saam met ons Decoligny toe gaan waar hy kan skoolgaan. Hy bly saam met my ander naweek speelmaat Titize, wie se ma sake in ons kombuis behartig, in 'n hut naby ons huis. Pa leer ons werk. Ons skoffel bossies uit en sorg vir die kalwers van Pa se melkkoeie. Maar Pa gee ons genoeg kans om te speel en koop vir ons 'n sokkerbal.

Om Pa se paar koeie te melk en om om te sien na die varke wat hy aanhou en die landjie mielies wat hy plant, neem hy 'n man in diens, by almal bekend as Ben. Ben wil nie elke aand na sy huis in die naburige Ncise loop nie en rig slaapplek in in 'n ongebruikte buitegeboutjie. Ek is beïndruk met hoe hy sake inrig. Hy plaas sy matras en slaapgoed so dat hy in die bed kan lê en sy pap kan omroer op die vuurtjie wat hy gerieflik naby maak. Eendag wil Pa 'n vark slag en hy vra Ben om die vark te vang. Maar Ben is onhandig en dit lyk asof die vark vir Ben jaag eerder as andersom. Pa vererg hom, spring oor die varkhok se muurtjie, vang die vark en gooi dit na Ben om te vang. Maar Ben is te stadig en die vark tref hom teen die bors. Ben val, vark en al, agteroor oor die muurtjie van die varkhok. Daar hardloop die vark skree-skree die veld in. Ben is diep in sy eer gekrenk. Brom-brom kry hy koers terug Ncise toe. Twee dae later kom hy terug. "*Mfundisi*, ek het besluit om jou te vergewe. Ek dink nie ek sal by iemand anders so lekker werk as by jou nie."

Tydens die wêreldoorlog is brandstof baie skaars en word dit

streng met koepons gerantsoeneer. Pa leer sy getroue perd Patches om 'n 'gig', 'n ligte tweewiel perdewaentjie, te trek om mee dorp toe te ry. Ek moet dikwels naweke met my fiets Decoligny toe ry en eendag loop ek deur onder 'n haelbui.

Pa help ook deelyds die NG Sendingkerk se wyke in Mthatha en die naburige dorpe Tsolo en Dutywa. 'n Vooraanstaande ouderling sterf in Dutywa en Pa moet die begrafnis gaan waarneem, maar hy het nie brandstof vir die rit daarheen nie. Wanneer hy die magistraat nader met 'n aansoek vir aanvullende petrol-koepons, is sy antwoord: "Jammer, dominee. Pretoria het my streng instruksies gegee om slegs in gevalle van lewe en dood ekstra koepons uit te deel." Pa hou egter vol: "Maar meneer, hierdie is tog 'n geval van dood." Moedeloos ken die magistraat 'n paar ekstra gellings petrol aan Pa toe.

Met die petrolskaarste is dit 'n hele onderneming vir ons om vir Ouma en Tante by Keerweder op Ladysmith te gaan kuier. Ons kan nie met ons Dodge motor, Geduld – omdat hy so baie kan dra – ry nie. Ons neem die groot stadige *mbombela* passasiersbus van Mthatha na Kokstad. Dit neem 'n hele dag en eenmaal blaas die verseëlmateriaal iewers in die enjin en al raad is dat Ma die deksel van haar hoededoos moet prysgee sodat die vindingryke busbestuurder dit kan gebruik om die lekkasie in die enjin te verseël. Van Kokstad ry ons die hele nag na Pietermaritzburg met die trein. Oral waar die enjindrywer 'n melkkan langs die spoor sien staan, stop hy om dit op te laai, lyk dit vir my. Op Pietermaritzburg se stasie drink ons oggendkoffie in die stasiekafee en dan neem ons die Johannesburg-trein tot op Ladysmith. Ek dink ek is Ouma se sewentiende kleinkind, of so iets, en ek leer haar nie juis ken nie. Maar sy kook lekker kos. Ek maak vriende met Rudolph Botha, die plaaslike dominee se seun. So teen twaalfuur smiddags doen ons onopsigtelik inspeksie in Ouma en Roedolph se ma se kombuise. Teen middagete se tyd sorg ons dat ons by die huis is waar die nagereg vir ons die lekkerste gelyk het.

Ek dink dit was vroeg in 1947 dat koning George van Groot Brittanje en sy gesin Suid-Afrika besoek. Hulle reis in 'n wit trein deur die land en Mthatha is ook ingesluit in die reisplan. Afsonderlike verbyritte in 'n oopdakmotor by die wit en die swart skoolkinders word gereël sodat ons die koning kan sien. Agterna kry ons broodjies met rosyntjies in om te eet. Ek kan nie mooi onthou nie, maar ek dink daar was ook gemmerbier. Mtobose vertel dat die swart kinders dieselfde gekry het. Ek vra of hy darem die koning mooi gesien het. "Ja," sê hy. "Sy uniform was pragtig." O wee! Hy het heelyd gekyk na die *aide-de-camp*, of hoe mens die koning se bystandsmans ookal noem. In Mtobose se ervaring het belangrike mense altyd voor in 'n motor gesit. Hoe moes hy nou weet die man daar op die agterbank is Sy Majesteit?

Die aand van die koning se besoek word 'n ete vir die koningsgesin en die vooraanstaande burgers van die Transkei in die stadsaal gereël. Pa en Ma is ook genooi. Pa trek sy formele swart predikantsdrag aan en sit sy keil op. Hy moet op sy beste lyk as hy hom in dié hoë geselskap bevind. Die koningsgesin sit op die verhoog en die genooide gaste in die saal. As veteraan van die eerste wêreldoorlog en vooraanstaande handelaar word mnr MacDonald van die handelstasie by Mgazana naby Isilimela ook genooi. Na die tyd vra die dominee wat Pa op Isilimela opgevolg het vir mnr MacDonald of hy die koning darem mooi gesien het. "Yes, I saw him," sê hy. "But you should have seen Reverend Oosthuysen!"

'n Ander gedenkwaardige besoek was dié van die rugbytoerspan van die All Blacks. Die skool reël 'n bus vir ons skoolkinders om hul wedstryd in Oos-Londen teen Grens te gaan kyk. Grens het 'n sterk span met Basil Kenyon as kaptein en die All Blacks moet uithaal om te wen. Die All Black heelagter, Bob Scot, is my held. Hy kan omdraai en 'n bal wat oor sy kop geskop is, inhardloop, dit oor sy skouer vang en blitsig omdraai om dit ver veld af uit te skop.

Na Ouma en Tante se dood besoek ons Keerweder vir oulaas. Ons ry Ladysmith toe met 'n *'fluid drive'* Dodge motor wat Pa gekoop

het. Ek is beïndruk met die ingeboude radio. Die vendusie van Keerweder en Ouma en Oupa se meubels verloop vlot. Ma groet 'n ou bekende wat sy raaksien. Die afslaer dink sy maak 'n hoër aanbod op die silwer beskuitbak wat hy opveil en hy ken die bod aan Ma toe. Ons eet nou nog ons beskuit uit die kosbare erfstuk.

Pa bekommer hom dat daar nie genoeg siXhosa-sprekende evangeliste opgelei word om met hul binnekring-kennis die Goeie Nuus wat Jesus ons oor God bekend kom maak het, aan hul volks-genote oor te dra nie. Kandidate moet na die Stofberg Teologiese Skool in die Vrystaat gaan vir opleiding in Sesotho. Dit skrik siXhosa-sprekende kandidate af. Hy bou huise vir studente om saam met hul vrouens te kan kom bly en begin met die opleiding van evangeliste in een van die skool se klaskamers. Dit blyk 'n wyse besluit te wees en die evangeliste-skool brei uit. Die sendingkommissie beroep dosente en Pa kan die opleiding aan hulle oorgee. Wanneer ernstige onmin in die Rietvlei gemeente ontstaan wat tussen Kokstad en Umzimkhulu geleë is, word Pa gevra om daarheen te verhuis en te kyk of hy die vrede kan herstel en ons trek na Rietvlei.

## Rietvlei

'n Groep Griekwas het onder die leiding van kaptein Adam Kok uit Griekwaland-Wes in Kimberley in die Noord-Kaap se omgewing getrek na wat as Griekwaland-Oos bekend geraak het. Kaptein Adam Kok stig die dorp Kokstad en sommige Griekwas vestig ook verder Oos in 'n gehuggie wat hulle Rietvlei noem. Die Griekwas is trots op hul 'nasielikheid' en het hul eie kerk, die Griekwa Independentente Kerk. Hulle praat 'n dinamiese weergawe van Afrikaans. Die ouderling wat oor die wederkoms van Jesus preek, vermaan die gemeente ernstig: "Julle Griekwas, julle sit, staan, lê, nog hier op Rietvlei dan af die Here tussen julle!"

Daar is heelwat siXhosa-sprekendes in die omgewing en een van die vroeë Griekwa intrekkers doen Christelike sendingwerk onder hulle. Daar is vrug op sy werk en met verloop van tyd het die Griekwa Independentente Kerk 'n aantal siXhosa-sprekende lidmate, onder andere die eerbiedwaardige hoofman Mateyu Mzolo en van sy mense. Die ywerige Griekwa Christen kom te sterwe en die siXhosa-sprekende lidmate begin ontuis voel in die Afrikaans-sprekende kerk. Hulle vra die NG Kerk om 'n leraar na hulle te stuur vir hul geestelike versorging. So word Rietvlei in 1931 die NG Kerk se eerste sendingstasie in die gebied oorkant die Keirivier toe ds MSF Grobler hom op Rietvlei vestig, kort voordat Pa Isilimela stig. 'n Pastorie, kerkgebou en skool word gebou en later 'n kliniek.

Wanneer Pa in 1948 op Rietvlei kom, slaag hy daarin om die vrede tussen die faksies in die gemeente te herstel en orde in die skool te vestig. Indertyd is die siXhosa-sprekende kinders se skole nog

onder die beheer van die verskillende kerke met subsidiering deur die regering. Die omheinings van die geboue is vervalle en vakansietye moet ek Pa help met die herstel van die grensdrade. Pa se perd Patches het die weg van alle vlees gegaan en Pa koop 'n Jeep om die stofpaaie rondom Rietvlei mee aan te durf. Dit is nie die spoggerige voertuig wat deesdae onder die naam Jeep te sien is nie. Dit is die soort wat in die wêreldoorlog gebruik is met 'n afslaanbare seilkap. Maar dit is 'n viertrek en sien kans vir die sleep van 'n sleepwa en selfs om 'n ploeg te trek sodat Pa in die klein mielielandjie onderkant ons huis mielies kan plant. My Foxterrier hondjie is nogal slim. As Pa met die Dodge se sleutels in sy hand motorhuis toe stap, bly hy stil lê. Maar as Pa die Jeep se sleutel in sy hand het, weet hy hy kan saamry. Hy hardloop vooruit, spring agter in die Jeep en gaan lê op die kolletjie waar die kinkel in die uitlaatpyp die metaal bakwerk van onder af verhit.

Ek hou al lank vir Pa dop en leer myself Jeep bestuur. Naderhand kan ek die ratte verander sonder om die koppelaar in te trap, soos ek in die bioskoop in Mthatha die soldate sien doen het – dis nou gesien voordat ek betyds by die bioskoop uitgeglim het sodat ek nie teen die einde moes opstaan om “God, save the king” te sing nie! Ondankbare vent wat ek was, nadat ek rosyntjiebrood en gemmerbier gekry het toe die ‘king’ die moeite gedoen het om by my te kom verbyry in Mthatha! Ewenwel, toe ek getoets moet word vir 'n bestuurderslisensie en ek gemaklik wegtrek en ratte verander (vir die vertoon mét die gebruik van die koppelaar), sê die toetsbeampte: “Jy bestuur mos al lankal. Ry om die blok en stop weer voor my kantoor. Dan kan jy jou lisensie kry.” Nou kan ek met vrymoedigheid vakansietye met die Jeep ambulansbestuurder wees vir die bekwame suster de Kock, of te wel suster Kokkie soos sy alom bekend is. Genadiglik kry ek al die pasiënte betyds by die kliniek sonder een baba wat vroeg genoeg gebore is om Nojipu gedoop te word.

Pa koop 'n twaalf volt petrol kragopwekker en installeer dit in



die lae kelder onder die agterstoep. Nou het ons elektriese ligte in die huis. Maar ons het ook alewig probleme met die kragopwekker. Om reg te loop, moet die brandstoftoevoer presies reg wees. Mens stel dit met 'n skroef agter aan die opwekker. In die beperkte ruimte onder die konkruit-dak van die kelder, moet jy met jou arm oor die opwekker reik en aan die skroef stel. As jy sukkel en jou arm moeg word, laat jy dit sak. Maar dan raak jou arm aan die vonkprop en jy kry 'n allemintige elektriese skok. Instinktief spring jy op en kadoef stamp jy jou kop teen die lae konkruit-dak. Eina!

Daar is twee winkels op Rietvlei. Die blanke bestuurders se huise is naby ons huis. Een van die bestuurders vind sy lewensomstandighede baie neerdrakkend en sommige naweke probeer hy sy ellende wegspoel met gefermenteerde druiwesap. Dan wil hy teen wil en dank na Australië uitwyk. Telkens roep sy vrou vir Pa om die vrede te kom probeer herstel. Eendag is Pa moeg en hy vervies hom. "Gaan dan tog Australië toe," sê hy vir die man. Die man spring in sy motor, trek met 'n vaart weg en val woeps in die sloot voor die huis! Daar sit hy magteloos met tollende wiele. Verder as dit kom hy ook nie Australië toe nie.

Met my ouers op Rietvlei bly ek agter in die koshuis op Mthatha om my standerd agt jaar te voltooi. Dan moet ek op Kokstad in die *Kokstad High School* standerds nege en tien aandurf. Weer is die medium Engels soos op Mthatha. Ek bly in die oorvol koshuis. Ons beddens staan in die slaapsaal so naby aan mekaar dat mens van die voetenend-kant op die bed moet klouter. In die winter is Kokstad ysig koud. As jy in die oggend wakker word en Mount Curry lê wit van die sneeu, dan trek jy nie jou slaapklere uit nie. Jy trek net jou dagklere bo-oor aan. Speeltyd skuil jy buite agter die skool se muur teen die bytende luggie.

By die skoolkoshuis is daar 'n krieketnet en 'n veld waar mens kan oefen om 'n rugbybal te skop. Die plaasboere in Griekwaland-Oos is kranige polo-spelers op hul perde. Maar ons het nie perde nie, so ons speel op dié veld polo met ons fietse. Peter Rodgers kan 'n fiets

in enige rigting ry, vorentoe, dwars en selfs agter toe. Mens moet nogal handig wees met die polostok om die bal te kan slaan sonder om die stok in die speke van een van jou fiets se wiele te kry. Ek leer spoedig dat jy nie fietspolo moet speel as jy nie die lastige kuns bemeester het om fietswiele se speke te kan herstel nie.

Die koshuis is langs Kokstad se gholfbaan. Eendag kom soek 'n gholfspeler sy bal wat hy met 'n skrams hou in die koshuisgronde geslaan het. Ons help soek, maar ons kry die bal nêrens. Die aand toe ek gaan slaap, kry ek die bal onder my kopkussing. Dit is swaar om te glo, maar die man het die bal deur die oop venster tot onder my kussing geslaan.

Ons skoolhoof is mnr Kopke. Sy voorsate is Duitse immigrante wat na die Krim-oorlog in die Oos-Kaap gevestig het. Hy probeer om ons karakters te bou. "If anything is worth doing, it is worth doing well," beklemtoon hy. By formele geleenthede en as ons dorp toe gaan, verwag hy van ons seuns om ons skooluniform af te rond met 'n strooi hoed, by ons paar Afrikaans-sprekendes bekend as 'n donkie-brekfis. Ek gaan kla by hom. Ek voel ongemaklik met so 'n hoofbedekking – ek is nie 'n Engelsman nie. Hy gee my die reg om 'n veldhoed te dra, mits ek die hoedband met 'n lint in die kleure van die skool vervang. Ek dra die hoed nog lank na my skooldae oor is.

Gelukkig het 'n krieketspan elf spelers en nie tien nie en ek haal ons skool se eerste span. Ek kan nie juis boul nie en my kolfwerk is ook nie eintlik produktief nie, maar ek is darem 'n skaflike veldwerker. Vir die lopies wat ek nie slaan nie vergoed ek met die lopies wat ek keer dat die opposisie kry. Dis nou behalwe vir die wedstryd teen ons aartsvyande Ixopo. Hulle moet nog twee lopies kry om die wedstryd te wen, maar nege van hul paaltjies is reeds plat. Ek moet net die bal vang wat deur die lug na my toe aangeseil kom, dan wen ons. O wee! Tot my ewige skande laat val ek die bal en hul hardloop die twee wenlopies. Ek voel nou nog skaam. Ons afrigter is die jong meneer Phil Bellew. Jare later is hy my vrou Lucia

se kollega by 'n onderwyskollege. By ons eerste herontmoeting rus dit swaar op my gemoed, maar ek moet hom vra. Onthou hy nog hoe ek die bal laat val het? “Nee,” sê hy, *gentleman* wat hy is. Ek vermoed dit is 'n hoflike wit leuntjie, maar ek is ewig dankbaar vir die absolusie.

Met die Rugby gaan dit beter. Meneer Kopke rig ons af en hy ken sy storie. As ek dit nie mis het nie, het hy op sy dag vir Grens gespeel. Hy skop sommer in sy gewone skoene van die middellyn af die bal deur die pale om ons te wys hoe. Ek is die beste skopper in ons span en eenmaal skop ek in opeenvolgende wedstryde nege skoppe na mekaar deur die pale, tot ek nommer tien skuins haak. Ons is maar 'n klein skooltjie en in Durban speel ons teen die derde span van 'n groot skool. Ons kry swaar in die warm bedompige lug. Wanneer hulle by ons kom speel, wag ons ons kans af in die laaste tien minute. Dan raak ons opponente kort asem in Kokstad se dun lug hoog bo seespieël. Maar die snaaksste is om te hoor hoe hulle gil as hulle na die wedstryd stort in Kokstad se yskoue water. Die belangrikste wedstryd is die een teen Ixopo. In my skoleindjaar speel ek die dag met die wedstryd teen hulle agsteman. Ek breek vinnig weg aan die steelkant van 'n skrum en ons skrumskakel gee my die bal. Ek trek hul vleuel en stuur ons vleuel weg en daar nael hy pale toe vir die wendrie. Soete wraak vir wat op die krieketveld gebeur het.

In my laaste jaar op skool is ek hoofseun. Om ons militêr paraat te probeer kry word ons as kadette afgerig. Ek kry die rang van tweede luitenant en my lyfband kry 'n dwarsband oor my skouer. Ek is in bevel van die inspeksie-parade wanneer grootkoppe van iewers af kom kyk hoe ons vorder. Ek onthou nou nog meeste van die bevel wat ek uitskree om 'n peleton flink om die paradegrond te laat marsjeer met die nodige saluering van die grootkoppe. “Company will move to the left in threes! Leeeeeeft turn! Quiiiiick march!” en so voort.

In die klas sukkel ek maar met die Latyn, maar met die ander

vakke gaan dit klopdisselboom. Ek behaal die Senior Sertifikaat en voltooi my skoolloopbaan daar op Kokstad. Nou moet ek vroeg in 1952 vertrek Stellenbosch toe om die paar oorblywende goedjies te gaan leer wat nog agterweë gebly het in my vormingsjare in die Transkei vir 'n *mfundisi* om te weet, want heelyd, terwyl ek al hierdie belangrike dinge gedoen het, het ek geweet dat daar vir my geen ander uitweg is as om in Pa se breë predikant-voetspore te volg nie.

## Stellenbosch

Pa wil my selfstandigheid leer. Ek moet self aansoek doen by die Universiteit op Stellenbosch. Pa kyk darem oor my skouer dat alles reg verloop. Ek kry plek in Huis Marais en goedkeuring om vir 'n BA-graad in te skryf. Pa moet 'n vergadering in Queenstown bywoon en ek kan saamry en die trein daarvandaan na Stellenbosch neem. Die treinwa staan reeds reg op die stasie. Dit word in die na-nag aangehaak aan die Kaapstad-trein vanaf Oos-Londen. Ek kan inklim en bed opmaak. Ek slaap al wanneer nog twee mans inklim. Die volgende oggend leer ons mekaar ken. Hulle is Dirk Odendaal en Bertie Groenewald, teologie-studente in hul finale jaar wat vir praktiese ondervinding 'n maand op sendingstasies in die Transkei kom werk het. Bertie wil in Malawi sending-predikant word en Dirk in die Transkei. Hulle gee my raad oor my vakkeuses op Stellenbosch en Dirk werf my as tolk om hom Sondae te kom bystaan met sy sendingwerk in Windermere, 'n indertydse informele woonbuurt in die Kaap. Wanneer die trein op die stasie by Wellington stop, sê hulle ek kan bly wees ek ry saam met hulle en nie ander senior studente nie. Dié sou my aangeraai het om bo-oor te klim oor die kennisgewingbord wat lui 'Klim hier oor na Stellenbosch.'

Op Stellenbosch word eerstejaars by hul aankoms in die koshuis sotte genoem en kwaai gedoop. "Wie's jy, sot?" "Ek is die sot Koos Oosthuysen wat van Kokstad af kruip om BA te kom loop." Na die eerste twee weke gaan dit darem beter, behalwe vir sporadiese nagtelike opflikkerings as die eerstejaars geag word bietjie te groot vir hul skoene te word.

Nou is ek nie meer 'n skoolkind nie en moet op my eie byhou by die tempo waarteen die dosente met die werk vorder. Dit is 1952, driehonderd jaar nadat Jan van Riebeeck in 1652 in die Kaap voet aan wal gesit het en daar word in die stad fees gevier. As ons kans kry, gaan ons met die trein Kaap toe om te gaan kyk na van die verrigtinge wat in die pasgeboude stadion in die nuut drooggelegde strandgebied aan die orde kom. By die atletiekbyeenkoms is ons beïndruk met die vertoning van die Nederlandse kampioen naelloopster Fannie Blankers-Koen. Met dit alles raak ek agter met my studeerwerk en wanneer die toetse begin, trek ek noustrop. Gelukkig ontferm Pieter Conradie hom oor my. Hy is besig met sy derde jaar BA-studie ter voorbereiding vir toelating tot die Kweekskool. Met sy ervaring gee hy my goeie raad. In my ywer loop ek ses in plaas van net vyf eerstejaarsvakke. In prof Willem Kempen se klasse oor die grammatika van Afrikaans leer ek om nie alles vir soetkoek op te eet wat so gemaklik oor die struktuur van taal gesê word nie. Die klasse in Grieks en Hebreeus gee my opdraande. Uiteindelik moet ek aan die begin van 1953 hereksamen in Hebreeus aflê om my eerste jaar se studie behoorlik agter die rug te kry.

Intussen het Pa predikant van die Drakenstein siXhosa-sprekende gemeente geword met vertakkings in Stellenbosch, Franschoek, Paarl en Malmesbury. Aanvanklik bly Pa en Ma in 'n indrukwekkende kerkhuis, Lombardsrus, in Wellington. Maar Pa nader aftrede en as eventuele aftreehuis koop hy Skuilhoek, af van Victoriastreet in Stellenbosch, en trek in die begin van 1953 reeds in. So kom dit dat, nadat ek tydens my skooldae in koshuise gebly het, ek van my tweede jaar op universiteit af by die huis bly. Ek het 'n buitekamer met 'n koue stort. Maar die water is nooit so koud soos Kokstad se stort by die rugbyveld nie en ek woon lekker. Ek maak ook lewenslange vriende met klasmaats soos onder andere Louis Heyns, wat later professor in Amptelike Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika word, en HW van der Merwe, later professor in Sosio-logie en Direkteur van die Abe Bailey Instituut.

Nou is ek 'n tweedejaar en beter aangepas by die werktempo wat op universiteit gehandhaaf moet word. Ek geniet veral prof AB van der Merwe se Sielkunde klasse en prof Freddy Kirsten en doktor Degenaar se klasse in Filosofie. Met Grieks I, Hebreeus I, Afrikaans-Nederlands I, Bantoetale I en Volkekunde II agter die blad, is my derdejaarsvakke Filosofie en Sielkunde. Veral doktor Degenaar, toe nog net 'n senior lektor en nie 'n professor nie, se Filosofie klasse leer my om 'n kritiese benadering te hê en nie alles wat oor die teologie en die politiek so gemaklik aanvaar word, hoek en sinker in te sluk nie. Ek loop Bantoetale II as ekstra vak by. Inder tyd doseer Stellenbosch nie isiXhosa nie, net isiZulu met 'n tikkie Sesotho. Ek pootjie elke nou en dan met die siZulu omdat siXhosa so naby daaraan is. Prof Barnie van Eden het nie juis waardering vir my kritiese benadering teenoor sommige van sy sienings wat hy met prof Doke van Wits deel oor die struktuur van die SiNtu-tale nie. Wat prof Kempen my oor 'n kritiese benadering oor beskouings aangaande grammatika geleer het, bly my by. Jare later, toe ek prof Kempen weer ontmoet, kan ek hom daarvoor bedank.

Na ek in my eerste jaar Sondae vir Dirk Odendaal met huisbesoekwerk in Windermere as tolk bygestaan het, bly ek aan as lid van die Teologiese Studente se Sendingvereniging, hoewel ek aanvanklik nog nie in die Kweekskool is nie. Die vereniging het 'n stasiewa waarmee 'n groep studente Sondae na Langa en Nyangary, dan ry ek aan na die dokke. Die siXhosa-sprekende stubadore woon in die ou breekwater tronk (wat deesdae in 'n hotel omskep is). Een van die bestuurders is my goedgesind. As hy aan diens is, gee hy my 'n beker *marhewu* en laat my toe om oor die interkomstelsel 'n stigtelike boodskap te lewer. Ander Sondae besoek ek die mans in hul kamers. Ek ontmoet een man wat nog nie van die kruisiging van Christus gehoor het nie. Hy dwing my tot introspeksie. Die verhaal onstel hom meer as vir my. Dié man is een van die enigste twee mense met wie ek 'n gesprek gevoer het, wat onkundig was oor die kruisiging. Die ander was 'n man wat ek jare later op die plaas Die Grendel in die Swartland ontmoet het.

In my derde jaar begin ek kort vakansies meedoen aan die week-lange staptoere van die Berg- en Toer- Klub of te wel die BTK. My eerste toer is vanaf Robertson na McGregor oor Boesmanskloof na Genadendal. In my armoede en onkunde is ek sleg toegerus. As dit nie reën nie, slaan ons nie tent op nie en slaap onder die blote hemel. Ek lê op die harde grond met 'n holtetjie gegrawe vir my heup en twee komberse om my gedraai. Ek leer gou om te let op waar die maan gaan opkom. Mens slaap nogal sleg as die maan in die nag opkom en in jou gesig skyn en jy 'n 'maan *tan* vang'. My skoene is ook nie reg nie en die toontjiesdokter moet help met die blase wat ek opdoen. Ek dien op die houtkomitee. Hier kom ek goed reg met die ervaring van houtkap vir Ma se stoof op Decoligny en Rietvlei.

My tweede BTK-toer is na die Cederberge. Ons ry per trein tot by Eendekuil anderkant Piketberg. My eerste ervaring van Wolfberg met sy geweldige skeur is onvergeetlik. Hier klim jy nie tot bo-op die berg nie; nee, jy klim binne die berg in. Die sonlig kom rooierig afgesyfer deur die skeur in die kolossale rotskruin van die berg. En dan vernou die skeur en 'n groot rots wat ingeval het versper die pad boontoe. Dit is bekend as die posbus. As jy klein genoeg is, lê jy op jou rug en kruip onder die rots deur. Ons groteres pas darem dwars in die skeur in en die wat onderdeur is moet ons aan ons uitgestrekte arms oor die rots ophys. Ek kan nie besluit of die Cederberge met hul rotsformasies of die Pondolandse kus die mooiste stuk Suid-Afrika is nie.

Nou is ek 'n getroue BTKaner wat nie 'n toer mis nie. By Lubbe se skoenwinkel laat maak ek vir my stapskoene met motorbandsole. Ek sit 'n motor se halfgepompte binneband in 'n suikersakkie vir versagtende omstandighede vir my heup snags. En les bes help Ma my om 'n tuisgemaakte slaapsak met katoenskapok te stik. Met lemoensakkies hou ek orde in my kleresak. Saans was ek in 'n waterstroom of waar ook al, trek skoon aan en hou my stapklere aan tot die volgende aand. Ek word sameroeper van die houtkomitee.



Teen die einde van 1954 is my derde jaar op universiteit agter die rug en ek kwalifiseer vir 'n BA-graad. Met die gradeplegtigheid is dit net die dosente wat akademiese drag dra. Ons studente trek darem ons kerkpakke aan om mee oor die krakerige vloer van die Stellenbossche stadsaal na die verhoog te stap om ons graad te ontvang. Nou kan ek die vierjaarlange opleiding as predikant by die Kweekskool aanpak. Maar eers moet ek 'n Bybelkennis-eksamen aflê en by die Toelatingskommissie toestemming kry. Die Kommissie is tevrede as ek verduidelik dat ek van kindsbeen af die oortuiging het dat ek predikant in 'n siXhosa-sprekende gemeente moet word. "En wee my as ek dit nie doen nie," soos Paulus aan die mense in Korinte skryf.

Ek skryf ook in vir die Honneurs-kursus in Filosofie aan die Universiteit. Die reëling wat 'n paar van ons Kweekskool-studente met die Filosofie-Departement het, is dat ons die eenjarige kursus oor twee jaar afhandel met eksamens in die begin van die derde jaar. Dan woon ons soggens agtuur die klasse in Filosofie by en tree om nege-uur aan by die Kweekskool vir die dag se lesse. Die reëling werk goed en prof Kirsten kan help om ons vaste grond onder ons voete te gee en doktor Degenaar om ons denkvermoë op te skerp. Ons paar, soos ek en Louis Heyns wat nagraads Filosofie loop en nie die heersende apartheids-ideologie voetstoots aanhang nie, word ook vriende met ons seniors soos Danie Malan, die briljante Hennie Rossouw, Pieter Conradie en Vincent Brümmer. Met die aanvullende gradeplegtigheid aan die begin van 1957 stap ek weer oor die krakerige vloer van die stadsaal om die graad BA-Honneurs in Filosofie te ontvang.

By die BTK leer ek baie meisies ken. Ons verwys na hulle as dames. Met verloop van tyd begin een vir my al te aantreklik lyk. Dit lyk asof ek vordering maak, veral as sy my na haar koshuis se jaarlikse formele dinee nooi. Maar dit blyk sy het 'n kêrel in Pretoria en sien nie kans vir 'n moontlike toekoms saam met iemand wat 'n predikant wil word nie. Ek voel maar terneergedruk. Maar op

die eerste BTK-toer van my tweede jaar op Kweekskool vang 'n lewenslustige eerste toeris my oog. Sy blyk nogal niemand anders te wees as dominee Cloete wat my gedoop het se dogter Lucia nie. Die res is geskiedenis.

Ek word as bykomende lid op die bestuur van die BTK verkies en mooiweer Saterdag lei ek groepies studente op daguitstappies. Ek is nou nog verbaas as ek daaraan dink dat ek fiks genoeg was om 'n groep deur kniediep sneeu na die top van Victoria-piek te kon lei. Dan word ek tesourier van die BTK en moet voor elke toer reël vir die kosaankope. Vir twee jaar dien ek as voorsitter van die BTK en moet op toer soggens eerste opstaan om koffie te maak en pap te kook. Ons het nie vlekvrystaal potte soos deesdae nie, maar gebruik lampolieblikke om in te kook. Peter Muller kom met die slim plan om die vuur met 'n skinkbord as blaasbalk aan te blaas. Met Muller-se-metode kan mens 'n kwartier langer slaap voordat jy betyds moet opstaan om die water aan die kook te kry.

Ek word as lid van die Studenteraad verkies en kry die taak van sekretaris. Ek leer vinnig vergaderingsprosedure en kan my weg deur mosies en amendemente vind. Ek is ook redakteur van die studente se jaarblad 'Die Student'. Daar is min geld en ek moet kostes laag hou. Gelukkig beskik ek op die redaksie oor bekwame medewerkers soos Abraham de Vries, met sy redaksionele vermoë, en die tegniese vaardigheid van Phil Robinson. Daar is nog nie so iets soos 'n rekenaar nie en ons moet met gom en skêr plak om die blad uiteen te sit.

Ek is een van Stellenbosch se afvaardiging na die Afrikaanse Studentebond, die ASB, se kongres in Potchefstroom. Louis Heyns en ek voer aan dat die ASB nie terselfdertyd beide Christelik en Nasionaal kan wees nie, maar niemand ondersteun ons nie. Christelik-nasionaal met 'n onwrikbare vertrouwe op 'n beleid van apartheid moet die wit Afrikaanse studente blykbaar wees. Reg op die einde steek Louis 'n stok in die speke. Die voorsitter sê dat ons die kongres sal afsluit deur Die Stem te sing. Louis spring op met 'n

amendement. Ons moet met gebed afsluit. Wat nou? Christelik of Nasionaal? Die voorsitter kies reg. Sonder om oor die amendement te laat stem, reël hy dat hy met gebed sal sluit.

Al sport waaraan ek op Stellenbosch deelneem, is rugby. In my eerste jaar druk ek slot in die onder negentien B-span. Met Saterdag se wedstryde teen omliggende spanne gaan dit voor die wind en ons wen gereeld. Die moeilike deel is die oefeninge in die week. Ons oefen teen die A-span wat vol uitblinkers is. Hoe moet jy nou 'n bal in 'n lynstaan wen teen iemand wat later 'n Springbok slot sou word? Van my tweede jaar af moet ek senior rugby speel. Na die eis van omstandighede speel ek voorryman of slot in die vyfde of sesde span. Die sesde span se kaptein is 'n student van Indwe met die van Pagel en sy span staan gou bekend as Pagel se Sirkus. Teen ek in die Kweekskool kom, het die studentetal so toegeneem dat 'n koshuisliga ingestel word. Die Kweekskool skryf ook 'n span in. Nou is ek al slim genoeg om te weet ek is nie sterk genoeg vir die voorry of lank genoeg om slot te speel nie. Ek sak op haker tussen die twee sterk Van der Watt broers en ons krap al wat 'n bal is by die skrums uit. Indertyd gooi die vleuels nog die bal by lynstane in. Ek staan voor in die lynstaan en geniet die rol van 'n ekstra losvoerspeler. Ons vaar goed, maar toe die mediese studente van die Universiteit van Kaapstad ons uitdaag, hardloop die aspirant dokters ons flenters daar op hul mooi veld voor hul geboue teen die hange van Tafelberg.

Vir die pret speel die verskillende klasse van die Kweekskool ook eenmaal per jaar teen mekaar rugby, nogal vir 'n beker wat iemand geskenk het. In my tweede jaar speel ons teen die sterk vierdejaarspan wat die drie jaar vantevore telkens die ander spanne uitgestof het. Hulle wil 'n spanfoto laat neem en besluit om dit sommer beker en al voor die wedstryd te laat neem terwyl hul klere nog mooi skoon is. Hulle sal ons mos maklik klop, dink hulle. Maar ons hoor van die foto. Dit spoor ons aan tot bo-menslike toewyding. Ons wen naelskraap en bring hoogmoed tot 'n val.

Die Kweekskoolklasse speel ook eenmaal per jaar 'n krieket wedstryd teen mekaar. Ek is al een in ons klas wat al ooit vantevore 'n krieketkolf in sy hand gehad het en ek is kaptein en, glo dit as jy wil, openingskolwer. Kobie Swart, wat die honderd-en-tien tree hekieswedloop by die Statebondspele gewen het, se natuurlike aanleg is gelukkig sodanig dat hy as nommer drie kolwer darem sorg vir iets vir die tellinghouers om neer te skryf.

By die Kweekskool vind ek prof Bennie Keet se klasse in Dogmatiek stimulerend. Hy praat sag, maar dit is die moeite werd om jou ore te spits en 'n opsomming te maak. Hy is ook nie meegevoer deur die apartheidsideologie nie. Prof Verhoef help my besef hoe min ek eintlik van die Ou Testament weet. My een jaar van Hebreuse studie op universiteit is ook nie van veel nut nie. Al raad met die drie hoofstukke wat ons in die eksamens moet kan vertaal en uitlê, is om van elke vers 'n prentjie te teken wat herinner aan beide die nommer en die inhoud. Met my 'piktoraal-assosiatiewe metode' haal ek die paal. Prof Gerdener help ons preek maak met die advies om te dink aan die metafisiese trilogie: oorsaak, aard en gevolg. Een van my klasmaats probeer dit toepas op 'n konsep preek oor die skepping. Sy drie punte is die aanvang, die voortgang en die ondergang van die skepping. Al kommentaar van prof Gerdener is: "Broertjie, wat het jy aangevang?"

Soos ons vorder, moet ons klaspreke lewer. Prof Gerdener tree af en 'n prominente dominee neem tydelik waar wat preekkunde betref. Al preek wat ek aan kan dink in die lig van die blinde entoesiasme wat vir die eensydige apartheidsideologie heers, is om te let op wat Abraham gedoen het toe Lot en sy veewagters rusie gekry het oor weivelde. Abraham het nie vir Lot eenkant toe gedruk in 'n beperkte gebied in nie. Hy het met hom oorleg gepleeg oor 'n reëling wat vir Lot aanvaarbaar is. Hy het selfs vir Lot die eerste keuse gegee. "Ons is mos broers," het hy gesê soos berig in Genesis 13 in die 1933 vertaling. Al kommentaar van die dominee is dat my preek nogal interessant is.

Van die ander professore wil seker maak dat die tokkelokke baie regsinnig gereformeerde bly. Die oorheersende gedagte is nie om in navolging van Christus daarna te strewe om iets van sy liefde en geregtigheid op aarde sigbaar te maak nie, maar wel om suiwer leerstellings aan te hang en te verkondig. Gevolglik dikteer hulle aantekeninge wat ons in die klas afskryf en teen dit eksamentyd word, gou leer om die vereiste korrekte antwoorde te kan verstrek. My en Louis Heyns se programme is druk met Filosofie-klasse en ons verpligtinge op die Studenteraad. Indertyd is fotostaatafdrukke nog 'n toekomsrens en daar is ook nie balpunt-penne om mee hard te druk as jy skryf nie. Ons koop 'n ink-vulpen met 'n spesiale punt wat drukbestand is en goeie deurslagpapier. Ons deel die aantekening-klasse in twee en elkeen kry sy vakke waar hy die notas met deurslagpapier moet dupliseer. Nou hoef elk van ons net helfte van hierdie vakke se diktaat in duplikaat neer te pen, maar teen eksamentyd het elkeen 'n volledige stel aantekeninge om gou te memoriseer.

Dan kry ek 'n beter plan. Vier jaar gelede het die professor mos dieselfde teks gedikteer. As ons dit in die hande kan kry, kan ons dit op wasvelle laat tik en eksemplare vir ons afrol. Indertyd is dit die manier waarop tekste vermeningvuldig word. Ek roep 'n vergadering van belangstellendes byeen. Die afrolwerk gaan iets kos en ons stig 'n maatskappy: Die Aantekeninge Firma vir die Rus en Ontspanning van Ledemate Beperk, in kort AFROL Bpk. 'n Aandeel in die Maatskappy kos een pond (twee rand) en as dividend kry aandeelhouers gratis eksemplare van enige aantekeninge wat geproduseer word. 'n Direksie moet aangewys word. Die uitvoerende voorsitter moet iemand wees wat dom genoeg is om die poste aanvaar. Hy moet die reperkussies trotseer as die plan moeilikheid optel. Ek word verkies. Ek stel as voorwaarde dat aantekeninge slegs voorsien sal word aan diegene wat skriftelik onderneem om in die klas slegs aan die betrokke vak aandag te gee. As sekretaris-tesourier word Pieter Conradie gekies. Hy sal onder andere aandeel-

sertifikate uitreik. Vincent Brümmer word gekies as direkteur vir tegniese aangeleenthede. Hy moet vier jaar gelede se aantekeninge opspoor en dit laat tik en afrol met die oog op 'n produksie wat AFROL Bpk waardig is. Hy koop vir Bethal Muller om op wasvel 'n voorblad te teken.

Weldra het ons een vak se aantekeninge ter hand, afgerol met op die voorblad 'n illustrasie van twee studente wat op uitkenbare kweekskoolbanke sit. Die een sit swetend gebuk aan die skryf aan aantekeninge. Die ander een sit uitgestrek agteroor. Dit is duidelik dat sy ledemate rus en ontspan. Wanneer die professor dikteer sit die aandeelhouers van Afrol Beperk en leer aan hul getikte aantekeninge. Dan is hulle sommer reg vir die eksamens. Van die ander studente sien dit en wil ook die getikte aantekeninge hê. Na 'n plegtige belofte om in die klas slegs aan die betrokke vak aandag te gee en die ondertekening van 'n dokument wat dit bevestig, verkoop ons aantekeninge aan hulle. Later skryf omtrent net helfte van die klas nog as die professor dikteer. Die professor merk dit. "Meneer," vra hy 'n student wat voor in die klas sit, "hoekom neem u nie die aantekeninge af nie?" Ek spring op. "Professor, kan ek asseblief na afloop van die klas aan u verduidelik." Vir morele steun kom Louis Heyns met my saam. Ek verduidelik dat ons pligsgetrou aan die betrokke vak aandag gee. Maar ons leer beter met netjiese getikte aantekeninge. Ek kry die indruk dat die onderhoud nog ongemakliker vir die professor as vir my is. Hy wys daarop dat hy kopiereg op sy aantekeninge het. Ek verseker hom dat ons dit respekteer. Ons verskaf die aantekeninge slegs aan diegene aan wie hy dit dikteer. Die professor kapituleer. Ons moet maar aan al die lede van die klas 'n stel aantekeninge verkoop. Dan hoef ons net een klas per week in sy vak by te woon, nie twee nie. Ons besluit om Afrol Beperk te ontbind. Met die aansienlike wins wat ons gemaak het met die verkoop van aantekeninge skryf ons vir die Kweekskool se biblioteek in op 'n gesaghebbende Nederlandse Teologiese tydskrif.

Met die derdejaar se eindeksamen kwalifiseer ek vir 'n Diploma in

die Teologie, destyds die Kweekskool se ekwivalent van 'n B-graad. Ek gaan op 'n gala BTK-toer langs die kus. Ons staan die Sondag naby Kleinmond oor. Teen die aand kom 'n polisieman aangery op soek na my. "Die dagbestuur van die Afrikaanse Studentebond soek dringend na jou," lig hy my in. "Die bestuurslid wat 'n studente toergroep na Europa moes lei, het ernstig siek geword en jy moet oorneem. Die boot vertrek Vrydagmiddag." Hals-oor-kop is ek terug Stellenbosch toe. Dan Kaapstad toe waar ek oral met my hoed in die hand mooipraat. Ek moet 'n paspoort en 'n visum kry, reisigers-tjeks aankoop en uitvind hoe die vurk in die hef steek met die toer. Daar is 'n reisagentskap wat die reëlings tref en 'n toergids met ons saamstuur. Die studente toeriste is net genoeg om 'n toerbus vol te maak. Welgestelde ouers se kinders vermoed ek, want die toer kos heelwat. Ek ry en bly gratis en het net sakgeld en 'n reiskoffer nodig. 'n Warm jas om die Europese winter mee te trotseer sal ek maar in Europa koop. Wonder bo wonder kry ek al my sake gereël en Vrydag meld ek aan by die Union Castle Redery se passasiersboot in die hawe in Kaapstad. Dan staan ek op die dek en kyk hoe Tafelberg al kleiner word in die verte.

Die vaart na Southampton in Engeland neem twee weke. Ek haal my agterstallige slaap in en verwonder my aan die vlieënde visse. Ons stop by Las Palmas en gaan kyk na die krater van die dormante vuurspuwende berg. Dan Londen maar die mis is so dig dat sommige besienswaardighede vir ons buite sig is. "As die mis nie so dig was nie sou julle nou die skrywer Dickens se huis gesien het," sê ons toergids. Ons vaar darem beter wat die sig betref by die Cambridge universiteit.

Dan vaar ons oor die kanaal na Nederland en reis oorbly-oorbly en kyk-kyk met 'n bus deur België en Frankryk na Italië. Wanneer ons besienswaardige kerkgeboue wil besoek, het ons 'n probleem. Dames met lang broeke teen die koue word nie toegelaat nie. Maar almal dra lang jasse teen die winterkoue en die oplossing is om vir kerkbesoeke die broek op te rol tot onder die jas! In Florence

het ek my hande vol met al die bedorwe brokkie toerlede. Anders as die BTKaners waaraan ek gewoon is, wat teenspoed manmoedig kan hanteer, kan my reisgenote hul onsteltenis swaar betuel toe ons briljante reisagentskap ons reisplan so inrig dat ons in Florence oorstaan juis op die weksdag dat die museums toe is. Droë bek staan ons voor die indrukwekkende deure van die museum waar die beroemde beeld van Dawid gehuisves word.

Die volgende dag is ons bus op pad na Rome, waar die Pous ons saam met duisende ander toeriste seën. Dan kry ons koers na Napels en neem 'n skeerboot na Capri, maar die see is so onstuimig dat ons nie die beroemde blou grot kan besoek nie. Ons draai om. Noord na Venesië waar die bus van ons afskeid neem. Dan neem ons die trein na Oostenryk oor die Brenner-pas na die Tirool om vir 'n week by die skilderagtige Steinach te probeer leer ski. "Weight on the valley ski," beklemtoon ons Duitse afrigter wat na die spiraalveer wat jou ski teen jou skoen vastrek, verwys as 'n 'feather'. Die hele wêreld is spierwit skoon van die sneeu, behalwe waar 'n koei 'n besoekerskaartjie gelos het. Tot die res van ons se geheime plesier, gly die hoogmoedige skoonheidsprinses-toeris op die ys en val die straat skoon. Ek begin dink ek kan ski, val behoorlik en breek my bril teen my skistok. Ek neem die trein na Innsbruck vir 'n noodbril, maar ek kan nie ver sien nie en ook nie Duits praat nie. Wonder bo wonder is ek die laatmiddag weer op die trein terug na Steinach met 'n bril op my neus.

Nou neem ons die trein na Wenen. Soos dit arm studente betaam, staan ons agter op die galery in die operahuis. Maar dis naby genoeg om jou te verwonder aan die skouspel. Dan met 'n oorvol trein na Calais in Frankryk vir 'n bootrit na Engeland. Na vyf weke is ons weer op Southampton, betyds vir 'n Union Castle Redery boot vir die twee week lange vaart terug na Suid-Afrika. In die Baai van Biskaje heers 'n woeste storm. Etenstye het die tafel 'n nat tafeldoek sodat die borde nie kan rond gly nie en die borde het binnekrul-rande om te keer dat die kos uitspat. Genadiglik word ek



nie seesiek nie, maar sommige van ons toerlede loop lelik deur. Ons gooi anker teen die kus van Madeira en verwonder ons aan die plaaslike jeugdige wat teen betaling vir die vertoning onder die boot deur swem. Dan die tydsame vaart terug na Kaapstad. Om vyf weke in Europa te kon toer, moes ons heen en terug altesaam vier weke op see deurbring.

Die vierde jaar van teologiese opleiding is 'n afrondingsjaar. Dit kan ook by 'n ander inrigting afgehandel word. Ek doen aansoek by die Wêreldraad van Kerke vir 'n beurs om vir 'n jaar by die Yale Universiteit in New Haven in Connecticut in die VSA vir 'n meestersgraad in die Teologie in te skryf. Na ek verneem is daar by Yale se Divinity School 'n goeie hoogleraar in die sendingwetenskap. Ek vermoed dat die VSA in my leeftyd 'n veel groter invloed in die wêreld sal hê as Europa. Dit kan nuttig wees om iets te weet van wat daar aangaan.

Indertyd kom Suid-Afrikaanse bleekgesigte ook nog in aanmerking vir beurse en 'n beurs word aan my toegeken. Oom Piet Smith, die Sendingsekreteraris, het seker so ver as wat moontlik is, gegaan met die vertroulike getuigskrif wat die Wêreldraad verlang het. Die universiteitsjaar in die VSA begin eers oor ses maande. Pieter Potgieter vra my om hom te help met die leer van siXhosa. Ek vind nie 'n bevredigende handboek nie en skryf my eerste uitgawe van *Leer Self Xhosa*. Juta en Kie is bereid om dit uit te gee. By die Kweekskool woon ek net die klasse van Professor Keet en die dinamiese nuut aangestelde professor Kolie Kotzé by. Ek gaan mos Amerika toe vir die vierde jaar.

## Yale

Om toegang tot die VSA te verkry, is nie kinderspeletjies nie – selfs as jy reeds 'n beurs het wat 'n instansie in die VSA toegeken het. Ek moet by die hoof van die Departement Engels op Stellenbosch 'n getuigskrif kry dat my kennis van Engels sodanig is dat ek met vrug deur die medium van Engels kan studeer. Ek moet by een van ses voorgeskrewe dokters 'n sertifikaat bekom dat ek blakend gesond is. Hy moet 'n X-straal plaat van my borskas laat neem en sertifiseer dat dit werklik myne is. Groot soos dit is, moet ek dit saamneem New York toe, want die Amerikaners wil self sien dat ek nie aan tuberkulose ly nie. Om 'n visum te bekom, moet ek deur 'n amptenaar by die VSA se ambassade onder kruisverhoor geneem word. Ek vermoed dit is om seker te maak dat ek nie 'n Kommunist is nie. Dit is verdag dat ek op Stellenbosch sekretaris was van die Kontak-studiegroep wat tot die ontsteltenis van die Nasionale Jeugbond meningsvormers soos Adam Small oor die kleurgrens heen genooi het om ons toe te spreek. Ek kry darem die visum met die vermaning dat ek telkens moet laat weet wat my adres is. Trouens ek moet dit elke drie maande doen al het ek nie van adres verander nie.

In 1958 is spuitvliegtuie nog besig om hul verskyning te maak. Reise moet per boot, of oor korter afstande, per skroef-aangedrewe vliegtuig, onderneem word. Ek vlieg van Kaapstad na Johannesburg, na Salisbury na Nairobi. Die nuwe hemp wat ek aan het, begin my nek skaaf. Ons mik vir Khartoum om weer brandstof te kry, maar daar heers 'n stofstorm en ons moet om twaalfuur die nag by

Wadi Halfa land. Die armsalige lughawe van Wadi Halfa is nie ingerig vir al die lugverkeer wat op hom toesak nie en dit is eers teen vyfuur die oggend dat ons brandstof tenks weer volgetap is. Dit is so warm dat die sweet ons aftap. Teen ons by die wagkamer by Wadi Halfa aankom, is die koue water lank reeds opgedrink en ons moet op louwarm water oorleef. As dit in die nanag so warm daar is, wil ek tog nooit in die dag in Wadi Halfa wees nie.

Uiteindelik vertrek ons oor die Middellandse see na Rome en dan oor die Alpe na Londen waar ek in 'n hotel oornag. Ek is skaars in my kamer of ek hoor 'n brandweersirene loei. Waar skrik ek nie toe ek by die venster uitkyk en sien die brandweermanne storm by ons hotel in! Ek gryp my paspoort en vliegkaartjie en haas my met die trappe na onder en by die voordeur uit saam met van die ander hotelgaste. Dan kom die brandweermanne terug uit die kelderverdieping. "Die vuur is geblus," stel hul almal gerus. Al wat oorbly, is die reuk van rook wat in die hotel se voorportaal hang.

Die volgende oggend is ek weer op die vliegtuig. Ons gaan land eers by Glasgow in Skotland. Daarvandaan kry ons koers oor die oseaan na Boston in Amerika vir die laaste skof na New York. Met 'n visum en 'n X-straal plaat van my gesonde borskas ter hand, word ek toegelaat tot 'the Land of the Free.' Die trommel met boeke en klere is nog op see op pad en sal eers heelwat later aankom.

Van die Amerikaanse Federale Regering het ek 'n aanvullende beurs ontvang om 'n oriëntasie-kursus vir buitelandse studente by te woon voordat die akademiese jaar begin. Ek kry slaapplek vir die nag in New York en 'n treinkaartjie na Lewisburg, Pennsylvanië, waar die kursus by die Bucknell Universiteit aangebied word. Ons is 55 studente uit 33 lande van oor die hele wêreld. Daar is twee monnike uit Kambodja met oranje gewade en 'n aristokraat uit Meksiko. Daar is hoflike Japannese en vriendelike Indonesiërs met wie ek Afrikaans kan praat want hulle ken Nederlands. Ek kom die beste oor die weg met die Indiërs en Oos-Afrikane want ons praat die gemaklikste Engels. My kamermaat is 'n Christen Indiër, John

Barnabas. Ons woon lekker saam ten spyte van die skeptisisme van die Moslem Pakistani en Bangladeshi oorkant die gang wat my stilletjies nooi om die derde bed in hul kamer te kom neem as ek die Indiër so onhebbelik vind as wat hulle dink Indiërs is – blykbaar het Suid-Afrikaners nie 'n monopolie op etniese vooroordele nie.

Die oriëntasie-kursus behels klasse in Engels en lesings oor die Amerikaanse samelewing. Ons besoek fabrieke en mooi natuurreservate en selfs 'n gevangenis of 'penitentiary' soos die Amerikaners dit noem. Na afloop van die kursus is daar nog 'n paar dae voor die universiteitsklasse begin en ek vat die bus suid om iets van die land te sien. Ek mik na Williamsburg in Virginia. Die geskiedkundige gedeelte van die stad is nog behoue soos dit in die tyd was toe Virginia nog 'n kolonie van Engeland was. Dan kuier ek vlugtig in Philadelphia by oom Bill Bester, my ma se neef. Hy het tandheelkunde in die VSA gaan bestudeer, met 'n Amerikaanse meisie getrou en in Philadelphia bly praktiseer. Hy neem my na sy klub en sit 'n stuk beeshaas voor wat ek nooit sal vergeet nie. In my studente armoede leef ek nou al 'n paar dae op 'doughnuts' en gegeurde melk. As Superman iets oorkom, kan oom Bill maar my held word!

Dan neem ek die trein na die Divinity School van die Yale Universiteit in New Haven, Connecticut. New Haven is 'n boomryke hawestad noord van New York op die pad na Boston. Die hoofkampus van Yale is langs die middeoord geleë met indrukwekkende geboue en 'n biblioteek wat iets soos ses verdiepings hoog staan en selfs op die NG Kerk se 'Kerkbode' inteken. Yale is in 1701 gestig, die derde oudste universiteit in die VSA, en is een van die spog *Ivy League* universiteite. Van die baie voornemende studente wat aansoek doen, word slegs die bestes gekeur. Die slaagsyfer is 'n B, min of meer die ekwivalent van 'n 7 op Stellenbosch oordeel ek, maar weens die streng toelatingsbeleid dop omtrent niemand ooit 'n eksamen nie. Gebeur dit wel, moet die student sy koffers pak en elders weer probeer. Hoogs briljante studente word as junior

lektore aangestel, maar as dit nie binne tien jaar blyk dat hulle gevorder het tot die posisie van uitsonderlike wêreldklas professore nie, moet hulle maar 'n pos by 'n mindere universiteit gaan soek. "Publish or perish," is hul leuse. As dit nie was dat die universiteit doelbewus 'n paar buitelandse studente toelaat nie, sou ek nooit die keuringsproses oorleef het nie.

Die Yale Divinity School is 'n ent van die hoofkampus af op 'n bult geleë. Die pragtige geboue maak 'n reghoek, oop aan Prospectstraat se kant met bo 'n kapel met 'n mooi toring. Studente woon twee-twee in 'n woonstel met 'n sitkamer en 'n kleinerige slaapkamer vir elk. My woonstelmaat is Jim Pratt en ons kom goed reg. Etes neem ons in die 'refectory'. Ek kan nie glo dat mens by 'n universiteitskoshuis sulke lekker kos kan kry nie.

Teleurstelling. Wanneer ek by die administrasiegebou instap, loop ek my vas in 'n kennisgewing dat slegs een module sendingwetenskap gedoseer sal word, en wel deur 'n waarnemende lektor. Die professor het 'n opdrag gekry om ondersoek in te stel na hoe 'n donasie van etlike miljoen dollar ten beste bestee kan word om Teologiese opleiding in jong kerke wêreldwyd te bestee. 'n Jaar se studieverlof is aan hom toegeken. Ek oorweeg dit om te probeer om na die Union Theological Seminary in New York oor te skakel, maar die Dekaan van die Divinity School vind dit ondenkbaar dat 'n student 'n ander universiteit bo Yale kan verkies. Hy wys my daarop dat daar baie interessante kursusse is wat op Yale aangebied word. "Kyk net rond," sê hy. "Jy kan dit selfs oorweeg om 'n nagraadse kursus by die hoofkampus te loop." Op die ou end is ek nogal in my skik met die vakke wat ek ter nouernood afgehandel kry om die STM-graad te behaal, 'n meestersgraad in die Teologie.

Aan die vereiste om teologiese geskrifte in ten minste twee tale te kan lees, voldoen ek, want ek kan beide Nederlands en Engels lees. Politieke teorie loop ek by die nagraadse afdeling van die

universiteit by die kampus onder in die stad. Tussen al die sienings deur die jare heen is dit die nugtere uitkyk van Edmund Burke waarmee ek my die meeste kan vereenselwig. Sendingwetenskap, Etiek en Dogmageskiedenis loop ek by die Divinity School. Etiek word doseer deur die wêreld-bekende professor Niebuhr en Dogmageskiedenis deur die onbekende maar uiters briljante professor Calhoun. Die Filosofie klasse wat ek by professor Kirsten en dr. Degenaar geloop het, help my deur die Etiek. Sonder professor Keet se Dogmatiek-lesings sou ek dit ook nie gemaak het by Dogmageskiedenis nie. Teen die einde van die kursus kan ek kies oor watter bekende teoloog in die geskiedenis ek 'n vier uur lange eksamen wil skryf. In my ywer kies ek Calvyn. Daar bestaan mos 'n kompendium wat die hoofsaak van sy teologie bevat. Ek sal dit bestudeer. Die Engelse weergawe van sy 'Institutes of the Christian Religion' wat ek ter hand het, is twee volumes lank met om en by 1200 bladsye in 'n klein lettertipe. Dit is hopeloos te lank om deur te werk. Maar die professor weet ook van die kompendium en vra niks wat daarin behandel word nie. Al raad is om te skryf wat professor Keet ons in die Kweekskool geleer het. Professor Keet was beslis 'n goeie Calvinis, want ek slaag die eksamen.

Boeke van belang vir die sendingwetenskap word nie in die groot universiteitsbiblioteek gehou nie maar in 'n vertakking by die Divinity School gehuisves. Die boeke staan twee verdiepings vol teen die mure van 'n indrukwekkende saal. In die saal is gerieflike leerbeklede leunstoele om in te sit en lees en tafels met aardbolle op. Dit verbaas my dat die Amerikaners dink 'n aspirant sendeling kan in sulke gemak voorberei word om huisbesoek in 'n rookge vulde hut in Afrika te doen. Maar die biblioteek is verstommend. Daar is te veel boeke om self op die rakke rond te soek. Die katalogus staan 'n vloer vol onder in die groot biblioteek en jy snuffel daarin en vra die boeke wat jy benodig daar aan. Jy kan die boeke hou tot iemand

anders hulle ook nodig het. Die beskikbaarheid van Suid-Afrikaanse boeke, selfs in Afrikaans, is verstommend. Ek kry nie minder nie as 59 boeke en tydskrifte bymekaar en skryf 'n flou tesis oor die NG Kerk en rasseverhoudings. As die NG Kerk wil volhou dat apartheid moreel regverdigbaar is as afsonderlike ontwikkeling, sal die politici oortuig moet word om reëlins te tref wat al die partye se goedkeuring wegdra, nie slegs die blankes se selfsugtige aspirasies nie. Op daardie stadium weet ek nog nie dat die hoofstroom van die NG Kerk dawerend die stilte gaan bewaar wanneer die Nasionale Party regering die aanbevelings van die Tomlinsonkommissie, onvoldoende soos hulle was, die nek om-draai nie.

My woonstelmaat, Jim Pratt, is 'n Baptis en ek word aanvaar om mee te doen aan die aktiwiteite van die Baptiste studente se vereniging ten spyte daarvan dat ek nie na hul oordeel reg gedoop is nie. Die vereniging se beskermheer is die wêreldbekende kerkhistorikus professor Kenneth Latourette. Hy wou die geskiedenis van die kerk in sewe volumes skryf, maar toe hy by die laaste volume kom, vind hy uit dat dié ook in sewe volumes geskryf sal moet word om die veld te dek. Hy vra my uit oor Suid-Afrika sonder die betersweterige simplistiese benadering van die meeste Amerikaners wat geen benul het van die kompleksiteite wat kulturele diversiteit bied nie.

Na die eindeksamens besluit ek om my graad in absentia te ontvang en eerder saam met 'n paar studente in een van hulle se motor van oos na wes oor Amerika na Kalifornië te ry. Die studente wil huis toe gaan en ek wil die land sien. Amerika is groot en ons ry sonder om te stop dag en nag. As ons deur Texas se 'pan handle' ry, koop ek 'n cowboyhoed. Sy rand is so groot dat hy gereeld afwaai. Ons besluit om 'n draai by die Grand Canyon te maak. Met sonop staan ons op 'n uitkykpunt. Dit is 'n onvergeetlike gesig. Die son skyn al dieper en dieper die Canyon in. Dit is massiewe donga op donga tot doer ver onder by die Colorado-rivier. Dan ry ons by die

indrukwekkende Hoover-dam verby deur Las Vegas na Los Angeles waar ek by HW en Marietjie van der Merwe kuier. HW werk daar aan sy doktorsgraad by die hoog aangeskrewe University of California Los Angeles, of te wel die UCLA. Saam met 'n groepie studente van UCLA besoek ek die Yosemite nasionale park en leer om die naam 'Josêmetie' uit te spreek. Die hart van die park met sy enorme sequoia-dennebome is 'n groot vallei wat in die oertyd deur gletsers uitgekwalwer is. Dit is hemelhoë gladgeskuurde rotskoepels en bruisende hoë watervalle gereflekteer in spieëlgladde mere. Onvergeetlik.

Terug in Los Angeles sien ek op 'n kennisgewingbord by UCLA dat 'n motorbestuurder na Detroit gesoek word. Ek moet terug na New York om huis toe te vlieg, maar ek wil eers by my woonstelmaat Jim Pratt gaan kuier en Detroit is sy tuisstad. Jim het my reeds by Yale aan die regterkant van die pad leer ry en gehelp om 'n plaaslike bestuurderslisensie te bekom. So sak ek agter die stuurwiel in van 'n Joodse oom en tannie en hul tienerseun se spoggerige Chrysler. Die oom se gesondheid gee probleme en hy wil nie self bestuur om by familie in Detroit te gaan kuier nie. Die motor se ratte is so outomaties dat jy net op knoppies druk vir vorentoe en agtertoe. Los Angeles se verkeer is 'n ander storie. Om vanuit 'n systraat by die verkeer aan te sluit, moet jy wag tot jy 'n gaping tussen twee motors aangery sien kom. Dan tel jy spoed op in die opritbaan en glip in die gaping die verkeer in. Teen ons die buite-wyke van die stad bereik, slaak ek 'n sug van verligting. Maar, o wee, "Ons moet omdraai," sê die oom. "Ek het my skeergoed by die huis vergeet." Ek stel voor dat ons vorentoe ander skeergoed vir die oom koop. Maar, nee, sy vel is sensitief en hy moet sy eie skeergoed hê. So, omdraai moet ek omdraai!

Teen ek die derde keer deur Los Angeles se druk verkeer vleg, is ek en die Chrysler al maats. Ons ry lekker aan die regterkant van die pad. Die tannie vertel my dat die oom 'n ontwerper van dames handsakke van beroep is. Hul dogter het in Los Angeles



agter gebly want sy gaan uit met 'n miljoenêr se seun en hulle wil nie dat sy saam Detroit toe gaan en dalk die kans verbeur dat hy haar vra om te trou nie. Vanaand by die motel naby Salt Lake City sal sy bel en vra of hy al die groot vraag gevra het. Maar, nee, die volgende oggend wanneer ons weer die pad vat, deel sy my mee dat alles nog stil is op die huweliksaansoeke-front. Wat wel gebeur, is dat die seun begin kla van 'n pyn in sy buik. Die pyn raak al erger en by die stowwerige Rock Springs in Wyoming soek ons 'n dokter. "Nood-operasie voor sy blindederms bars," sê die dokter en ons sit en wag in die voorportaal van die hospitaal. "What if he dies," weeklaag die tannie. "Take it easy," is al wat die oom sê. Hoe trots jy nou 'n Joodse tannie wat ultra-beskermend oor haar kinders is? "Wat se nonsens praat hierdie buitelandse student dat 'n blindederms-operasie nie lewensgevaarlik is nie," dink sy kennelik. "What if he dies," kreun sy, steeds diep bekommerd. "Take it easy," sê die oom.

Uiteindelik kom die dokter weer te voorskyn. "Die operasie het goed afgeleef, maar julle sal hom kans moet gee om te herstel. Hy moet minstens vier dae in die hospitaal lê voor julle verder kan ry," sê hy. Ek bestudeer die kaart. Ons is so bietjie meer as 400 kilometer suid van die Grand Tetons nasionale park en 'Old Faithful' wat gereeld met die krag van 'n vulkaniese uitbarsting kookwater hoog die hemel in blaas. "Sien julle oor vier dae," sê ek vir die oom en tannie en haas my na die bushalte waar ek 'n bus noord na die dorp Jackson haal, slaapsak en 'n paar stukkies klere in my rugsak. Ek slaap onder die blote hemel in Jackson se karavaanpark.

Die volgende oggend soek ek publieke vervoer verder noord. Ek sien 'n kleinerige bussie en stap hoopvol nader. "Nee," sê die busbestuurder. "Die bus is slegs vir gaste wat by die hotel by Old Faithful bespreek het. Daar is geen publieke vervoer na Old Faithful nie."

Ek probeer ryloop, maar die Amerikaners laai nie maklik mense op wat duimgooi nie. Die bussie kom aangery en stop. "Die gaste

het nie opgedaag nie. Klim in, dan laai ek jou naby die karavaanpark by Jenny Lake af," sê die barmhartige busbestuurder. "As ek jou daar aflaai, hoef die hotelbestuurder nie te weet dat ek wederregtelik 'n passasier opgelaai het nie."

Jenny Lake is pragtig met die hoë spitse van die Grand Tetons op sy spieëlgladde water gereflekteer. Geen wonder die bergspitse het die Fransman wat hulle hul naam gegee het aan die vroulike anatomie laat dink nie. Ek stap op 'n paadjie langs die meer en geniet die natuurskoon, maar skielik hoor ek 'n gekrap en daar voor, so twee meter bokant die grond, loer 'n beer na my om 'n boomstam. Ver genoeg gestap, besluit ek vinnig en draai terug na die karavaanpark. Ook maar goed, want 'n donderstorm steek op en dit reën sulke groot druppels. Ek skuil in die ablusiegebou tot die storm oor is. Gedagtig aan die beer voel ek die aand nogal lugtig wanneer ek my slaapsak om my nek toetrek waar ek in die maanskadu van 'n paar struik my lê kry.

Die volgende oggend probeer ek ryloop na Old Faithful. Almal ry verby. Moedeloos gee ek op en stap oor die pad om maar te probeer terug ryloop na Jackson vir die bus na Rock Springs. 'n Motor stop. "Ry saam, maar ons ry net tot by Jackson. Dan draai ons weer terug na die hotel by Old Faithful." Dankbaar ry ek saam met die vriendelike middeljarige oom en tannie. Op pad terug verby Jenny Lake en die Grand Tetons na Old Faithful stop ons om na 'n groot beer te kyk wat langs die pad loop. Die beer swenk reguit na die tannie se oop venster en ek skrik. Maar die tannie waai net met haar arm en skree, "Shoo, shoo!" En daar skoert die beer werklik waar die bos in.

Old Faithful is indrukwekkender as wat ek my dit voorgestel het. Jaar in jaar uit, winter en somer, spuit hy getrou met ongelyk tussenposes elke driekwartier tot twee uur vir so twee minute lank duisende der duisende liters kookwater tientalle meter hemelhoog die lug in. 'n Onvergeetlike gesig. Wanneer ek egter die aand onder 'n bos inkruip by die karavaanpark en my slaapsak om my

nek toetrek, is dit die groot beer wat ek nie kan vergeet nie. Maar genadiglik het hy van my vergeet.

Die volgende oggend staan ek weer 'n ent pad af en hoop op 'n ryloopgeleentheid na die bus op Jackson. Motor na motor ry verby. Dan kom 'n bus aangery. Kan jy nou meer! Dit is weer die barmhartige busbestuurder van eergister agter die stuur. Hy laai my op en platsak soos ek is, ry ek asof ek 'n hotelgas is Jackson toe. Ek haal die bus na Rock Springs en die volgende oggend is ek weer op my pos agter die Chrysler se stuurwiel op pad na Detroit met my passasiers.

Die Pratts het 'n gerieflike enkelverdiepinghuis in Detroit. In die VSA is dubbelverdiepinghuise die norm. Die grond swel as dit in die winter vries en sterk fundamente moet gebou word om nie te kraak nie. Dit maak dubbelverdiepinghuise met hul kleiner voetspoor goedkoper. Jim se pa is 'n metalurg wat staal aankoop vir General Motors. Jim se ma vervaardig op klein skaal chemiese bymiddels wat sweiswerk vergemaklik. Sy verkoop dit aan die plaaslike motorvervaardigers. Jim se pa het die formules eksperimenteel vasgestel en gepatenteer. Hulle kan dit bekostig om Jim op Yale te laat studeer en het hom ook vir die ondervinding vir 'n jaar by 'n voraanstaande Teologiese Skool in Skotland ingeskryf. Soos dit iemand wie se pa by General Motors werk betaam, ry Jim met 'n Buick.

Jim wil vir 'n somerkursus terug na Yale en ek moet die vliegtuig huis toe in New York haal. Ons vat die pad in Jim se Buick en sny kortpad om Meer Eire deur die suidelike punt van Kanada. As medeburger van die Britse Statebond het ek nie probleme by die grens nie. Ek los Jim af agter die stuur. Ons ry deur 'n dorp. Die straatlig is groen en ek hou my spoed. Skielik gaan 'n rooi lig ook aan. Hoe dan nou? Beide 'n groen en 'n rooi lig brand! Verbouereerd hou ek aan ry. Net voor ek by die stopstreep kom, gaan die groen lig dood en ek ry oor die rooi lig oor die kruising. Genadiglik is daar nie 'n motor voor nie. Al wat Jim sê is, "Now you speak only Afrikaans!" Maar gelukkig vir my is geen verkeerspolisie-

man in sig om my te hoor die Boeretaal praat nie. "Only stop if there's a cop," sê ek om my verleentheid te probeer verberg. Nou weet ek dat die Kanadese nie nog sukkel met oranje ligte nie. 'n Groen en 'n rooi lig wat gelyk skyn, gee dieselfde boodskap as 'n oranje lig.

Ons stop by die uitkykpunt op die Kanadese kant van die Niagara-waterval. Wat 'n indrukwekkende gesig. Tonne der tonne water stort oor die breë perdeskoen-val. Dan ry ons suid oor die brug na die VSA. "Where were you born?" vra die paspoortbeampte. Nou dat ek van Kanada af die VSA inkom, het ek darem nie bewys van goeie gesondheid nodig nie en my visum is ook nog geldig. Die sogenaamde Amerikaanse val is nie so groot soos die perdeskoen-val nie, maar die deel bekend as die bruid se sluier is pragtig. Dan na New Haven en die einde van my verblyf by Yale se Divinity School. Hoe vinnig gaan 'n jaar nie verby nie.

My trommel is reeds op pad na Suid-Afrika. 'n Medestudent by Yale wil in New York by die ambassade van Palestina aansoek gaan doen om 'n visum. Ek soek ook 'n visum vir Palestina en hy bied aan dat ek in sy motor saamry. Hy het ook nie 'n probleem daarmee as ek my trommel saamneem en ons dit by die hawe in New York aflaai nie. Ek het vroeg reeds vriende gemaak met 'n mede Suid-Afrikaner, Heinrich von Staden. Hy studeer vir drie jaar voorgraads by Yale met 'n beurs wat die redery wat tussen New York en Kaapstad vaar, aan hom toegeken het. In die lang Amerikaanse somervakansie vaar hy saam vir 'n besoek aan sy mense in Suid-Afrika. Ek moet net die trommel as sy bagasie onder die bed in sy kajuit inskuif. Sy ouers wag hom by die hawe in Kaapstad in en dan gaan hulle na Stellenbosch waar Heinrich se suster studeer. Hulle kan my trommel oplaai en by my kamer in Skuilhoek op Stellenbosch aflaai. Met dié verbasende reëling kry ek my trommel kosteloos van my kamer by Yale tot my kamer in Stellenbosch vervoer. Mag Heinrich lank lewe!

Die lugdiens het 'n vaste prys vanaf New York na Kaapstad. Ek

kan egter die roete bepaal. So vlieg ek oor Londen na Athene waar ek op advies van die Wêreldraad van Kerke se welsynswerkers by 'n goedkoop maar netjiese hotel tuisgaan. Ek besoek die besienswaardighede en hulle lyk soos ek verwag het van al die afbeeldings wat ek al in boeke gesien het. Wat my tref, somer al by die rit van die lughawe na die stad, is die advertensies in Griekse skrif. Ek is gewoond aan die Griekse skrif van die Nuwe Testament, maar hier word dit gebruik om tandepasta en so meer te adverteer. Die verkeer is ook 'n kontras met dié van die VSA. In Amerika ry die mense hoofsaaklik een-een in 'n motor; hier is daar gewoonlik vyf of ses per volgepakte voertuig.

Dan neem ek die vliegtuig na Jerusalem in Palestina. Indertyd het die terugkerende Jode met hul nuut gestigte staat Israel nog net Palestina beset tot teen die mure van die ou stad. Die geskiedkundige besienswaardighede is aan die Palestyne se kant. Kerke is opgerig, maar mens kry tog die gevoel van die Jerusalem van Bybelse tye, veral in die Tuin van Getsemane met sy antieke olyfbome. Ek kom ooreen met 'n paar Amerikaanse toeriste en ons neem 'n huurmotor na die Jordaan-rivier, die Dooie See en Qumran. By Qumran is daar geen toeristebeheer nie. Ons stap tot by die beroemde grotte en gaan kyk binnekant waar die antieke manuskripte gevind is.

Die plaaslike welsynswerkers van die Wêreldraad van Kerke nooi my om saam te gaan na 'n dorpie suid van Jerusalem waar hulle bystand bied aan die Palestyne. Die dorp is op 'n heuwel bokant die Middellandse See. Die landerye waarvan die inwoners van die dorp geleef het, is in die gebied onderkant die dorp na die see se kant toe. Maar die Israeli's het die landbougrond beset en by die staat van Israel ingelyf. Die mense van die dorp is nou hoog en droog oorkant die grens in Palestina gestrand sonder hul tradisionele bron van inkomste. Die Duitsers het die Jode verontreg, nou verontreg hulle weer die Palestyne. Die Palestyne nooi ons vir middagete. Die gasheer giet water oor ons hande sodat ons kan was.

Ons sit aan om 'n tafel met rys en geurig gaargemaakte bokvleis in skottels in die middel. Mens neem 'n bietjie rys of breek 'n stukkie vleis af en gooi dit liggies in jou mond. Dit is slegte maniere as jou hand aan jou mond raak. As jy 'n smaaklike stukkie vleis afgebreek het, is die hoflike ding om te doen om dit vir jou buurman aan jou regterkant aan te gee. Dit is 'n maaltyd wat mens nie maklik kan vergeet nie. Die onreg van die Israeli's teenoor die Palestyne ook nie.

Ek haal 'n kleinerige plaaslike vliegtuig na Kaïro in Egipte. Die vliegveld noord van Jerusalem kan eintlik beter beskryf word as 'n landingstrook. Dit loop bo-oor 'n pad met stoptekens vir motors om te wag wanneer 'n vliegtuig land of opstyg. Die knippe van my veiligheidsgordel is 'n onpaar en ek moet die gordel maar knoop. Na ons opgestyg het moet ons vinnig ons draai kry om nie oor Israeli-gebied te vlieg nie. Nou moet ons suid om te gaan draai by die bopunt van die Rooi See. Nog steeds om nie oor Israeli-besette gebied te vlieg nie. Dit is in hierdie gebied waar Moses en die Israëliete getrek het en ek kan Berg Sinai duidelik sien.

In Kaïro sê die vriendelike man by die hotel se ontvangstoonbank dat hy nog 'n paar woorde Afrikaans onthou wat hy by die Suid-Afrikaanse soldate tydens die tweede wêreldoorlog geleer het. Terstond verwelkom hy my met 'n paar kru kragwoorde. Die strate wemel van bedelaars wat vra vir 'n baksjiesj. Jy kan nie stilstaan nie of iemand begin jou skoene skoonmaak met die verwagting van beloning. Ek gaan kyk na die mummies in die museum, die Nyl rivier en die piramides en ry in die woestyn op 'n kameel genaamd Ramses. Dit is 'n stamperige rit en nie aan te beveel nie.

Nou is ek haastig huis toe. Ek haal 'n vlug na Khartoum, waar ek die nag in 'n hotel slaap. Dit is so warm dat die hotel vir die gaste bed opmaak op hul kamers se balkonne en 'n fles yswater langs elke bed neersit. Dan 'n vlug na Nairobi, na Salisbury, na Johannesburg, en uiteindelik na Kaapstad. Lekker om weer in jou eie bed te slaap in Stellenbosch.

## Weer Stellenbosch

Na 'n dag of drie se leeglê is ek weer uitgerus. Die teleurstelling is dat Lucia nog weg is op 'n studentetoer na Zimbabwe, toe nog as Rhodesië bekend. Na amper 'n jaar se weeklikse lugposbriewe moet ek nog 'n paar dae wag voor die blye herontmoeting.

By die Dekaan van die Yale Divinity School het ek die vereiste getuigskrif van goeie gedrag bekom wat nodig is sodat ek as proponent gelegitimeer kan word om beroepbaar te wees as predikant. Ek moet ook 'n maand se ondervinding gaan opdoen in 'n gemeente. Ek meld aan by Pa. Hy sê dat ek mos reeds weet wat in 'n siXhosa-sprekende gemeente aangaan en hy gee my sy vertaling van professor John Murray se Kinderbybel om te hersien en vir 'n herdruk deur die pers te sien. Gedagtig aan hoe baie literatuurwerk ek in my loopbaan vir die kerk moes doen, is dit agterna gesien, nie onvanpas as oriëntering nie.

Ek moet ook 'n proefpreek voorlê wat ek onder opsig van 'n Kweekskool-professor lewer. Oom Ockie, Lucia se pa, nooi my om 'n aanddiens in Somerset-Wes te kom waarneem en professor Keet is gewillig om my promotor te wees. Soos ek verwag het, het professor Keet nie fout te vind met die preek wat ek lewer nie. Ek het dit mooi geformuleer om my punt te maak, en ook by oom Koot Vorster en die res van die kommissie wat die status van proponent aan my moet toeken, verby te kom. Ek vermy die woord apartheid doelbewus en preek oor die ootmoed, of te wel die nederigheid, wat dit gelowiges betaam om aan die dag te lê. In Romeine hoofstuk drie herinner Paulus ons daaraan dat almal gelyk is, hetsy Jode

of Grieke, want almal is sondaars, maar God kies ons in Christus uit sonder dat ons dit verdien. Daarom kan niemand roem dat hy beter as ander is nie. Agterna tref dit my skielik dat ek self ook nie juis beoefen wat ek preek nie, want ek is nogal trots op my preek oor nederigheid! Hoe ook al, by die beoordeling van die afskrif van my preek teen die einde van die jaar, is al kritiek wat oom Koot Vorster lewer dat ek versuim het om daarop te wys dat sommige families dink hulle is beter as ander. Ek word gelegitimeer en ontvang die status van 'n proponent, beroepbaar as predikant.

Intussen het ek by die universiteit ingeskryf vir 'n MA-graad. Onder toesig van dr Degenaar wil ek 'n skripsie skryf waarin ek konserwatisme en liberalisme vergelyk aan die hand van die denke van Burke en Locke. Die biblioteek laat my net vyf boeke vir twee weke toe en al raad is dat ek die boeke wat ek wil bestudeer in die biblioteek onder in 'n leeshokkie bymekaar dra en daar sit en werk.

Ek lees lekker aan Edmund Burke se boeke. Hy was so beginselvas dat hy nooit vir langer as 'n jaar of wat 'n minister kon bly nie voor die knoeriery van sy kollegas hom genoep het om te bedank. Mense is nie eenders nie en moet na hul aard ordentlik behandel word soos hulle deur hul gemeenskap gevorm is en aanvaarbaar vind. 'n Konserwatiewe benadering moet gevolg word. Verandering met die oog op verbetering moet gebou word op die bestaande orde. Die Franse moet hul bestaande konstitusie aanpas. Hulle moet nie dink vryheid, gelykheid en broederskap kan met radikale teorieë en rewolusie bereik word nie. Al wat hulle gaan bereik, is die 'uniformity of ruin' en uiteindelik orde wat met wapengeweld gehandhaaf word. Die geskiedenis gee hom gelyk, want op die ou end moet Napoleon met die geweer regeer.

Die Amerikaners rebelleer teen die Engelse koning met dieselfde teoretiese grondslag as die Franse vir hul rewolusie. Vir hulle gee Burke gelyk, want die Amerikaners is Engelse en Engelse kan nie diktatoriaal met dekrete gehiet en gebied word nie. Dit druis in teen hul aard. En Indiërs moet soos Indiërs behandel word. Daarom



maak hy 'n klag aanhangig teen die hooghartige Warren Hastings, die Britse goewerneur van Indië.

Dr Degenaar is tevrede met wat ek oor Burke skryf. Maar as ek John Locke se boeke nadersleep, haak ek vas. Ek was onder die indruk dat hy duidelik leer dat alle mense eenders is en dat een man een stem die universele liberale oplossing vir die politiek is. Maar uit sy geskifte lyk dit vir my dat hy bont praat en ek sukkel om te vorder. In Januarie 1960, toe ek probeer om die tesis klaar te skryf, kry my broer Flip se vrou Olive 'n mediese terugslag en Flip kan nie die siXhosa-klasse in Februarie gaan waarneem by die taalskool wat jaarliks vir sendingpersoneel van die NG Kerk in die Oos-Kaap gehou word nie. Al raad is dat ek gaan. En net daar sneuwel my tesis. Toemaar, ek het reeds 'n M-graad van Yale en ek het die plesier beleef van die lees van Burke se boeke en 'n artikel daaroor geskryf vir plasing in 'Die Stellenbosse Student'. Na die maand se klasgee in siXhosa by Madwaleni in die Transkei word ek deur die Sendingkommissie beroep om gesekondeer te word na die siXhosaspreekende Drakenstein-gemeente van die NG Kerk in Afrika, die gemeente wat Pa pas op aftree-ouderdom vakant gelaat het. Nou raak ek ingetrek by 'n voltydse bediening en John Locke is totaal vergete.

Die klasgee by die taalskool het egter my belangstelling in die ontrafeling van die struktuur van siXhosa aangewakker en ek loop Bantoetale III by die universiteit. Ek gee hoofsaaklik aandag aan die siZulu-deel van die kursus en neem net so in die verbygaan kennis van Sesotho en die Duitser Meinhof se teorieë oor Oer-Bantu. Ek hersien 'Leer Self Xhosa' en tik en rol 'n stel aantekeninge af van die grammatika van siXhosa vir gebruik by die taalskole waar ek elke jaar in Februarie klasgee onderskeidelik by Welcome Again naby Oos-Londen, by die Ugie-Kinderhuis se kampterrein by Tweede Strand in Port St Johns en by Port Edward. Indertyd is die NG Kerk nog finansiëel sterk genoeg om personeel te kan sekondeer na die siXhosa-sprekende deel van die NG Familie van kerke.

## Drakenstein-gemeente

Teen 1960 is dit al amper honderd jaar die NG kerk se beleid dat daar aparte kerke vir wit-, bruin- en swartmense moet wees en word lidmate nie net geografies nie maar ook etnies in sinodes met hul streeksinodes, ringe en gemeentes ingedeel. Vir witmense in die NG Kerk en bruinmense in die NG Sendingkerk is daar baie gemeentes in die Wes-Kaap. In 1960 word die instroming van swartmense na die werksgeleenthede in die Wes-Kaap wetlik beheer en is daar nog betreklik min swartmense, die meeste van hulle manlike trekarbeiders. Dit is hoofsaaklik siXhosa-sprekendes uit die Oos-Kaap en min van hulle is verbonde aan die NG Kerk. Die klompie Sesotho-sprekendes en paar arbeiders uit die verre Malawi het 'n groter affiniteit vir die NG Kerk, maar hulle is min. So is die gemeentes van die swartmense se NG Kerk in Afrika min en ver uit mekaar.

Die Drakenstein-gemeente waarheen ek beroep is, se middelpunt is in die Paarl, vandaar die naam Drakenstein, maar dit strek vanaf Stellenbosch oor Franschhoek deur die Paarl en Wellington tot in die Swartland, of te wel Malmesbury, Riebeeck-Kasteel en Riebeeck-Wes. Eintlik is dit 'n kombinasie van vier klein gemeentetjies in die Paarl, Stellenbosch, Franschhoek en Malmesbury, elk met 'n opgeleide evangelis wat die leiding neem. Daar is nog nie eintlik siXhosa-sprekende leraars nie. In Langa in die Kaap is daar darem ds Mokgatla, van huis uit Sesotho-sprekend maar vlot in siXhosa.

Indertyd is die plaaslike NG Kerk in Afrika nog sterk onder die vleuel van die NG Kerk. Dit is die NG Kerk se Sendingkommissie

wat my beroep en my sekondeer na Drakenstein. So vind my ordening as leraar met sendingopdrag in die NG Kerk, in die Strooi-dakgemeente in die Paarl plaas. Met die handoplegging is daar darem ook die swart hand van ds Mokgatla op my kop. Die dominees wat aan die handoplegging deelgeneem het, bid my sterkte toe, Pa met die woorde van Paulus aan Timoteus: "Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Jesus Christus is." Ma hang vir my 'n toga om. Nog voor die 42 jaar verbyvlieg wat ek aan 'n gemeente verbonde is, word die toga groen van die ouderdom en die tossels val af. Al wat konstant bly, is die genade waarvan Pa gepraat het.

Ds Andrew Hofmeyr van Langa is die konsulent van Drakenstein en in Kayamandi in Stellenbosch bevestig hy my as leraar van die gemeente. Daar is nie 'n kerkgebou nie maar die stewige vier-klaskamer skoolgebou behoort aan die kerk en twee klaskamers het 'n verskuifbare skeidsmuur sodat dit as kerksaal gebruik kan word. Die evangelis woon daar naby in een van die netjiese driekamer-huise wat die Munisipaliteit laat bou het waar Kayamandi mooi uitgelê tussen dennebome teen 'n skuinste geleë is. Die skool word nie meer deur die kerk bestuur nie maar deur die staat. Daar is 'n klompie gesinne, maar die meerderheid van Kayamandi se inwoners is trekarbeider-mans. Die staat pas streng instromingsbeheer toe en daar is nie meer swartmense in Kayamandi as wat daar vir hulle huisvesting en werksgeleentheid in Stellenbosch is nie.

My pos as leraar van die gemeente word deur die plaaslike NG gemeentes befonds. Nie een se bydrae is soveel as wat dit kos om 'n huis as pastorie beskikbaar te stel nie en ek moet self vir huisvesting sorg uit 'n beskeie huistoelaag wat ek benewens my salaris en reistoelaag ontvang. Aanvanklik bly ek in my kamer aan in Skuilhoek. Op 17 Desember 1960 breek die blye dag aan dat skoonpa dominee Ockie Cloete die pastorale sorg wat hy op Isilimela begin het deur my te doop, voortsit deur my in Somerset-Wes in die eg

te verbind met sy dogter Lucia. Ek dra 'n swart manelpak met 'n hoë onderbaadjie met 'n onderstebo boordjie en 'n wit strikdas. Maar niemand sien dit eintlik raak nie. Hoekom? Gaan kyk maar na Lucia se troufoto teen die muur in ons slaapkamer om te weet wie die aandag in beslag geneem het!

Kayamandi se kerkkoor kom sing vir ons tydens die seremonie. Ek druk dit op hul hart: die horlosie is die witmense se koning. Hulle moet asseblief stiptelik voor drie-uur hul plek op die koor-galery inneem. Soos die tradisie bepaal, kom Lucia so 'n bietjie na drie op skoonpa Ockie se hand die kerk ingestap. Ek merk nie eers dat die koor nog nie daar is nie. Toe dit by "gee mekaar die regter-hand" kom, is daar 'n beroering op die koorgalery. Die koor kom ingestap en kan sommer regstaan om te sing sonder om nog eers te gaan sit. Hulle sing soos net Afrikane kan en ek is dankbaar dat hulle dit gemaak het, al was dit amper te laat. Na die tyd spreek een van Somerset-Wes se gemeente-tannies my ernstig aan: "Dit is goed en wel van apartheid en alles, maar jy kon darem maar gereël het dat die koor van die begin af by die huwelikseremonie toegelaat word."

Na die troue kry ons vir ons wittebrood koers in ons Peugeot 203 na die Transkei na Pa en Ma se rondawels by Sinangwana-strand. Die karige meubelment en harde mieliblaarmatras kan nie ons vreugde demp in mekaar se geselskap en die mooi Pondolandse natuurskoon nie. Toe ons voorrade in Port St Johns aankoop, is Lucia vir 'n oomblik uit die veld geslaan om te weet na wie verwys word toe die toonbankklerk vra, "Wit of bruin brood, mevrou?"

Terug in die Kaap huur ons 'n gemeubileerde huis in Riebeeck-Kasteel. Indertyd mag getroude vroue nie permanente onderwysposte beklee nie, maar wel tydelik aangestel word as daar nie aansoeke van ongetroudes is nie en Lucia is vir 'n jaar in haar ou pos heraangestel. So kan sy haar studieskuldebetalings afbetaal en is daar hopelik iets oor om te help om vorentoe 'n paar meubelstukke aan te skaf. Al wat ons besit is 'n tweedehandse studeertafel en 'n leunstoel. Nou moet ek twee-uur smiddags spek en eiers gereed hê wanneer

Lucia van die skool af tuiskom. Die huis is al oud. Die vloer in die kombuis het plek-plek begin vermurwe en ons moet die tafel oor die gat plaas wat Lucia in die vloer getrap het. Die ou yskas ontplof en ons moet buite toe vlug om aan die amoniumdampe te ontkom. En les bes sleep Lucia 'n vroulike amateur sluipdief aan haar voete onder die bed uit toe ons onverwags tuis kom.

Na die jaar verby is, trek ons Stellenbosch toe na 'n dominee se gemeubileerde vakansiehuis op hul familieplaas buite Stellenbosch op die pad na die Paarl. Ek dink aan moontlike verdere Teologiese studie en loop Grieks II en Hebreeus II saam met my werk in die gemeente. Dit help my om agter te kom hoe Grieks en Hebreeus aanmekaar sit, maar nie genoeg om meer as baie eenvoudige tekste te kan lees nie. Dan neem die staat die plaas oor ingevolge die groepsgebiede-wet om Cloeteville daar te stig. Met groot vrees en bewing aanvaar ons 'n lening by 'n bougenootskap en koop die huis te Schoongezichtstraat 8 in Stellenbosch. Ons koop die eenvoudige meubels van 'n gesin wat na die noorde trek en die vervoerkoste van meubels te hoog vind. Die swart bank, twee stoele en hangkas oorleef nou nog in ons huis op Vleesbaai.

Oi, oi, oi, dis 'n teëldak huis,  
drie slaapkamers en een kombuis.  
En ons bly daar lekker in;  
ja, ons bly so na ons sin.

Oi, oi, oi, ons is lekker tuis,  
studeervertrek en motorhuis.  
En ons woon daar lekker in;  
ja, ons woon so na ons sin.

(Die derde slaapkamer en 'n motorafdak het ons eers met verloop van tyd aangebou, maar alles kan nie in ons liedjie ingedruk word nie.)

Ons kinders Erika, Christoff en Gerda word op Stellenbosch gebore. Vir Ilse se geboorte moet Lucia na die hospitaal in Bellville gaan omdat daar moontlik komplikasies kan wees weens my en Lucia se botsende bloedgroepe, maar genadiglik is daar nie 'n probleem nie. Die kinders word in hul oupa Oosthuysen se dooprok gedoop. Hul oumagrootjie Oosthuysen het dit met sorg geborduur vir die doop van haar eersteling. Erika en Ilse wat name vanuit die Cloete-familie gekry het, word deur hul oupa Cloete gedoop; Christoff en Gedra met hul Oosthuysen-familiename deur hul oupa Oosthuysen.

Die kinders se geboortes was 'n groot vreugde daar in Schoon-gezichtstraat, maar hartseer was daar ook. In 1970 is Pa en vyf weke later Ma oorlede. Hulle het lank en vrugbaar gelewe, maar die afskeid bly maar swaar. En dan val ons goeie vriend en buurman oor die straat, Hennie de Kock, onverwags dood neer. Ons treur saam met Leonora en haar drie kinders. Om die hoek het Hennie Rossouw ook vir Hester aan die dood afgestaan. Later ontdek hy en Leonora mekaar as huwelikmaats en hul vergroot Hennie se huis om hul agt kinders te akkommodeer. In die klerk sit hulle 'n hele bank vol.

Die Drakenstein-gemeente het vier wyke en die maand vier Sondae, so ek preek een Sondag per maand in elk van die wyke. In Malmesbury se informele woonbuurt het ons 'n opslaangeboutjie wat as kerkgebou dien. In die Swartland is die meeste siXhosa-sprekendes op plase as melkmanne in diens. Koeie gee meer melk as maXhosa hulle melk, want hulle is lief vir beeste en praat mooi met hulle. Melktye verskil in ooreenstemming met wanneer die vragmotor wat die melk Kaap toe neem, verbykom, so as mens die vragmotor se rooster ken, kan jy heeldag maXhosa besoek wat klaar gemelk het. By die sementfabriek in Riebeeck-Wes is ek die enigste predikant wat besoek en ek help ook die Anglikane en Metodiste wat hul voorberei om belydenis van geloof af te lê wanneer hulle weer by die Trans- of Ciskei tuis kom.

Met my eerste besoek na die Tulbagh-aardbewing in 1969 is die

maXhosa in die omgewing van die Riebeecks erg ontsteld en ek word oorval met die versoek, “*Mfundisi, thandaza!* – Dominee, bid tog!” Een man is seker hy weet waar die aardbewing vandaan kom. “Dis die Amerikaners se skuld. Hulle moet daardie klippe terugvat maan toe wat hulle daar gaan haal het.” Ek word genooi na plase waarvan ek nie geweet het dat daar maXhosa is nie en dit is eers teen tienuur die aand dat ek die pad kan vat huis toe in Stellenbosch.

Die plaaseienaars in die Swartland is baie goedgesind en maak trekkers met sleepwaens beskikbaar om kerkgangers te vervoer na ’n skuur waar daar gerieflike sitplekke op bale voer is. Protokol vereis dat ek altyd ’n draai by die plaaseenaar maak voordat ek sy werkers besoek. Sommige bied my tee aan. By ’n plaas waar ons redelik gereeld kerkdienste hou, sê die eenaar, “Ons gaan vriende besoek, maar kom asseblief na die diens by die plaashuis aan, dan skink die huishulp vir dominee ’n koppie tee.” Ek het seker te lank gepreek, want net toe ek met die derde punt van my preek wil begin, kom die huishulp die skuur ingestap met ’n koppie tee op ’n skinkbord. In ’n siXhosa-erediens kan alles reg gesing word en ek gee toe maar ’n lied op en drink my tee. Ek weet van geen ander predikant wat halfpad deur sy preek met tee versterk is nie.

’n Sekere plaasboer ken ek redelik goed. Ons het saam pluimbal gespeel op Riebeeck-Kasteel die jaar toe ons daar gewoon het en ons albei se voornaam is Koos. Hy is ’n ywerige ondersteuner van die Nasionale Party en die beleid van apartheid, maar dit verhinder hom nie om ’n siXhosa-sprekende melkman uit die Transkei in diens te neem en hom met sy vrou op sy plaas te huisves nie. Ek wil die melkman besoek en klop aan by die plaashuis. Koos nooi my in vir tee en tot my verbasing hoor ek ’n baba huil. “My tyd, Koos,” sê ek, “ek het nie geweet julle het onlangs ’n kind ryker geword nie.”

“Kom kyk,” sê hy en nooi my na die slaapkamer. In ’n mooi wiegie lê tot my verbasing ’n swart baba. “Ek het ’n liewe goeie vrou,” sê Koos grappenderwys, “maar sy verbrand altyd alles!” Dit blyk toe dat die melkman se vrou oorlede is met die baba se geboorte.

Koos se vrou pas nou die baba op tot 'n familielid uit die Transkei kan kom om die baba te kom haal. So is baie Afrikaners: praat kliphard apartheid maar is bereid om uit hul pad te gaan om swartmense te help. Selfs dat 'n swart baba saam met hom in sy slaapkamer slaap.

Die plaas Klipfontein lê onderkant die hoofpad in 'n vallei. Mens ry met 'n draaierige pad die heuwel af na die werf. Die melkman wat hier in diens is, werk lank reeds hier en hy is een van die min wat in die lig van die instromingsbeheer-wette kwalifiseer om sy gesin by hom te hê. Toe ek by die plaashuis aanmeld en vra om die melkman-gesin te besoek, lag die eienaar. Hy vertel my hoekom hy lag. Toe hy die vorige dag die heuwel uit dorp toe ry, kom sy koeie om die draai gehardloop, wat sleg is vir melkproduksie. Volgende kom 'n klip van agterom die draai in die pad aangevlieg en beskadig sy motor se voorruit. Dan kom die melkman se opgeskote seun om die draai te voorskyn. Dis hy wat die koeie so verkeerd aanjaag en nou nog die motor ook beskadig het. Die man vervies hom, spring uit die motor en gee die seun 'n taai oorveeg. Hy draai om na die melkman se huis. "Hoe kan jy 'n kind stuur om die koeie te gaan haal? En dan jaag hy hulle so verkeerd aan en gooi 'n klip teen my motor se ruit. Seker honderde rand se skade. Ek het jou seun sommer 'n behoorlike oorveeg gegee."

"Meneer," antwoord die melkman, "kos daardie ruit werklik so baie? Slaan die seun weer!" En net daar sak die plaaseienaar se woede en hy aanvaar die melkman se versekering dat hy nooit weer sy plig sal versaak nie.

In die informele woonbuurt Langabuya, tussen die Paarl en Wellington, het die gemeente 'n dubbelklaskamer in die kerk se skaalplank-skoolgebou as kerkgebou gebruik. Protesteerders het dit egter goed gedink om die skoolgebou een nag aan die brand te steek. Ons koop 'n informele huis, slaan die binnemure uit, en gebruik dit as kerkgebou. Die skoolgebou was verseker, maar nie teen oproer nie. Die getuienis is egter dat daar nie 'n oproer was nie.



Volgens die wetlike definisie is vier of meer mense daarvoor nodig. Daar is slegs drie sluip-brandstigters gesien, en die versekeraars betaal ons uit. Dit is 'n handige neseier vir die kerkgebou wat ons met die hulp van die plaaslike NG gemeentes wil oprig in Mbekweni, die woonbuurt wat die Munisipaliteit aan die bou is.

'n Vooraanstaande argitek in die Paarl bied aan om vir ons met die kerkbouprojek te help. Ons is 'n siXhosa-sprekende gemeente en hy dink dit sal paslik wees as hy vir ons 'n strooidak-kerk ontwerp. Ek gooi ernstig wal en hy ontwerp 'n brandstig-bestande kerk. Die deure is van staal, die vloer by die deur van sement met 'n drempel sodat lampolie nie onderdeur gegooi kan word vir brandstiging nie. Die vensters is hoog en die glas met sifdraad versterk sodat 'n brandbom nie daardeur gegooi kan word nie. Die preekstoel is van siersteen, nie vlambare hout nie. Weg van die deure is die vloer wel hout. Ons kerkgangers sal koud kry op 'n sementvloer. Die kerk het 'n toring en ek vind in die Kaap 'n tweedehandse skeepsklok om daarin te installeer.

Die blanke dame uit die Paarl, wie se dogter deur 'n oproerige skare uit Langabuya vermoor is, skenk ook geld vir die oprigting van die kerk. Met die inwyding van die gebou maak ons dankbaar melding van haar versoenende gebaar. Ek lewer die preek. Christoff, so drie jaar oud, glip weg by Lucia. Hy vermoed sy pa het sy bystand nodig en toe ek afkyk, trek hy aan my toga op die preekstoel.

Die verhouding tussen die swartmense en die blanke owerhede in die Wes-Kaap is gespanne. Die blankes is in beheer en hou hulle apart van die ander. Swartmense is slegs welkom as arbeiders en met paswette word streng instromingsbeheer toegepas. Slegs enkele vroue kwalifiseer volgens die berugte artikel 10 van die instromingsbeheer-wette om in die Wes-Kaap te wees. Die meerderheid is enkelloper mans wie se gesinne in die oorvol tuislande in die Trans- en Ciskei en elders bly. Die eerste predikante wat die siXhosa-sprekendes bedien het, was blanke sendelinge, en die gemeenskap is gewoond aan blanke *befundisi* – leraars. Ek loop in die straat in

Mbekweni en iemand skree, “Wat soek hierdie *mlungu* – witman – hier?” Maar voor ek ongerus kan raak, hoor ek iemand anders skeep, “Nee, dis nie ’n *mlungu* nie, dit is ’n *mfundisi*.”

As onervare predikant is ek in die begin maar hier en daar bietjie lomp. Maar veral twee kerkraadslede help my baie. Die eerste is ouderling Moahlodi van Mbekweni. Hy is ’n Mosotho, maar so tuis in siXhosa dat ek nie juis daarvan bewus is nie. Hy het ’n volwasse gemoedelike standvastige persoonlikheid en laat hom nie deur enige stormwind omwaai nie. As iemand van my onervarendheid misbruik wil maak, tree hy vir my in die bres. As ek ’n fout wil maak, help hy my vaderlik reg. Wat by die Kweekskool agterweë gebly het in my opleiding as leraar, vul hy aan.

Die ander een is evangelis Edmund Cedile van Stellenbosch. Ek ken hom reeds van my kinderdae af op Isilimela waar hy een van die groter seuns was wat deur ons jonges met respek bejeën is. Maar nou is ons kollegas en kan soos ou kennisse oor alles en nog wat sit en gesels. Soos nodig gee hy my wyse raad oor gemeentesake. Dit is nie altyd duidelik as daar in die gemeente ’n probleem is nie. SiXhosa-sprekende mense probeer konflik vermy en almal se waardigheid moet onaangeraak gelaat word. Haakplekke word dikwels nie direk aangespreek nie, maar slegs sydelings na verwys sodat mens ’n oor nodig het om te hoor. Waar ek te dikvellig is, help Edmund my reg.

Edmund is in die evangelispos in Kayamandi in Stellenbosch bevestig terwyl Pa nog predikant van die gemeente was, voor sy aftrede. Hy ken Edmund, wat ’n skoolseun onder sy sorg op Isilimela was, goed. Ek hoor hom op die telefoon met Edmund praat toe hy Stellenbosch toe moet kom. “Luister, Edmund, bring net jou goeie goed saam. Los jou rommel. Jy sal gou weer vir jou ander rommel hier op Stellenbosch kry.”

Later, toe daar sprake was van ’n betoging en ’n optog deur die inwoners van Kayamandi na die middedorp in Stellenbosch, hoor ek Pa raad gee. Pa weet dat daar in Afrika nie so iets soos ’n lojale

opposisie is nie. As daar aksie is, moet almal meedoen. “Luister, Edmund,” hoor ek hom sê. “Moet nou nie staan en seerkry nie, hoor. As hulle aanval, is jy agter en as hulle weghardloop, is jy voor!”

In Kayamandi is daar 'n aandskool vir trekarbeiders. Ek help met Afrikaanse klasse. “Die regte uitspraak is ‘jakkals’,” sê ek. Maar isi-Xhosa se lettergrepe is oop en die mans bly vassteek by ‘jakalas’, hoe hulle ook al probeer. My geloofwaardigheid word sterk in twyfel getrek as ek probeer verduidelik dat 'n dwergie nie *thikoloshe* (die tokkelossie) is nie. 'n Veiligheidspolisieman kom doen subtiel by my navraag of daar nie ongewenste ondergrondse politieke aktiwiteite by die aandskool plaasvind nie. Ek kan hom gerusstel. My assistent onderwyser is niemand minder nie as dr Verwoerd se seun wat op Stellenbosch studeer. Ek hoor nie weer van die polisieman nie.

In die winter word dit gou donker en ons het ligte nodig vir die aandskool. Die studente dra elk 'n halfkroon (twee sjielings en ses pennies, of te wel 25 sent) by. Indertyd het geld nog waarde en dit is genoeg vir die ligte. Toe daar politieke onrus in Kayamandi broei en daar sprake van is dat die skool wat aan die Boere se kerk behoort, afgebrand moet word, staan die aandskoolgangers soos een man voor die gebou. “Probeer net hierdie skool met ons ligte in verbrand,” sê hulle, “dan sal julle sien hoe ons met 'n kerie kan slaan!” Die skoolgebou bly ongeskonde daar staan tot jare later toe die staat 'n nuwe groter skoolgebou oprig.

Die plaaslike NG gemeentes staan ons met fondse by en ons kan 'n eie huis vir die evangelis bou. Ek is argitek en bouondernemer. Ek koop goeie tweedehandse boumateriaal en huur vakmanne. Evangelis Cedile het op Isilimela leer werk. Hy bou ywerig saam. Dan bou ons 'n kerk en verkoop die skoolgebou aan die staat. Dit is eers nou die ander dag dat die gemeente my nooi na die inwyding van 'n heelwat groter kerkgebou wat met die hulp van 'n welwillende besigheidsman in Kayamandi opgerig kon word. Tans bars Kayamandi uit sy nate met pondokke oral en die ou kerkgebou het te klein geword vir geleentheid soos begrafnisse.

In Franschhoek het Pa reeds voor my tyd op die ou uitspanning op pad na die Paarl 'n stewige evangelistewoning en kerkgebou van skaalplanke met die goedkeuring van die Afdelingsraad laat bou. Die plaaslike evangelis, evangelis Bulani, is wel ter tale. Behalwe Sesotho, siXhosa, Afrikaans en Engels kom hy ook reg om met die arbeiders uit Malawi in hulle taal te praat. Maar met die Malawiërs praat hy net in die privaat in hul eie taal. Meeste is onwettige immigrante wat voorgee dat hulle maXhosa is en in die publiek praat ons siXhosa, al is dit somtyds 'n bietjie krom.

'n Paar siXhosa-sprekende werkers is lank reeds op van die plase in Franschhoek en hul gesinne kwalifiseer onder die instromingsbeheerwette om hier te wees. Een van hulle is 'n lidmaat van ons gemeente maar sy kerkbywoning is nie na wens nie. Ek en evangelis Bulani gaan besoek die gesin en Bulani waarsku my, "*Mfundisi*, dit is 'n goeie man, maar sy vrou is moeilik. Sy pomp hom op soos 'n primusstoof!"

'n Ander man, 'n Thembu, is lank reeds weg uit die Transkei en is met 'n Afrikaanssprekende vrou op 'n plaas in Franschhoek getroud. Alles gaan goed tot hul kind siek word. "Nee," dink die Thembu, "dit is omdat ek nie die kind onder die sorg van my voorvaders geplaas het nie. Volgens Thembu-gebruik moes ek die voorste lid van die kind se linkerhandse pinkie afgesny het." Hy voeg toe die daad by die gedagte en voer wat hy ag sy vaderlike plig te wees, uit.

Sy vrou is woedend. Hoe kan die man die kind so mishandel? Sy ag dit haar moederlike plig om haar man by die polisie te gaan aankla van kindermishandeling. Die polisie-sersant is 'n wyse man. Hy voel hy is uit sy diepte met hierdie saak en hy gaan roep evangelis Bulani. "Help tog," sê hy. "Hoe moet ek hierdie saak hanteer?"

"Hou die vrou in die aanklagkantoor. Gaan neem die man in hegtenis en sit hom in 'n sel. Dan roep Sersant my," sê Bulani. Die sersant maak so.

Evangelis Bulani praat eerste met die vrou. "Mevrou, u is tog 'n

volwasse mens en nie 'n kind nie. U moet u gesonde verstand gebruik. U het met oop oë met 'n Thembu man getrou. Hoe kan u nou van hom verwag om nie 'n Thembu te wees en te doen wat baThembu doen nie? Nou gaan staan u en beskuldig hom van kindermishandeling. Dit is 'n onsinnige dwaling. U moet die saak dadelik terugtrek en u man om verskoning vra as u hom weer sien.”

Dan vra evangelis Bulani om die man in die sel te gaan sien. “Meneer, jy is tog 'n man en nie 'n onervare seun nie,” sê hy. “Jy moet tog jou gesonde verstand kan gebruik. Hoe kan jy hier in die Kaap as jy 'n plaaslike vrou geneem het, jou Thembu gebruike wil staan en beoefen? Dit is mos totaal buite orde. Jy moet jou vrou ernstig om verskoning vra en hoop sy trek die saak teen jou terug.”

Dan sê evangelis Bulani vir die sersant, “Sersant, neem asseblief die man na sy vrou daar voor in die aanklagkantoor.”

Die resultaat kan mens net beskyf soos die Engelse 'n storie afrond: “And they lived happily ever after!”

'n Paar vroue kwalifiseer om saam met hul mans op sommige van die plase in Franschoek-distrik te bly. Daar is nie 'n skool vir hulle kinders nie en hulle sukkel in die Afrikaansmediumskool van die bruin kinders. Ek gaan praat met die inspekteur van Bantoe-onderwys. Hy steun die gedagte van die stigting van 'n buitengewone skool met my as bestuurder in ons kerkgebou op die Afdelingsraad se uitspanning. Maar die Afdelingsraad keur ons aansoek om toestemming af. Die sekretaris van die Afdelingsraad is die skoolstigting egter goedgesind. Hy is vies vir die Raad. Hoe kan sy Raad die maXhosa as arbeiders wil hê, maar nie hul menslike behoefte aan die onderwys van hul kinders erken nie? Hy oortuig die Raad om van besluit te verander. Ons mag maar 'n skool in ons kerkgebou open, maar ons moet eers puttoilette ooreenkomstig die Raad se spesifikasies oprig. Bouplanne moet ingedien word.

Ek teken na die beste van my amateur-vermoë 'n plan vir die oprigting van die toilette en neem dit na die sekretaris van die

Afdelingsraad vir goedkeuring. Hy nooi my by sy kantoor is. “Maak asseblief vir ons tee,” sê hy vir die ontvangsdame. “En bring sommer ook vir my daardie stempel waarmee planne goedgekeur word.” Ons gesels en drink tee. So terloops stempel die sekretaris my planne sonder om eers na hulle te kyk. Hy is duidelik nog vies vir sy Raad.

Ons het nie eintlik geld om die toilette te laat oprig nie. Evangelis Bulani het verder gaan studeer en evangelis Cedile help nou ook in Franschhoek. “Los die grawery van die putte vir my,” sê hy vir my. Die volgende Sondag is dit my preekbeurt in Franschhoek. Wanneer ek na die konsistorie stap, sien ek die putte. Netjies gegrawe en reg vir die oprigting van die toilette. By ’n diaken hoor ek hoe hulle gegrawe is. “Evangelis Cedile het ons gister darem lekker met ’n slap riem gevang,” deel hy my mee. “Hy kondig toe mos ’n byeenkoms van die mans-aksie af. Ons daag op met die gedagte dat hy ’n teksvers sal voorlees en vir ons die geleentheid gee om almal daaroor te praat. Maar toe lees hy Jakobus hoofstuk twee oor geloof wat dood is as dit nie met werke gepaard gaan nie. Oor hierdie teks, sê hy toe vir ons, kan ons nie met woorde verder praat nie. Dade is nodig. Ons moet ons baadjies uittrek en die putte grawe. Ons moes dit toe maar doen. Hy het dan nou die teks gehad.” En so kan ek ’n onderwyseres aanstel vir ons siXhosa-medium primêre skool.

So veertig jaar later, nadat ek reeds afgetree het, kry ek uit die bloute ’n telefoonoproep. Dit is die prinsipaal van die siXhosa-medium-hoërskool in Langrug, Franschhoek. Die nuwe skoolgebou word volgende Saterdag in gebruik geneem en kan ek nie asseblief ’n woord van gelukwensing kom spreek nie? En ek moet asseblief ’n foto van my saambring. Dit sal gepas wees as ’n foto van die stigter van die skool in die voorportaal hang.

Op ’n Saterdagmiddag ry ek en van die Stellenbosse kerkraadslede na die Paarl vir ’n kerkraadsvergadering. Wanneer ons by ’n piekniekterrein naby die Paarl verbyry, lag ouderling Josef Kgasipe.

Hy is die kok van dr DF Malan. Hy kom eintlik van Lesotho en hoort volgens die instromingsbeheerwette wat dr Malan se party ingestel het, nie in die Wes-Kaap te wees nie, maar geen wetstoe-passer sien kans om dr Malan se kok weg te endosseer nie. “Wat is nou so snaaks?” vra ek vir ouderling Kgasipe.

“Nee, *mfundisi*,” antwoord hy, “laas Saterdag sê Dokter mos, ‘Josef, dit is sulke mooi weer vandag. Pak ’n bietjie vleis en hout en die nodige agter in die motor, dan ry jy saam met my en Mevrou en jy braai êrens vir ons vleis.’ Ek maak toe so. Toe ons by hierdie piekniekplek verbyry, draai dokter af, maar op die hek staan ’n kennisgewing: ‘Slegs blankes.’ Dokter klim uit. ‘Bly sit net in die motor, Josef,’ sê hy. ‘Ek gaan gou sien.’ Na ’n tydjie kom hy terug. ‘Alles is reg, Josef,’ sê hy. ‘Sit maar ons stoele daar in die skaduwee en steek die vuur aan.’” Onwillekeurig dink ek aan Oupa Schoon se geveuelde woorde: “Dat is niet om over te lachten, dat is om over te weenen.”

In die negentien sestigs is daar nie ’n siXhosa-medium hoërskool binne ons gemeentegrense nie. Pa het reeds met die gebruik begin om belowende kinders te help om verder as die laerskool te vorder. Soos beskikbaar word hulp verleen veral vanuit donasies vanaf die plaaslike NG gemeentes se Kinderkranstakke. Ek onthou nog hoe ontsteld Pa was oor wat met een van hierdie skoliere, Edgar Basopu, gebeur het. Pa het vir hom plek gekry by Blytheswood, naby Butterworth in die Transkei. In sy finale hoërskooljaar is Edgar ’n prefek. Hy roep ’n daggarokende medeskolier tot orde en dié steek hom met ’n mes dood. In my gemoed is Edgar ’n martelaar.

Vir Moses Kewana van Stellenbosch kry ek plek by Healdtown naby Fort Beaufort. Maar in sy finale jaar maak die skoliere oproer en die skool word gesluit voor hy sy matriekeksamen kan aflê. Moses het nie aan die amokmavery deel gehad nie en kry ’n goeie getuigskrif, maar die skool is gesluit en hy is gestrand. Ek moet vir ’n vergadering Oos-Kaap toe en ek soek vir hom plek by ’n ander skool. Met die hoed in die hand staan Moses en ek voor die prinsi-

paal van die hoërskool in Zwelitsha. “Jammer,” sê hy, “maar die skool is propvol. Hier is nie plek vir nog ’n matrikulant nie.” Teleurgesteld stap ons die gang af die skool uit.

’n Onderwyser kom van voor. Hy steek vas toe hy ons sien. “Is dit nie Healdtown se vleuel wat sulke draaie deur die ander spanne hardloop nie?” vra hy en wys na Moses.

“Ja,” sê ek. “Hy kom van Stellenbosch af. Hy weet van rugby. Ons wou hom hier inskryf, maar die prinsipaal sê daar is nie plek nie.”

“Staan net hier en laat my met die prinsipaal gaan praat,” sê die onderwyser. Hy is duidelik die rugbyafriqter en wil graag vir Moses in sy span hê. Na ’n rukkie kom hy terug. “Kom,” sê hy, “alles is in orde.” Hy lei ons terug na die prinsipaal se kantoor en help ons om Moses se inskrywing af te handel.

Helaas, dit is nie waar die drama met Moses se skoolloopbaan eindig nie. Nadat hy reeds vir die eksterne eindeksamen ingeskryf het en op die punt staan om die eksamen te gaan skryf, breek daar ook by die hoërskool in Zwelitsha oproer uit. Moses is na die leier-oproermakers se sin nie ywerig genoeg met die oproermakery nie en Moses voel dat sy lewe bedreig word. Hy vlug huis toe na Stellenbosch. Maar hy is ingeskryf vir die eksamens en het sy eksamennommer. Hy gaan skryf in die Kaap by die hoërskool in Langa. Sy uitslae word egter Ciskei toe gestuur na die Ciskeise Onderwysdepartement. Maar die Ciskeise minister van onderwys is kwaad vir die oproermakers, sommer die weghardloper ook, en bepaal dat geen resultate aan hom bekend gemaak sal word nie en dat geen sertifikaat aan hom uitgereik sal word nie, al het hy ook hoe suksesvol die eksamens afgelê.

Ek moet weer vir ’n vergadering Oos-Kaap toe gaan. En weer staan ek met my hoed in die hand, die keer in die Ciskeise minister van onderwys se kantoor, maar sonder dat Moses by is. “Nee,” sê die minister, “vir ’n lafaard wat weghardloop het ek nie tyd nie. Hy moes die molesmakers teengestaan het. By my Departement kry hy nie ’n matriek-sertifikaat nie.”



“Maar, meneer,” sê ek en frommel my hoed. “Ons kan mos nie heldhaftigheid van hom verwag nie. Hy is net ’n seun en nie man nie. Hy was nog nie by die stamskool nie.”

“Ag, goed dan,” sê die minister. Vir die amptenaar wat bystaan, sê hy, “Gee maar vir die *mfundisi* die seun se sertifikaat.” En so handel ek vir Moses sy eindeksamen af. Met die hoed in die hand, kom mens ver deur die land. Toe ek laas van Moses gehoor het, was hy ’n suksesvolle onderwyser.

Een jaar sê mnr Bosman, ’n diaken van ons gemeente en die hoof van die laerskool in Mbekweni in die Paarl, dat daar nie op daardie tydstip ’n belowende kind uit ons gemeente is wat kwalifiseer vir bystand met ’n verdere skoolloopbaan nie. Daar is wel ’n skrandere seun van Metodiste-ouers en hy het met hulle ooreengekom dat hulle hom vir die NG Kerk sal gee as ons hom laat leer. “Nee,” sê ek. “In my lewe het ek al baie goed gekoop, maar nog nooit ’n lidmaat vir die kerk nie. Ek wil ook nie nou begin om dit te doen nie. Maar as die seun beloof om hom goed te gedra, dan help ons hom om hoërskool toe te gaan.” En so skryf ons vir Fezile Benjamin Mbenenge in by die Arthur Tsengiwe Hoërskool op Cala in die Transkei met verblyf in ons kerkkoshuis.

Indertyd is dr Jaap Durand die NG Kerk in Afrika se predikant op Cala. Benjamin woon die eredienste by en besluit om by dr Jaap te katkiseer. So word Benjamin uit eie oortuiging lidmaat van die NG Kerk in Afrika. In sy matriekjaar is hy op vakansie in die Paarl en hy kom sien my. Hy voel geroepe om predikant te word. Hy kan wel vir opleiding gaan as hy Matriek het, maar hy is nog jonk en sou baie graag eers ’n universiteitsgraad op Fort Hare wou behaal. Ek stem van harte met hom saam, maar hoe kan ons universiteitstudie befonds? Daar is ander kinders wat hulp nodig het om hoërskool toe te gaan en die skoolfondsie kan hom nie verder help nie. “Ons moet maar oor die saak bid,” gee ek ewe vroom raad.

Ek het wel gebid, maar Benjamin het seker ernstiger gebid. Tannie Bets Hendricks, die sekretaresse van die plaaslike Vrouesending-

bondtak, bel my. Mevrouw Badenhorst, wat 'n paar strate van ons af woon, wil my graag spreek. Ek besoek mevrou Badenhorst. Sy deel my mee dat sy tot onlangs die pos van 'n evangelis van die NG Sendingkerk befonds het. Die pos het nou verval en sy wil graag iets doen om die werk van die siXhosa-sprekende deel van die NG Kerkfamilie te bevorder. Wat beveel ek aan? Ek vertel haar van Benjamin wat gretig is om universiteit toe te gaan om hom voor te berei vir opleiding as predikant. "Bring hom dat ek hom leer ken," sê mevrou Badenhorst.

'n Paar dae later meld ek en Benjamin aan by mevrou Badenhorst se voordeur. Sy steur haar nie aan die heersende apartheidsvooroordele nie. Sy nooi ons in na die sitkamer en ons drink tee uit spoggerige koppies. Sy gesels lekker met Benjamin. "Ek borg graag die hoofsaak van sy kostes om vir 'n graad by Fort Hare te studeer," sê sy vir my. En so voorsien die Here in wat vir my in my kleingelowigheid onmoontlik gelyk het.

Benjamin behaal sy graad op Fort Hare met vlieënde vaandels. Hy word by Decoligny deur uiters bekwame professore soos Dawid Bosch, Dirk Odendaal, Jasper Burden, Jannie du Preez, Piet Kamfer en Hennie Pretorius as predikant opgelei. 'n Laaste hekkie bly oor. Patience wat naby Decoligny by die Cicirha Opleidingskollege studeer om 'n onderwyseres te word, is te mooi om mis te kyk en sy is boonop nie ongeneë om 'n *mfundisikazi*, 'n predikantsvrou, te word nie. Maar so 'n agtermekaar bruid verg ernstige *lobola* om haar familie te vergoed as hulle haar aan die Mbenenges afstaan en die Mbenenges is helaas nie al te vermoënd nie. Ek skryf aan al die dominees van die NG gemeentes wat ons ondersteun. Die Here het aan elkeen van hulle 'n eggenoot geskenk sonder 'n greintjie *lobola*. Uit dankbaarheid hoort dit vir elk 'n plesier te wees om tien rand by te dra om 'n jong broeder uit sy penarie te help. Hulle stel my nie teleur nie. Oom Attie van Wyk stuur somer twintig rand. Sy eerste liewe eggenoot is oorlede en die Here het hom nou 'n tweede geliefde wederhelf gegee sonder 'n sent *lobola* vir enigeen van die twee.

Met sy opleiding as predikant agter die blad en gelukkig getroud, kry Benjamin 'n beurs van die goedgesinde Gereformeerde Kerk in die VSA en hy en Patience vertrek na Grand Rapids in Michigan waar hy nagraads studeer. Terug in Suid-Afrika word hy spoedig 'n gerespekteerde nie-dominerende leier in die Kaaplandse Streeksinode van die NG Kerk in Afrika. Vir jare sit ek as aktuaris langs hom aan die groen tafel by sinodes waar hy as moderator die kerk onopsigtelik bekwaam lei. Wanneer ons in 1994 met die NG Sendingkerk herenig tot die Verenigende Gereformeerde Kerk dien ons saam as moderator en assessor op die moderatuur van die eerste vergadering van die Kaaplandse Streeksinode. Hoe wys was meneer Bosman en mevrou Badenhorst nie toe hulle Benjamin se potensiaal raakgesien het nie. Dit laat my dink aan die profeet Samuel wat onder die Here se leiding vir Dawid as toekomstige koning aangewys het.

Daar is siXhosa-sprekendes saam met die Afrikaanssprekendes in die gevangnisse in Klein Drakenstein en Riebeeck-Wes. Die verskillende Protestantse kerke neem beurte om eredienste in die gevangnisse te lei en ek neem ook eenmaal per maand op 'n Sondagmiddag 'n beurt waar. Sommige woon die diens by net om uit die tronksel in die vierkant te kom en sit daar agter. Ander stel dit op prys en sing lekker saam. Toe ek by geleentheid in Johannesburg in die straat stap, kom 'n man oor die straat deur die verkeer gevleg. "*Molo, mfundisi. Ndiyavuya ukukubona* – Dag, dominee, ek is bly om u te sien," sê hy. Dit blyk toe dat hy 'n oud-gevangene uit Klein Drakenstein is.

Die staat bou 'n gevangenis by Wemmershoek, tussen die Paarl en Franschhoek. Die leiers van die politieke beweging Poqo word op Robbeneiland aangehou, maar die gewone lede in hierdie nuwe gevangenis. Hier preek ek in 'n sel vir diegene wat uit eie keuse 'n NG Kerk in Afrika diens wil bywoon, gewoonlik so om en by twintig. Sommige wil katkiseer en ons doen dit by wyse van korrespondensie. Hul oorhandig hul antwoorde aan die bewaarders en

nadat ek dit nagesien het, gee ek dit weer aan die bewaarders om aan die katkisanter te besorg. Ek is nie bewus dat ek enige bepaling oortree nie, maar uit die bloute ontvang ek 'n kennisgewing dat my aanstelling as geestelike werker in gevangenis teruggedruk word. Geen rede word verstrekk nie, ook nie as ek navraag doen nie. Magteloos moet ek maar daarin berus. Van my swart kollegas is sonder verhoor in die tronk gestop. Ek is maar net sonder verhoor uit die tronk gegooi. 'n Paar jaar later in King William's Town, wanneer ek weer aansoek doen, het die gras blykbaar oor my reputasie gegroei en word ek weer as geestelike werker toegelaat.

Gaandeweg raak ek al dieper ingetrek in breër kerklike werk buite die gemeente. Dit is nie net elke Februarimaand se klassee by die taalskool wat my uit die gemeente weghou nie. By my eerste Ringsvergadering word ek as skriba verkies en daarna jaar na jaar as voorsitter van die Ring. By die Sinode word ek as aktuaris verkies en telkens herkies. Nou moet ek elke vier jaar 'n hersiene uitgawe van die Streeksinode se Bepalings en Reglemente in beide siXhosa en Afrikaans uitgee en moet ek raad gee, dikwels oor minder aangename tugsake. Ek vertaal allerlei verslae vir die Ring en Streeksinode. By die Algemene Sinode dien ek op beide die regs-kommissie en die gesangeboek-kommissie. Veral laasgenoemde bring baie werk mee.

Die opdrag van die gesangeboek-kommissie is om 'n gesangeboek saam te stel en uit te gee in parallelle uitgawes in die verskillende tale van die NG Kerk in Afrika. Al die liedere wat in die verskillende Streeksinodes gesing word, moet opgeneem word. Ons kom gereeld in Bloemfontein bymekaar en besluit op 450 liedere om in parallelle uitgawes onder die titel 'Hosana' in Sesotho, Setswana, siXhosa en siZulu uit te gee met die melodie in tonic-solfa notering in vier stemme aangedui. Elk van die weergawes van 'Hosana' moet ons van voor tot agter deur sing om seker te maak dat die weergawe in orde is. Ek is maar musikaal swak geletterd maar ons voorsitter HC van der Merwe is geniaal. Professor Ngcongwane en dominee

Marokana hanteer solfanotering asof dit kinderspeletjies is. Ek hoef net vir hulle 'n wysie te fluit, dan skryf hulle tsjif-tsjaf die solfanotering in vier stemme. En as dit by sing kom, dan sing professor Ngcongwane bas dat die biesies bewe en dominee Marokana laat nie op hom wag met sy tenoor nie. As die singery lekker raak, oorweldig professor Ngcongwane se Zulu-bloed hom en hy klop dominee Marokana op sy rug dat ook hy sommer soos 'n biesie bewe!

Ek is verantwoordelik vir die siXhosa weergawe van 'Hosana'. Sommige liedere is reeds beskikbaar uit Pa se liederbundel en in die bundels van ander denominasies, maar heelwat moet in singbare vorm vertaal word. Uit Afrikaans, Engels en siZulu kan ek vertaal. Mnr Mosomotane, 'n diaken van ons gemeente en dosent aan die universiteit, help my met die Sesotho en Setswana. Evangelis Cedile lees die vertalings deur om seker te maak van die siXhosa. In Bloemfontein sing die kommissie die hele boek deur om die singbaarheid daarvan vas te stel en ek sien dit deur die pers. Nou sing ons ook in siXhosa wat ander lede van die NG Kerk in Afrika in hul tale sing.

Pa se vertaling van die Murray-kinderbybel moet uitgebrei word om by die Bybelkunde-sillabus van die Departement van Onderwys aan te pas en die Bybelgenootskap soek hulp in die lig van die aanpassing van die spelreëls van siXhosa. Ten einde aan die gemeente behoorlike aandag te gee, word dominee Jannie Malan beroep. Wanneer hy 'n pos as universiteitsdosent aanvaar, neem dominee Eddie Scheffler by hom oor. Vir 'n kort tyd werk evangelis Gerald Nongogo met my saam en ek is medeleraar met vertaalopdrag.

## King William's Town en die siXhosa-Bybel

Die eerste sendelinge het vroeg in die agtienhonderds in Xhosa-land hul opwagting gemaak en spoedig pogings aangewend om gedeeltes van die Bybel in siXhosa te vertaal. Met die bystand van dominee Kropf en ander druk dominee Appleyard in 1859 'n Bybelvertaling in siXhosa by Mount Coke suid van King William's Town. So het die Rharhabetes en die Gcalekas, die twee groepe waarin die maXhosa verdeel het, sowel as die aangrensende stamme soos die Thembu's, Pondo's, Pondomise's, Bomvana's en Baca's, sowel as die Fingo's wat uit vrees vir Tsjaka en sy Zulu impi's suid gevlug het, die Bybel in hul eie taal, want almal praat siXhosa met uiters geringe afwykings.

Appleyard se vertaling is die vierde in 'n Afrika-taal. Vroeg reeds is die Bybel in Egipte in Kopties vertaal en in Ethiopië in Amharies. Moffat het Appleyard met twee jaar geklop toe hy in 1857 'n vertaling in Setswana in Kuruman gedruk het.

Appleyard se drukpers kon slegs op dikkerige papier druk en sy 1859 vertaling beslaan vier volumes. Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap tree egter in die bres en in 1862 word die siXhosa-Bybel op rypapier in een omslag gedruk. Appleyard se vertaling is veral op prys gestel deur die Fingo's omdat dit neig om aan hulle segswyses voorrang te gee en vir jare is dit sommige se voorkeur-vertaling. Die Rharhabetes en ander is egter ontevrede en die Bybelgenootskap stel komitees aan om die vertaling te hersien. So verskyn daar hersienings en uiteindelik 'n sogenaamde 'Union Version.'

Die eerste sendelinge sukkel om 'n geskikte skryfwyse vir siXhosa met sy baie klanke te vind. Kropf in sy woordeboek en Appleyard in sy Bybelvertaling maak van allerlei diakritiese tekens gebruik om die Romeinse alfabet aan te vul. Dit word bekend as die ou skryfwyse wanneer dr WG Bennie in die negentien dertigs 'n nuwe skryfwyse bekend stel. Bennie is die kleinseun van dominee John Bennie, een van die eerste sendelinge in Xhosaland. Hy praat en skryf siXhosa van kindsbeen af en is 'n prominente onderwysman. Hy maak gebruik van ses Griekse leestekens om die Romeinse skryfwyse aan te vul sodat elke basiese klank 'n letter het. Die 'Union Version' siXhosa-Bybelvertaling word hier en daar hersien en Bennie skryf dit oor in sy nuwe skryfwyse. Die teks is in paragrawe, maar sonder enige perikoop-opskrifte en die 'Revised Union Version in the New Orthography' word in 1942 bekend gestel.

Skoolboeke word nou by die bekende Lovedale-pers in Alice ook in hierdie nuwe skryfwyse gedruk. Maar ander drukperse kan dit nie druk nie en tikmasjiene kan dit nie tik nie. Onderwysers hou nie daarvan nie en die publiek kla. Wanneer die staat in die negentien-vyftigs die onderwys by die kerke oorneem, besluit die Departement van Onderwys om 'n skryfwyse te ontwerp wat slegs die Romeinse alfabet gebruik. 'n Xhosa-taalkomitee van prominente onderwysmense en skrywers word saamgestel. Met professor Pahl as eerste voorsitter word 'n konsep standaard-skryfwyse vir siXhosa ontwerp en bekend gestel.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kry iemand om Bennie se 'Revised Union Version' in die nuut ontwerpte sogenaamde standaard-skryfwyse oor te skryf. 'n Komitee word die opdrag gegee om perikoop-opskrifte te voorsien. Die resultaat is ramspoedig, beide wat die oorskrywery en die opskrifte betref en 'n Bybel wat geweldig oorloop van drukfoute en probleme met opskrifte sien die lig. Maar die mense wil Bybels hê en die kerke vra dat die ouer weergawe herdruk word. Nog ramspoed volg. 'n Hoë Bybelgenootskap-amptenaar gee opdrag vir 'n herdruk, maar soos die kerke

versoek, moet dit nie die nuwe weergawe wees nie. Die drukker dink dat hy die regte ding doen deur nie die weergawe in die 'New Orthography' te druk nie en die rampspoedige eerste poging in die standaard-skryfwyse beleef 'n tweede oplaag!

Dit is op hierdie stadium dat die Bybelgenootskap my hulp inroep. Ek word eers net gevra om met die uitgee van die Evangelies in afsonderlike boekies te help en dan met die Bybel in geheel. Dit is 'n tydrowende taak om die honderde der honderde regstellings aan te dui en dan die reggestelde teks se strookproewe en blad-syproewe na te gaan. Dit is eers in 1975 dat die 'Revised Union Version' in die standaard-skryfwyse uiteindelik beskikbaar is.

Intussen is ek namens die Bybelgenootskap 'n waarnemer-lid van die Xhosa-taalkomitee van die Onderwysdepartement en is ek teenwoordig met die finalisering van die standaard-skryfwyse, of te wel die standaard-ortografie. Ek kan ook van die praktiese probleme uitwys wat die werk aan die siXhosa-Bybel aan die lig gebring het. Ek leer ken prominente skrywers en opvoedkundiges soos professore HW Pahl en PT Mtuze, hoofman SM Burns Ncamashe en menere H Nabe, DM Ntusi en BCT Mtiya om net 'n paar te noem. Ek vind die bespreking rondom die formulering van terme en die keuring van boeke baie leersaam. Wanneer ek 'n vertaalprobleem met mnr Mtiya bespreek, sê hy, "If that is what you want to say, why don't you say it," en hy kom met die oplossing van die probleem.

Dit is 'n hele onderneming om van Stellenbosch af by verskillende plekke in die Trans- en Ciskei uit te kom waar die Taalkomitee vergader. Ek vlieg byvoorbeeld op 'n Maandag na Oos-Londen, neem die stadige deurnagtrein na Butterworth en haal Dinsdagoggend die bus wat in die laat oggend op Mthatha aankom. Dan sluit ek saam met die ander laatkommers by die vergadering aan waar professor Pahl geduldig vir die komiteelede gewag het soos dit in Afrika betaamlik is. Een oggend is ek beïndruk met die moderne tegnologie toe ek op die stadig bewegende trein duskant



Butterworth op my draagbare radio hoor wat die Amerikaners te sê het toe hulle vir die eerste maal op die maan begin loop het.

Die Bybelgenootskap reël 'n vertalerseminaar by Turfloop en uit Xhosaland word ek en Henry Tipa, 'n Anglikaanse teologie student, genooi om dit by te woon. Dit is skoolvakansie en die Bybelgenootskap reël vir slaapplek in 'n laerskool koshuis in Pietersburg, die huidige Polokwane. Die wasbakke in die badkamer is so laag dat die mans wat soggens skeer en gesig was, lyk soos kameelperde wat suip. Die hoofspreker is die dinamiese dr Eugene Nida uit die VSA. Mense moet verstaan wat hulle lees. Letterlike woord vir woord vertalings met formele ooreenstemming is van min nut. Wat nodig is, is funksionele ooreenstemming. Verstaan wat die grondteks sê en sê dit dan soos wat in die ontvangertaal normaal is. 'n Vertaling moet nie na 'n vertaling klink nie, maar na iets wat oorspronklik in die ontvangertaal gesê of geskryf is. En tale verander gaandeweg sodat 'n nuwe Bybelvertaling lief is in die taal van sprekers in die ouderdomsgroep van 25 tot 30 jaar oud moet wees. Hul taalgebruik is dan redelik gevestig vir die res van hul lewe. Idiomatiese segswyses se betekenis moet vertaal word en idiome wat eie aan die ontvangertaal is, kan waar paslik gebruik word. Grieks hou by voorbeeld daarvan om handeling met naamwoorde weer te gee. As daar letterlik staan 'die geregtigheid van God' dan is die bedoeling om te praat van 'die handeling van God om mense in die regte verhouding met hom te plaas'.

Ek word gevra om 'n opinie oor die RUV, die 'Revised Union Version' van die Bybel in siXhosa, as vertaling uit te spreek. Dit is 'n goeie ekwivalente vertaling, maar die taal is verouderd. Die woord *inkazana* by voorbeeld, het in die verlede enige vroulike persoon beteken en dit word as sulks in die RUV gebruik, maar tans dui dit op 'n ongetroude vrou met buite-egtelike kinders. Die storie word vertel van 'n predikant wat 'n verouderde weergawe van die huweliksformulier gebruik het. Toe hy die bruidegom vra, "Neem jy hierdie *nkazana* as eggenoot?" het hy geantwoord, "Dominee, ek het nie geweet sy is 'n *nkazana* nie!"

Bybelse idiome word ook op niksseggende wyse in die RUV vertaal. Die maXhosa is nie seevarende mense nie en weet nie van skipbreuk ly nie. As daar sprake is van skipbreuk ly aan die geloof sê dit niks om te vertaal dat sommige se uitgeholde boomstam stukkend gebreek het met verwysing na hul geloof nie. Wat nodig is, is 'n nuwe vertaling. (Eers jare later kom dominee Dike met 'n vindingryke vertaling: met sommige se geloof het dit gegaan soos met 'n kalbas vol dikmelk wat te pletter val.)

In ons onervare ywer besluit Henry Tipa en ek dat ons by die seminar aan 'n nuwe verstaanbare vertaling van die boek Romeine sal werk. Om Paulus se brief aan die gelowiges in Rome verstaanbaar te vertaal, is nie kinderspeletjies nie. Genadiglik is Henry briljant slim en hy kom met vindingryke oplossings vir moeilike gedeeltes. Iemand wat met die waarheid vorendag kom, by voorbeeld, het idiomaties sy krop oopgekloof. (As 'n voël dit sou doen, is alles duidelik wat hy geëet het.)

SiXhosa het nie trappe van vergelyking nie. As Paulus sê die gelowiges is meer as oorwinnaars, is dit maar flou om te sê dat hulle op oortreffend wyse oorwin het. Later, by 'n vergadering van die Xhosa-taalkomitee, noem ek die probleem vir mnr Mtiya en hy kom met die oplossing: dit is 'n kampioen oorwinning – *uloyiso olutshatsheleyo*. Wanneer Henry en ek later weer bymekaarkom, het ons sommer 'n titel ook vir die proefvertaling wat die Bybelgenootskap in 1971 uitgee van ons vertaling van Romeine en my en evangelis Nongogo se poging met die Evangelie van Markus.

In die winter van 1973 nooi die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vir my en Dirk Odendaal vir ete by die Here Sewentien in Kaapstad. Hy wil hê dat ek voltyds 'n nuwe funksioneel ekwivalente vertaling van die Bybel in siXhosa koördineer. As ek gewillig is, sal hy met die Sendingkommissie van die Kaapse NG Kerk en die Streeksinode van Kaapland van die NG Kerk in Afrika reël dat ek na die Bybelgenootskap gesekondeer word. En Dirk wat siXhosa kan praat en doktorsgrade in beide die Ou en die

Nuwe Testament het, en tans by die Kweekskool in Stellenbosch professor is, moet asseblief 'n ogie hou dat ons nie die Grieks en die Hebreeus misverstaan nie. Ek moet in kontak bly met die siXhosa-sprekende deel van die kerk en dit is wenslik dat ek as medeleraar met opdrag Bybelvertaling by 'n gemeente ingeskakel word. Ek kan ook aanbly as aktuaris van die Streeksinode. Ek willig in, mits Dirk sal help, wat hy dan ook inwillig om te doen.

'n Bybelvertaling in siXhosa moet om aanvaarbaar te wees, in 'n siXhosa-sprekende gebied gedoen word. King William's Town lyk baie geskik en die Qonce-gemeente van die NG Kerk in Afrika, met swaer Almero Cloete as leraar, is bereid om my as medeleraar met opdrag Bybelvertaling te aanvaar. Die vertaalprojek moet in die begin van 1974 van stapel gestuur word en daar is nog genoeg tyd om huisvesting en kantoorryimte te gaan soek. Ons sit ons huis in Stellenbosch in die mark. Lucia en ek besoek King William's Town, maar ons vind nie 'n geskikte huis te koop nie. Ons kom ooreen met 'n bou-aannemer om vir ons 'n huis te bou by Panoramarylaan 12 en ek koop 'n geboutjie in die middedorp by Walkerstraat 6 wat as kantoor vir die projek kan dien.

Teen middel Desember 1973 trek ons King William's Town toe. Wanneer die meubelwa aankom, is die bouer nog met die laaste afrondingswerkies besig en ek koop hout en vleis vir die meubelwa-manne om hulle met braaivleis gelukkig te hou tot hulle ons meubels kan aflaai. Ek verf die kantoorgeboutjie en sit uitskotmatte op die vloere. Die munisipale wette vereis aparte toilette vir wit en swartmense. Daar is net een antieke toilet agter in die kantoorgeboutjie en ek bou twee nuwe toilette, een met 'n wit sitplek vir dames en een met 'n swart sitplek vir mans. Rondom die Bybel is daar nie ruimte vir rasse-apartheid nie, munisipale regulasies ten spyte.

My aanvanklike taak is tweeledig. Ek moet die bestaande vertaling se heruitgawe in die standaard-skrifwyse deur die pers begelei en vertaalpersoneel werf. Eersgenoemde taak is afgehandel toe die

heruitgawe in 1975 die lig sien. Die sleutel vertaalpersoneel sal nog twee voltydse vertalers wees. Om te besluit wie om te werf, reël ek 'n vertaalseminaar. Dr Kobus Reinecke, die Bybelgenootskap se sekretaris vir vertalings, sal die lesings aanbied en die prinsipaal van die Zwelethemba-Ambagskool in Zwelitsha is gewillig dat ons in die vakansie van sy fasiliteite gebruik maak. Ek ry rond en soek na geskikte persone, veral predikante en onderwysers, wat belangstel. Henry Tipa is nie beskikbaar nie. Hy wil 'n akademiese loopbaan volg en word later professor by die universiteit in Port Elizabeth. Ek gesels by Lovedale lekker met die belowende student Sizwe Satyo maar ook hy verkies 'n akademiese loopbaan en word later 'n professor by die Universiteit van Kaapstad. Die onderwysers blyk maar skrikkerig vir die vertaalprojek te wees, maar daar is wel belangstelling veral onder die predikante. In Mthatha verskoon die eienaar van die hotel vir swartmense my bleek voorkoms en ek kan lekker oor ete met potensieële vertalers gesels. Die vertaalseminaar verloop voorspoedig. Na die tyd is dr Reyneke en ek, sowel as die deelnemers aan die seminaar, van oordeel dat die beste vertalers dominees Edwin Dike en Waugh Nkuhlu is. Dr Reynecke en ek bespreek die



*Besig met die siXhosa Bybelvertaling in ons Qonce-kantoor.  
Ds. Waugh Nkuhlu, ek, ds. Edwin Dike.*

saak met hulle en albei is bereid tot die taak. Die verdere verloop van die projek sou bewys dat dit 'n gelukkige keuse was.

Dominee Dike het reeds 'n huis in Mdantsane en kan die vertaal-kantoor gerieflik bereik. Hy het op Stutterheim as Rooms Katoliek groot geword en is as priester opgelei deur Ierse sendelinge. Sy Engels is onberispelik en hy is volkome tuis in die wêreld van Europeërs. Hy ken selfs 'n bietjie Latyn en Grieks. Maar hy is 'n Xhosa en voel hy moet kinders hê. Gevolglik het hy oorgeloop na die Anglikaanse Kerk en is hy gelukkig getroud en het hy kinders. Ten spyte van sy uitstekende beheer van Engels, sê hy vir my, "Freedom is to speak isiXhosa. Then I can say exactly what I want to say." Hy help nie net dat ons die Rooms Katolieke en Anglikane se gebruikswyses van siXhosa kan in ag neem nie, maar hy is die wetenskaplike van ons projek. Hy besin oor wat hedendaagse siXhosa-sprekendes onder woorde verstaan. Die Bybelvertaling moet nie in kerklike vaktaal gehul wees nie maar moet die alledaagse siXhosa praat wat ons almal gebruik. Sprake van 'n vals profeet ontstel mense nie juis nie, maar 'n predikant wat lieg, is 'n ander storie. Dit beteken allermens dat die vertaling futloos moet wees. Die maXhosa is taalmense, so dit sluit nie die gebruik van die volle rykdom van die taal uit nie.

Vir dominee Nkuhlu kry ek 'n huis in Zwelitsha. Hy is uit huis uit 'n Baptis en teologies is ek en hy die naaste aan mekaar. Hy kom uit 'n prominente Fingo-familie. Sy ouer broer is 'n bekende skrywer en sy neef is 'n gekwalifiseerde ouditeur wat later 'n raadgever van president Mbeki sou word. Hy het 'n kunstenaar se temperament en kan Psalms vertaal dat hulle nie net die betekenis van die oorspronklike oordra nie, maar ook soos gedigte bly klink. Hy betuel homself egter en hang nie die voer so hoog op dat ons gewone sterflinge nie kan bykom nie. Hebreeus gee vertaalprobleme met die liefde vir woordspelings, maar vertaal origins beter in siXhosa as in Afrikaans of Engels. Spanning tussen 'n man se kinders by verskillende van sy vroue en gevegte met spiese en skilde is nie vreemd

aan die onlangse verlede van die siXhosa-sprekendes nie. “Die Israeliete was maar rou,” sê ds Nkuhlu vir my, “selfs rouer as die voorgeslagte van ons siXhosa-sprekendes.”

As tikster stel ek vir Nombeko Hlakanyana aan. Lucia besluit om ’n mini-boekwinkel, Lesani-boeke, aan die gang te kry en Nombeko verkoop Bybels en ander Christelike lektuur uit die voorste kantoor.

Die twee vertalers en ek is die vertaalkomitee met Dirk Odendaal as raadgewer. Dirk is vir ons van onmisbare waarde. Voor ons ’n boek begin vertaal, lig hy ons in oor die boek sodat ons die vertaling vanuit die konteks van die boek as geheel kan doen. Dan vertaal een van die vertalers die boek in oorleg met my en die ander vertaler. Ons kennis van Grieks en Hebreeus is maar gebrekkig, so ons leun swaar op die beskikbare vertalings en kommentare, veral die New International Version wat ’n redelik direkte vertaling is. Ons volg vir die Nuwe Testament die aanbevelings van die Verenigde Bybelgenootskappe in sake die probleme hier en daar met die grondteks. Dan bespreek Dirk ons konsepvertaling met ons en ons bring regstellings aan waar ons misverstaan het. Dirk werk sy klasse vooruit by die Kweekskool in sodat hy elke kwartaal vir ’n week na ons kan kom. Die siXhosa-sprekende Bybelleusers is meer aan hom verskuldig as wat hulle ooit sal weet.

Vir sommige vertaalprobleme het ons raad nodig en ek nader kundige mense om op ’n hersienings-komitee te dien wat van tyd tot tyd vergader om aandag te gee aan vertalingsprobleme wat opduik en oog te hou oor die kwaliteit van ons konsepvertalings. Benewens professor Odendaal dien opvoedkundiges soos mnre Nabe en Matyayisi en geestelikes soos dominees Mbenenge, Taho en Pienaar (van die siXhosa-Woordeboek) en vaders Fischer en Ntaka van die Rooms Katolieke kerk op die hersieningskomitee. Ons projek is heerlik ekumenies. Ons wil nie op ons eie afwyk van terminologie wat in die kerke gebruik word, maar nie in algemene taal sinvol is nie. Die hersienings-komitee stem met ons saam dat ons moet afsien van Griekse woorde soos profeet en apostel en verstaanbaar

moet praat van 'n prediker en 'n gesant. Vir doop moet ons maar hou by *baptiza* om struwelings oor besprenkeling en onderdompeling te vermy. Die naam van die lewende God soos aanbid deur die Israeliete is in die verlede verkeerdelik as *Yehova* aangedui. Die Israeliete het soveel respek betoon dat hulle die naam nie uitgespreek het nie en ons weet nie presies wat dit was nie. Hulle skryf net die konsonante van die naam, maar dan met die vokale van die naam wat as respekvolle vervanging gebruik is. Dit is dus 'n misverstand om die naam direk as *Yehova* te lees. Wat duidelik is, is dat die naam nie 'n titel was nie maar 'n eienaam. Na aanleiding van wat ons in die boek van die uittog, Eksodus, lees, is dit ook duidelik dat die naam 'n aanduiding van God se teenwoordigheid by sy volk weerspieël. Die maXhosa gee eiename na aanleiding van die omstandighede en die vertalers stel voor dat die naam *Ndikhoyo* – Ek wat teenwoordig is – gebruik word. Die naam word aanvaar en so ook later by 'n konferensie in Mthatha om die vertaling voor publikasie bekend te stel.

Om seker te maak dat die vertaling breed aanvaar word, vra ek ook 'n stuk of vyftig invloedryke kerkmense in die Trans- en Ciskei en Kaapland om op 'n raadgewende komitee te dien. Hierdie komitee vergader nie, maar ek stuur afskrifte van ons konsepvertalings aan hulle en verwelkom enige geskrewe kritiek. Geldige punte kry die nodige aandag.

In die sewentigerjare kan duplisering slegs geskied deur middel van wasvelle en afgerolde konsepvertalings. Hersiene konsepte moet telkens van voor af oorgetik word, op die gevaar af van nuwe tikfoute. Posstukke is redelik groot. Maar ons kry die Nuwe Testament klaar vertaal en goedgekeur en die Bybelgenootskap laat dit in 1980 druk. Weer moet die drukker se setter dit tik en ek moet die proewe sorgvuldig lees. Tydrowend. Ek reël 'n bekendstellingsgeleentheid vir die funksioneel ekwivalente vertaling in siXhosa van die Nuwe Testament in die Anglikaanse kerk in Zwelitsha.

Intussen is dit hoofsaaklik slegs die blanke Suid-Afrikaners wat

politieke mag het en die regering probeer om die swartmense na die tradisionele tuislande terug te stuur. Nuwe dorpe met elementêre huisvesting, soos Dimbaza naby King William's Town, word gestig. Daar is nie werksgeleenthede nie en die mense kry baie swaar. Die plaaslike Streeksinode van die NG Kerk in Afrika wys 'n komitee aan om in die nood te help. Die welsynsmaatskappy Mfesane sien om na kinderhuise en gestremdes en Ziphakamiseni Maatskappy word gestig met die oog op werkskepping. Fabrieke wat bril-dosies en beskermende leerprodukte vervaardig, word opgerig. Almero is besturende direkteur en Floris Avenant neem oor as leraar van die Qonce gemeente en word later deur Kobus Oden-daal opgevolg. Die bevolking neem toe en eers Zwelitsha en dan Dimbaza word afgestig en beroep hul eie leraars. Nou bestaan die Qonce-gemeente uit 'n stuk of tien nedersettings rondom King William's Town.

Lucia se ouers besluit om finaal af te tree. Hulle koop die onbe-boude erf reg langs ons s'n en laat bou 'n huis daarop. Vir ons en Almero-hulle is dit lekker om hulle so naby te hê. Aanvanklik is Oupa Ockie nog sterk genoeg om by geleentheid tydens die vaka-ture by Stutterheim se NG-gemeente te gaan preek. Smiddags sleep oupa Ockie se hond Fanjas hom deur die strate wanneer hy met sy kenmerkende kort treetjies gaan stap. Ouma Erika is nog haar gebruike sprankelende self en help uit by die blindesorgvere-niging as supervisor van die onervare jong maatskaplike werkster.

'n Groep van die personeel van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika besluit op 'n toer na Israel. Lucia en ek plaas ons kinders onder Oupa en Ouma se sorg en gaan ook saam. Sedert ek op pad terug van die VSA besoek afgelê het, het die staat Israel die gebied vanaf Jerusalem tot aan die Dooie See van die Arabiere afgeneem. Ons vlieg na Tel Aviv en bly in Jerusalem. Ons verken die stad en besoek per bus die plekke waarvan ons in die Bybel lees. Onvergeet-lik. Dan besoek ons Europa vlugtig. Ons kom op 'n Sondagoggend in Londen aan. Die banke is toe en ons kan nie reisigerstjeks wissel



vir Engelse geld nie. Daar is nog nie outomatiese tellermasjiene soos tans nie. Ons besoek die middag die 'Tower of London' maar die wagte wil ons nie toelaat om die kroonjuwele te sien nie want hulle wil nie ons Franse geld vat om vir toegang te betaal nie. "Ja," sê ek vir die wag met sy hoë mus op sy kop, "dit is hoe julle Engelse is. Julle bring ons diamante uit Suid-Afrika Engeland toe en dan wil julle nie goeie Franse geld aanvaar sodat ons ons diamante kan sien nie."

"Is julle Suid-Afrikaners?" vra die wag.

"Ja," sê ek, "hoekom anders sou ons ons diamante wil sien?"

"Staan net hier," sê die wag. Hy gaan roep 'n ander wag met 'n nog hoër mus op sy kop.

"Ek moet seker wees julle is regtig Suid-Afrikaners," sê die grootmus-wag. "Ek was tydens die oorlog lank in Simonstad. Ek kan maklik vasstel of julle werklik Suid-Afrikaners is. Sing 'Sarie Marais.'"

Ons laat waai tot 'daar onder in die mielies by die groen doringboom.' Hoflikheidshalwe sing ons nie ons tweede vers oor die kakies wat nes die krokodille-pes mens sommer water toe sleep vir 'n lange-lange trip nie.

"Reg so," sê die wag. "Kom." Hy lei ons verby die lang tou mense wat 'n beurt afwag om die skatkamer binne te gaan en laat ons by 'n sydeur in. En daar skitter die kroonjuwele met die vuisgroot Cullinan-diamant in 'n ere posisie.

"Met sulke verstandige wagte wat ons diamante oppas," sê ek vir myself op pad huis toe, "is die Engelse beter mense as wat ek gedink het."

Die Cickei word 'n onafhanklike staat en ek moet namens die Bybelgenootskap 'n grootdruk siXhosa-Bybel aan die Ciskeise stigtingsparlementsitting gaan oorhandig sodat lede daarop ingesweer kan word. Om middernag is ons in die Bhisho-stadion vir die onafhanklikheidsereemonie. Maar, o wee! Wanneer die Suid-Afrikaanse vlag gestryk is en die Ciskeise vlag gehys moet word, is die geleentheid te groot vir die Ciskeise soldaat wat die taak moet uitvoer. Hy moet

een tou los en die ander tou trek, maar hy trek albei en breek die vlagpaal in twee!

Lucia word 'n dosent in opvoedkunde en Bybelkunde by die onderwyskollege in Zwelitsha en behaal 'n meestersgraad in opvoedkunde by die Rhodes Universiteit in Grahamstad. Die blindesorgvereniging in King William's Town vra my om as voorsitter te dien en president Sebe van die Ciskei vra my om as raadgewer lid te word van die bestuur van die Ciskeise kreupelsorgvereniging wat sy vrou stig. Mevrouw Sebe bestuur die inrigting van die vereniging op bekwame wyse en toe 'n student 'n optimistiese program voorlê vir 'n gebalanseerde dieet vir kliënte, sê sy, "This student does not seem to realise that the first requirement for a balanced diet is a balanced budget." President Sebe bel my 'n paar maal en vra ek moet vir hom 'n begrafnisrede skryf – sy toespraakskrywer is net goed met die politiek, maar begrafnisse is nie sy sterk punt nie. Ek het al van president Sebe se toesprake gehoor en ek skryf in sy styl met die nodige verwysings na 'the great Ciskeian nation'.

Slegs blankes wat in die Transkei bly, mag erwe langs die kus huur vir vakansieverblyf en ons moet die huisie en hutte by Sina-ngwana prysgee. Ons koop 'n blybeurtweek buite die vakansieseisoen by Hole-in-the-Wall waar ons lekker in die omgewing kan stap. Kersvakansies kuier ons by ouma en oupa Cloete se vakansiehuis by Vleesbaai. Swaer Almero neem die huis oor en vergroot dit. Dan gee sy gesondheid in en hy tree af. Hy moet noodgedwonge die strandhuis verkoop om 'n woonhuis te kan koop. Lucia en ek blyk die enigste binne die familie te wees wat die markverwante koopsom kan bymekaarskraap en ons neem Mullerlaan 29 oor. Vir korttermyn ontspanning in King William's Town vaar ons mooi-weer Saterdagmiddae met 'n Hobycat op die Piriedam.

Ons kinders word op King William's Town groot. Die Afrikaanse hoërskool het 'n goeie onderwyseres vir Engels en Erika kan beide Engels en Afrikaans in die hoër graad neem. Christoff speel lekker rugby en word vir Grens se onder 15 Cravenweek-span gekies. Gerda

en Ilse moet na die Engelsmedium meisiesskool gaan om in die hoërskool beide Engels en Afrikaans in die hoër graad te kan neem. Die tyd vlieg verby en die kinders begin een-een universiteit toe gaan op Stellenbosch. Elke keer raak die huis nog leër.

As kantore vir Almero se welsynsdienste koop Mfesane Morris Kramer Hall, 'n saal wat in onbruik geraak het by die krimpende Joodse gemeenskap. Ek skuif my kantoor na die agterkant van die gebou en verkoop Walkerstaat 6. Nombeko trou en Portia neem oor as tikster. Die eerste primitiewe rekenaars en fotostaatmasjiene kom in die mark. Almero en ek koop Exidy rekenaars en Spellbinder woordverwerkingsprogramme. Ons 'daisy wheel' drukkers werk met 'n lint en druk 25 karakters per sekonde. Die rekenaars het min geheue en berg data op slap skywe teen vier bladsye per legger. As die krag flikker, stort die rekenaar in duie. As dit onklaar raak, wat dikwels is, kan dit net in Johannesburg herstel word en moet dit met 'n meubelwa heen en weer vervoer word. Maar dit is 'n groot verbetering op wasvelle en 'n afrolmasjien. En dan kom beter IBM-rekenaars en Xerox-fotostaatmasjiene in die mark en meer kompakte konsepte kan na die lede van die raadgewende groep gestuur word.

Gaandeweg is groot gedeeltes van die Ou Testament vertaal en goedgekeur en die konsepvertalings is amper klaar. Ds Dike se gesondheid gaan agteruit en hy sterf. Ds Nkuhlu aanvaar 'n hoë pos in die Baptiste kerk maar bly aan op die hersieningskomitee. Dirk Odendaal sterf tragies in 'n motorongeluk. Ds Mbenenge en mnr Hobson Nabe help met die vertaling van Klaagliedere en die kleiner profete om die Ou Testament te voltooi. Waar ek onseker is oor die Hebreeus gaan vra ek hulp by professor Piet Verhoef in Stellenbosch. Toe hy in die eksamens by die Kweekskool die vrae gevra en ek die antwoorde probeer gee het, het dit maar broekskeur gegaan. Maar as ek vra en hy antwoord, gaan dit uitsonderlik goed! Ds Mbenenge kom gereeld na King William's Town en ons gaan die vertaling na om seker te maak dat alles in orde is en in

1994 is ons groot taak afgehandel. Ek kom agter hoe die Handelsdrukkery in Parow, wat die Bybel gaan druk, se rekenaarprogram aanmekaar sit en ek formateer ons manuskrip so dat dit nie van voor af weer geset hoef te word nie. Op die druk van die Bybel na is die taak voltooi.

As medeleraar van Qonce-gemeente preek ek Sondae in van die verskillende nedersettings rondom King William's Town. Donderdagaande kom ons klompie NG predikante bymekaar en bespreek die preke wat ons van plan is om die Sondag te lewer. Ons beleid is dat preke liefsvol gekritiseer moet word voordat hulle gelewer word, eerder as agterna. Ek haal nou nog skoonpa Ockie se advies dat die inleiding van 'n preek nie te lank moet wees nie aan: "Die prolegomena moet nie so lank wees dat dit afbreuk doen aan die perorasie nie."

Ek word telkens herkies as aktuaris van die Streeksinode. Die landspolitiiek is gespanne en swartmense is verstaanbaar ontevrede met die blanke oorheersing en die apartheidsbeleid. Dit bring ook spanning in die NG Kerk in Afrika mee en sommige is van oordeel dat blanke predikante nie in leiersposisies moet dien nie. Een leraar organiseer onsuksesvol dat ek nie as aktuaris herkies moet word nie. Die Streeksinode raak betrokke by 'n ernstige hofsak en ek beredder die sak so dat die fonds waaruit leraars se salarisse gesubsidieer word nie groot skade ly nie. Die dominee maak vrede deur my te bel en te sê hy is dankbaar dat juis ek as aktuaris gekies is en die sak kon behartig.

Mfesane skuif sy hoofkantoor na Kruispad by Kaapstad en Almero en Adela trek na Somerset-Wes. Oupa en Ouma Cloete verkoop hul huis en hervestig in Aristeia, 'n oord vir bejaardes by Durbanville in Kaapstad. Eers Oupa Ockie en dan Ouma Erika sterf. Ons dank die Here vir hul vrugbare lewens. Hulle word in Durbanville begrawe. Lucia en ek moet daarby aanpas dat ons geslag nou die oumense is.

Ons kinders bereik hulle ouderdom en Erika en Charl staan

voor in die ry. Dit is nuttig as pa 'n huweliksbevestiger is. Ek bel die NG Sendingkerk se dominee in Franschhoek en vra of ons hulle kerkgebou kan gebruik. "Julle is welkom," sê hy. "Die koster sal sorg dat die kerkgebou oopgesluit is." Ons vind dan ook alles in orde en die seremonie verloop sonder 'n haakplek. Ek is beïndruk met die bekwame en vriendelike koster. Ek bedank hom en gee hom 'n behoorlike fooritjie wat hy met dank ontvang. "Sê asseblief ook danke aan julle dominee vir sy vriendelike bemiddeling, so sonder dat ons mekaar eers ontmoet het," sê ek en vertrek na die onthaal by Delaire op pad na Stellenbosch. Wat was my verbasing groot 'n jaar of wat later met die eerste sinodesitting na die vereniging van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika toe dit blyk dat dit nie die koster nie, maar die dominee self was wat die kerk vir ons oopgesluit het!

Erika en Charl se dogtertjie, Mila, word gebore – die eerste van wat later sou blyk ons tien kleinkinders te wees. Die vreugde van kleinkinders te hê is so groot dat dit my glad nie hinder dat ek nou met 'n ouma getroud is nie.

Dan is dit Gerda en Theuns se beurt om te trou. Die vrouedominee van 'n Anglikaanse gemeente in Grahamstad is gewillig dat ons haar mooi kerkgebou gebruik vir die seremonie. Mila is die oulike piepklein blommemeisie. Die onthaal agterna in die sportkompleks van Graham College, waar Gerda skoolhou, verloop gesellig. Theuns se oumas leef nog en kan die vreugde met ons deel.

Die NG Sendingkerk is verstaanbaar ontsteld oor die diskriminasie teen mense van kleur en die teologiese dwaling dat diverse mensegroepe onversoenbaar is, ook al is hulle mede-Christene. Hulle formuleer die Belydenis van Belhar en propageer die hereniging van die NG Kerkfamilie tot een kerk. Die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika vergader in Mitchell's Plain en 'n oorhaastige besluit tot vereniging met die NG Sendingkerk kom onder bespreking. Ek is van harte ten gunste van kerkeenheid. Verskeidenheid moet nie gesien word as die grondslag vir verskillende kerke nie, dit

moet binne een kerk geakkommodeer word. Maar die regsgrondslag vir hereniging moet in plek wees, anders kan enkele afvalliges aanspraak maak op al die kerk se bates. Dwang moet ook nie toegepas word om die Belydenis van Belhar te aanvaar nie. Die saak is emosioneel en enige teenstem word as teenstand teen kerkeenhed geïnterpreteer. Wanneer die moderator die saak oorhaastig tot stemming bring, is al raad dat ek op die vloer gaan sit om nie deel te hê aan die onbesonne besluit nie.

Dan verdaag ons sinode om saam met die sinode van die NG Sendingkerk in Belhar te vergader. Die indruk is dat die twee susterkerke nou hals-oor-kop gaan verenig tot een kerk. Ons kry sitplek in die kerk saam met die Sendingkerk se sinode en daar is geen beswaar as die twee moderature professor Jaap Durand die voorsitterstoel laat inneem nie. Ek is baie bekommerd. Hoe kan verstandige mense soos Jaap Durand en dr Russel Botman so ontspanne lyk oor 'n onbesonne besluit wat uiters nadelige regsgevolge kan hê? 'n Voorstel van die twee moderature kom ter tafel en nou moet ek vasbyt om my lag te hou. Wat voorgelê word, is nie 'n mosie van vereniging soos ons sinode se verwagting was nie, maar 'n mosie van die voorneme tot vereniging. Die mosie word deur albei sinodes aanvaar. Na die tyd is daar verwarring by sommige van Kaapland se afgevaardigdes en die Streeksinode se moderatuur moet verduidelik: ons is nog nie getroud nie, net verloof.

Ons gebruik die interim om sake in orde te kry vir vereniging met die NG Sendingkerk. Die Kaaplandse Streeksinode vergader in Zwelitsha en eers die onderskeie Ringe en dan die Streeksinode besluit eenparig sonder enige teenstem tot die vereniging. Die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika vergader in Pretoria en die nodige besluite word geneem om vereniging kerkregtelik moontlik te maak. Dan vergader die Algemene Sinodes in 1994 saam in Belhar en die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk verenig vreugdevol sonder teenstem tot die Verenigende Gerefor-

meerde Kerk in Suider-Afrika. Terug tuis is daar egter ontevredenheid by sommiges in streeksinodes waar die ringe en hul gemeentes nie vooraf tot vereniging besluit het nie, en hulle steek vas. Maar by ons in Kaapland is daar geen regsgronde vir beswaar nie en die klein groepie ontevredenes breek op hul eie weg. Baie jammer.

Die nuutgestigte Streeksinode van Kaapland, wat vanaf die Oos-Kaap, deur die Suid- en Wes-Kaap tot in Namibië strek, vergader in Kaapstad. Die sinode sit die hele saal vol met Afrikaans- en siXhosa-sprekende lede en daar moet getolk word. Ek hoop maar dat ek nie tot aktuaris gekies word nie. Die wette en bepalinge van die twee sinodes wat verenig het, moet met mekaar versoen word en versoeke om regsadvies in die groot sinodale gebied kan vermoedelik baie wees. Tot my totale verbasing word ek as moderator gekies. Seker omdat ek in beide siXhosa en Afrikaans tuis is. Nou moet ek en die assessor, ds Mbenenge, die orde handhaaf en 'n druk agenda afhandel in 'n groot vergadering vol lede met hulle eie opinies. Genadiglik verloop alles goed.

Ons beleef groot politieke omwenteling. Die blanke Suid-Afrikaners besef dat Suid-Afrika nie langer in die blankes se uitsluitlike belang regeer kan word tot nadeel van die ander bevolkingsgroepe nie. Die poging om onafhanklike tuislande vir swartmense te stig, is onvoldoende en die land raak onregeerbaar. Die ANC word ontban en uitgerekte samesprekinge vind plaas. Die tuislande soos die Transkei en die Ciskei moet hul gewaande onafhanklikheid prysgee en deel van die nuwe Suid-Afrika word. Dit gaan nie sonder spanning gepaard nie. In Bhisho ontaard dit in bloedvergieting en 'n aantal betogers word doodgeskiet. Lucia en ek is met afgryse gevul wanneer ons die geweerskote hoor waar ons na middagete voor ons huis in Panoramarylaan koffie sit en drink.

Uiteindelik kom die belangrikste partye tot 'n vergelyk en 'n nuwe konstitusie kom tot stand. In 1994 word verkiesing gehou met stemreg vir almal. Ook in King William's Town staan ons in 'n lang algemene tou om ons kruisies te trek. Mnr Nelson Mandela

word die president en die parlementêre meerderheid hoort aan die ANC. By 'n konferensie van leraars van siXhosa-sprekende gemeentes spreek professor Willie Jonker 'n ontstellende profetiese woord: “Broers, die goeie nuus is die veertig jaar van swaarkry onder die regering van die Nasionale Party is verby. Maar, broers, die slegte nuus is veertig jaar van swaarkry onder die regering van die ANC het pas begin.”



## Mbekweni

Teen Februarie 1995 is die funksioneel-ekwivalente Bybelvertaling in siXhosa voltooi en die manuskrip persklaar. My sekondering na die Bybelgenootskap verval en ek is weer in diens van die Wes- en Suid-Kaapse NG Kerk. Die Stellenbosch-wyk van die Drakenstein-gemeente van die VGK het afgestig en die Paarl-Franschhoek-Malmesbury deel is nou die Mbekweni-gemeente. Die gemeente is vakant en met die ondersteuning van die NG Kerk en die Freddie Kirsten-trust beroep die Kerkraad my en ek word weer leraar van die gemeente waaruit ek een-en-twintig jaar tevore vertrek het.

Die NG Kerk se Sendingkommissie het 'n vakante pastorie in Kingfisher Walk in Pinelands en stel dit tot ons beskikking. Dit is gerieflik naby ons Streeksinode se kantore in Belhar waar ek in my hoedanigheid as moderator baie verantwoordelikhede het. Maar ek moet telkens in die pad val na die Paarl, Franschhoek of Malmesbury. Die swaartepunt van die gemeente is in Mbekweni tussen die Paarl en Wellington en Lucia en ek bly dikwels 'n nag oor in een van die baie gastehuse in die omgewing, of by Nelis en Liezl du Toit in Agter-Paarl gemeente. Van die gemeentedele wat ek nog ken van voor ek weg is na King William's Town is sommige nog in die gemeente, maar daar is ook nuwes, soos die onderwyser meneer Viwe Mjodo wat positiewe leiding gee. My mentor, ouderling Moahlodi, is nou al oud en rustend en ek het die hartseer taak om sy begrafnisrede te hou. Ek het ook die moeilike taak om die begrafnisrede te hou vir sy kleinseun wat tydens 'n rooftog in 'n struweling met die polisie doodgeskiet is. Die familielid wat moet

vertel hoe hy dood is, staan net op en sê, “Die boere het hom dood-geskiet,” en gaan sit weer. Gewoonlik word in detail vertel wat die dood vooraf gegaan het. En dan moet ek opstaan en preek. Al waarvan ek kan dink, is Paulus se woorde dat die kwaad oorwin moet word met die goeie.

Ons beleef baie vreugdes saam met die gemeente in Mbekweni, soos met Paasfees en konferensies. Die vrouelidmate is lief vir Lucia. Sy ontvang kleurvolle siXhosa-kleredrag, kopdoek en al, en die naam Nobulali – Moeder van sagmoedige nederigheid. Om fondse vir die gemeente bymekaar te kry, probeer ons ’n dinee hou. Ons is die enigste siXhosa-sprekende gemeente in die Afrikaans-sprekende VGK Ring van Wellington en hoop op die steun van ons buurgemeentes. Maar dinees is nie Afrika ge-oriënteer nie en ons sukkel om gelyk te breek. Dan slaan ons oor na wat ons ’n ‘cultural day’ noem. Ons trek tradisionele maXhosa-klere aan en stal ons kralewerk, biersiwwe, hout melkimmers, assegaaië, kieries en so meer uit. Die gaste word getrakteer met stampmielies en *marhewu* (dun suurpap). Die leierouderling voer danspassies uit met klingelende droë sade om sy enkels en ’n begeesterde gemeentedogter steek ’n prysgedig af. Alles baie vrolik en insiggewend vir gaste uit buurgemeentes. En goed vir ons gemeente se fondse.

Lucia en ek geniet die maandelikse byeenkomste van die Ring se predikante. Ons beur mekaar as kollegas op. Die Ring hou op Pinkstersondag ’n gesamentlike byeenkoms op ’n sportveld. Een jaar is ek verantwoordelik vir die reëlings. Ek is getref met hoe ’n agtermekaar klomp mense die VGK se lidmate in die Paarl en Wellington is. Dit is geen probleem om ’n gemeubileerde verhoog met luidsprekerstelsels op die veld opgerig te kry nie. Al probleem wat ek op die lyf loop, is ’n lidmaat wat ontevrede is omdat ek iemand anders gevra het om die programme (sonder betaling) te druk.

Met instromingsbeheer iets van die verlede het heelwat siXhosa-sprekendes by Franschhoek ingetrek en ’n informele woonbuurt op

munisipale grond opgerig. Ons evangelistewoning en kerkgeboutjie op die ou uitspanning in Wemmerskoek is nou te eenkant. Die Kerkraad vra die Munisipaliteit vir 'n perseel om 'n kerkgebou op te rig. Ons verneem dat 'n woonbuurt vir die toekoms beplan word en ons dan aansoek kan doen vir 'n kerkperseel. Ons wil nie vir jare wag nie en vra die politieke organisasie wat beheer oorgeneem het oor die informele woonbuurt vir 'n erf. 'n Kerkerf is 'n vreemde konsep, maar ons evangelis kan 'n erf kry vir informele bewoning. Maar die beskikbare erf is bo teen die berg. Dit is te onbereikbaar eenkant vir 'n informele kerkgebou, voel die Kerkraad. Wat van die ou ronde reservoir in die middel van die woonbuurt? Daar word nou net rommel ingestrooi? Kan ons nie dit kry nie? "Ja, seker," is die antwoord.

'n Goedgesinde lidmaat van die NG Kerk kom met sy bakkie en ry vragte rommel uit die ou droë reservoir weg. Ons wyksouderling en 'n NG Kerk dominee rig 'n paal in die middel van die ronde dam op en sit 'n dak op. Hulle installeer 'n deur en vensters in die mure van die dam en siedaar, ons het 'n ronde kerkgebou. Maar nie voordat die dominee van die dak afval en sy arm breek nie. Teen die werk klaar is, en die dominee se arm gespalk is, is ons ouderling en die dominee sulke goeie vriende dat die ouderling die dominee vir ete nooi in sy opslaanhuis. En dit is nie sommer so 'n ete nie, want die ouderling se vrou is die kok by een van Franschhoek se spog restaurante.

Met die hulp van die plaaslike NG gemeentes koop ons 'n huis in die woonbuurt wat grens aan die informele woonbuurt. Nou woon die evangelis en sy familie in 'n stewige huis naby die middelpunt van die plaaslike siXhosa-sprekende gemeenskap.

Op Malmesbury het die Munisipaliteit erwe beskikbaar gemaak vir informele behuising en bou stadigaan formele huise op die erwe. Ons hou kerk in 'n ouderling se informele motorafdak. Ek vra die plaaslike NG gemeentes of ons nie gehelp kan word om 'n kerksaaltjie op te rig nie. Die plaasboere in die omgewing rig mos

maklik 'n skuur op met 'n staalkonstruksie en sementblok-mure. "Nee, dominee," is die antwoord. "Dit klink vir ons jy wil 'n skuur oprig, maar ons dink julle het 'n kerkgebou nodig. Los die saak liewer vir ons."

Goedgesindes werk saam, almal teen kosprys, en dit is nie hoe lank nie of ons kan 'n sierlike kerkgebou inwy. Vir die Swartland se christene is naastediens 'n plesier. 'n Plaaslike dominee help om lidmate van 'n plaas af dorp toe te vervoer vir die diens. Toe hy hulle oplaai, groet hy hul Afrikaans-sprekende buurvrou, "Dag, ek is Van Rensburg."

"O," sê die buurvrou. "Ek dag meneer is van Malmesbury."

My verpligtinge as moderator van die Streeksinode hou my baie besig en ek is elke nou en dan in Belhar by die kerkkantoor vir 'n kommissievergadering. Daar is ook baie vertaalwerk om die siXhosa-sprekende lidmate ingelig te hou. Ons VGK lidmate in Namibië wil afstig en hul eie streeksinode op die been kry. Ek vlieg tweemaal na Windhoek. Die nuwe streeksinode gaan so veeltalig wees dat daar nie een taal is wat almal kan praat en verstaan nie. Voor 'n besluit geneem kan word, verdeel die vergadering in taalgroepe en word die saak verduidelik. Maar almal is insiklik en die reëlings vlot. Met die tweede besoek preek ek in Katatura en die VGK se Streeksinode van Namibië word amptelik gestig.

Ek neem verlof en ons gaan toer in Europa op die goedkoop manier deur 'n motor te huur en saans 'n tent op te slaan. Gerda gaan saam en Ilse is reeds in Switzerland. Ons toer lekker maar een nag tref 'n stormwind en donderstorm ons in die noorde van Spanje. Gerda en Ilse se tent waai om en hulle moet die nag in die motor deurbring.

Ilse het vir Michael in Switzerland ontmoet en hulle kom Suid-Afrika toe om te trou. Ek reël die troue in die VGK se mooi kerk op die Braak in Stellenbosch. Dan is dit Christoff en Christiana se beurt by Suikerbossie bokant Houtbaai. Gaandeweg word ons al hoe meer

op pad daarna om uiteindelik met tien pragtige kleinkinders te kan spog.

Ons kry weer koers Europa toe. Nou gebruik ons Michael se motor en Ilse kan bestuur. Ons ry deur talle interessante stede in Oos-Europa. Dan sluit Michael by ons aan en ons ry noord. Noorweë is so mooi dat jy jou oë nie kan glo nie. As jy by elke mooi uitsig wil stop vir 'n foto sal jy nooit gery kry nie. Nou stop jy nie vir 'n foto nie, jy neem 'n foto wanneer jy stop.

Desember 1999, wat so ver geklink het, het skielik aangebreek en ek is 65 jaar oud – aftree ouderdom. Ek tree wel af, maar die Kerkraad van Mbekweni reël met my dat ek nog vir drie jaar sal aanbly as aflosleraar. Ek kry net 'n reistoelaag en ons leef op my en Lucia se pensioene. Die Freddie Kirsten-trust en die plaaslike NG gemeentes is bereid om met hul subsidies aan die gemeente aan te hou en dan kan ons van die Munisipaliteit van die Paarl die perseel koop waarop ons kerkgebou staan. Ons het slegs okkupasiereg gehad in die vorige bedeling. Nou het ek nie meer sinodale verpligtinge nie en kan rustig aan die gemeente aandag gee. Ek verduidelik die verskil tussen 'n leraar en 'n aflosleraar vir die Kerkraad. 'n Leraar is 'n predikant wat by die kerkraad hoor wanneer hy op verlof kan gaan. 'n Aflosleraar is 'n predikant by wie die kerkraad hoor wanneer hy gaan werk!

Ons het ons huis op King William's Town verkoop gekry en ons koop Orioleslot 16 en 14 in Lake Michelle in Noordhoek: *Mazenethole*, 'n koei met 'n kalf, m.a.w. die groter huis met sy kleintjie langsaan. In siXhosa is *Mazenethole* 'n segswyse om voorspoed toe te wens. Met die nuwe bedeling wat in Suid-Afrika aangebreek het, het huispryse geval. Ons verkoop sleg in King William's Town maar koop goed in Noordhoek. Ilse en Michael trek in nommer 14 in en Michael werk by 'n plaaslike maatskappy. Met hulle as bure is die verblyf in die mooi omgewing nog aangenamer.

Maar daar is 'n onaangename episode. Toe ek my linkerarm oplig om geld in 'n parkeermeter te gooi, kry ek 'n kortstondige pyn in

my bors en my keel trek toe. Ek is dokter toe, maar niks fout is te bespeur nie. Ek kry wel pille om onder my tong te plaas as dit weer sou gebeur. En dit gebeur ook weer. Sommer daardie selfde aand toe ek my linkerarm oplik om my slaaphemp aan te trek. En die keer voel dit asof 'n vrag bakstene op my val. Lucia laat kom die dokter en ek moet hospitaal toe. Die are na my hart het gedeeltelik verstop geraak: 'n Driedubbele aaromleiding volg.

Kort na die operasie blyk dit dat daar 'n lekkasie is waar van die are geheg is. My borskas word vir die tweede maal oopgemaak. Maar ek bly swak. Nou is daar bloed in my hartsak en die dokter moet 'n gat in my borskas steek om dit uit te tap. Vir twee weke wissel ek in die hospitaal tussen intensiewe sorg en hoë sorg voordat ek huis toe gestuur word om te herstel. My bolyf is so seer dat ek nie op my sy kan lê nie en op my rug lê is uiters ongemaklik. Ek raak eers aan die slaap wanneer ek droom dat twee engele my op hul vlerke dra. Dit blyk agterna dat die waterengel wat my af en toe lawe Lucia is. Die pynstillende morfien tas my aan en ek steek 'n digterlike preek af. Die opvolgbesoek aan die dokter is vermoeiend. Volgens hom het ek 'n sestig persent kans gehad om die operasie te oorleef. Ek begin stadig regkom en oefen deur om-en-om in die kombuis en woonkamer te loop. Mettertyd raak ek al hoe sterker.

Met Paasfees 2003 tree ek af as aflosleraar en die gemeente reël vir ons 'n afskeid in Mbekweni. Drie-uur, die afgesproke tyd, die Saterdagmiddag is omtrent net ons en 'n NG Kerk predikant daar. Na lange laas is die kerk vol. Dit is toesprake en presente. Selfs groepe uit die siXhosa-sprekende buurgemeentes kom deel in die verrigtinge. Een geskenk is selfs 'n lewendige skaap wat sing-sing die kerkgebou ingedra word. Gelukkig is een van ons kerkraadslede 'n slagter en ek kan hom vra om die skaap vir ons te slag. Ek lag in my mou, want die minder vleierende bynaam vir Afrikaans-sprekendes is *amaDlagusha*, skaap-eters. Lucia en ek is so besig met aandag gee aan al die presente en goeie wense dat ons eers teen

middernag kans kry om die ete te geniet wat die gemeentevroue vir die geleentheid vir almal voorberei het. Nou het ek geen formele verbintenis meer met Mbekweni nie, maar in my gemoed sal ek altyd aan die gemeente verbonde bly waar ek vir twee termyne gedien het.

## Noordhoek

Na my finale aftrede is die lewe rustiger. Nou hoef ons nie Sondag haastig die pad te vat na die Paarl, Franschhoek of Malmesbury nie. Sondag besoek ons van die plaaslike gemeentes: die VGK in Ocean View, die NG Kerk in Vishoek, die Church of England in Vishoek, die Presbiteriaanse gemeente in Masiphumelele en die VGK in Khayelitsha. Eintlik voel ek net in Khayelitsha se VGK tuis, maar dit is te ver en ons besluit om om die beurt VGK in Ocean View en NG Kerk in Vishoek toe te gaan. Ons wag maar nog op kerkhereniging voor ons onself uitsluitlik aan een gemeente verbind.



*Op besoek aan  
Isilimela preek  
ek vanaf die  
preekstoel met die  
sewe sterre.*



Een Sondag besoek ek 'n Sioniste gemeente in Masiphumelele. Die gemeente is begeester en dans al rondom die persoon wat in die middel van die hut geesdriftig dromslaan. Ek is geraak wanneer die voorganger die saligsprekinge as deel van die liturgie gebruik. "Geseënd is julle wat arm is," sê hy. "Want die koninkryk van God behoort aan julle," antwoord die gemeente. Sommige van die skare wat na Jesus geluister het, het seker ook so armoedig voorgekom as 'n paar van hierdie gemeentelede, dink ek. Hulle kon maar gesê het die voordeel om deur God regeer te word, behoort aan hulle.

Ons besoek nog af en toe die Oos-Kaap, veral om ons blybeurtweek by Hole-in-the-Wall te benut en by ons kinders in Grahamstad te kuier. By geleentheid besoek ons Port St Johns en Isilimela en die konsulent van die Isilimela-gemeente wat vakant was, vra my om die Sondag daar te preek. So staan ek op die preekstoel met 'n kanselkleed versier met die Sewester, *isilimela* in siXhosa, op die plek waar ek meer as sewentig jaar tevore gedoop is.

Op ons oornag-in-'n-tent-metode gaan toer Lucia en ek saam met swaer Almero en Adela en hul jongste dogter Almarie in Portugal en Spanje. Ons is beïndruk met die More se nalatenskap in Spanje. Ons verken ook België en Nederland met 'n draai in Engeland en Ierland. Ons reën lekker nat in Engeland en Ierland.

Ons koop 'n viertrek bakkie en gaan toer in Botswana saam met Koos en Boadicia Bredell. Almero en Adela sou ook saamgaan, maar Almero se gesondheid laat dit nie toe nie en swaer Tjoeks en Elsabe sluit op kort kennisgewing by ons aan. Koos en Boadicia het 'n woonwa, maar ons en Tjoeks-hulle slaap in tente. Twee dae nadat ons by Noordbrug in Botswana gekamp het, lees ons tot ons ontsteltenis dat 'n seun daar in sy tent deur 'n hiëna doodgebyt is. Terug by die huis begin ek ondersoek instel na daktente. Dan sien ek 'n advertensie van 'n beknopte abba-karavaan en ons besluit om die Recco te bestel. Gemonteer op ons bakkie hernoem ons dit tot *Jongi*, kort vir *Jongilizwe*, aanskou die landskap.

Nou slaap ons hoog en het 'n ingeboude vrieskassie. Ons pak baie



Bo: Teetyd in die Richtersveld.

Onder: Met Jongi, ons abba-karavaan, in die Tankwakaroo.

toere oral in Suid-Afrika rond aan. So besoek ons 'n paar maal die Richtersveld. Ek kan my aan niks aangenamer voorstel as om op die suidelike wal van die Oranjerivier te kamp nie. Marthinus Steyn, wat in Zimbabwe groot geword het, reël 'n toer vir sy familieleden na Mosambiek en ons kan ook saamgaan. Ons ry tot in noord-Mosambiek en besoek onder andere Mosambiek-eiland waar die Portugese koloniste 'n poging aangewend het om 'n replika van Lissabon op te rig. By 'n ander geleentheid sluit ons en die Bredells aan by 'n toergroep en ons ry deur Zambië en Tanzanië tot amper by die ewenaar in Kenia en terug deur Malawi. Ons verstom ons aan die baie blouwildebeeste in die Serengeti- en Masai Mara-wildreservate. Later is ons saam met die Bredells na die sendingstasie by Milange in Mosambiek waar ek sand en stene aanry terwyl Koos Bredell die sendeling se huis herstel. Ons geniet Malawi ook en ry vandaar na die Suid-Luangwa-wildreservaat in Zambië. Dit is die beste wildreservaat van die baie wat ons in ons omswerwinge te sien kry. In die reënseisoen loop die Luangwarivier oor sy walle en wanneer die water sak, laat dit oop vleie met welige gras vol wild. Ons sien hoe 'n alleenloper leeu op die vlug slaan toe 'n buffel op kom afgestap kom. Die kamp is nie omhein nie en 'n olifant loop een nag sommer langs ons verby waar ons in Jongi lê.

Af en toe doen ek stukkies vertaalwerk. Op versoek van die Bybelgenootskap vertaal ek allerlei. Die belangrikste is die puik Lion Kinderbybel. Hennie Pretorius kry by Annemie Bosch die siXhosa-preke wat David Bosch by Madwaleni en Decoligny gepreek het en hy maak 'n seleksie vir publikasie. Ek redigeer die teks en Fezile Mbenenge gaan die manuskrip na voor ons dit pers toe stuur. CLF-uitgewers gee die bundel uit met die titel *Vuthelani ixilongo*, 'Blaas die Basuin'.

Die digter Antjie Krog wil graag die hoë gehalte van die gedigte in ons plaaslike Afrikatale ook vir die Afrikaans-sprekende gemeenskap toeganklik maak. Sy werk aan 'n bundel met vertalings en vra my om haar te help met die vertaling van siXhosa-gedigte. Haar



*Antjie Krog dra haar vertaling in Afrikaans voor,  
van 'n siXhosa-gedig wat ek voorlees.*

siXhosa-sprekende helpers se vertaling as 'die saak is goed nagevors', kan ek die siXhosa-idioom vir haar uitlê en vertaal as 'die murg is goed uit die been geklop'. Na Antjie haar vertalings publiseer as 'Met Woorde soos met Kerse' vra sy my by 'n hele paar geleenthede, soos by die Woordfees op Stellenbosch, om die siXhosa oorspronklike voor te lees terwyl sy dan volg met die vertaling. Veral die siXhosa-sprekendes wat dit hoor, is beïndruk dat ook bleekgesigte soos 'n *mbongi*-prysdigter kan klink. Vir geleenthede soos 'n poësiefees op Spier vra Antjie my om ook vertalings in siXhosa van gedigte te maak en voor te dra. My dogter Erika praat my om om van die gedigte as die boekie 'Twintig Verse in Vertaling' te laat druk.

Antjie fasiliteer ook 'n slypskool en kry 'n groep vertalers aan die werk aan 'n reeks van agt boeke met verhale en gedigte wat uit die plaaslike Afrikatale in Engels vertaal word en deur Oxford University Press as 'African Pulse' uitgegee word. Ek werk saam met die Engelse digter Gabeba Baderoon aan bydraes vir die digbundel 'Stitching a Whirlwind'. Nou kan die Britte ook hoor dat die volksdigter Mqhayi in sy lofgedig vir die besoekende Prins van Wallis met digterlike

vryheid gesê het: “No, Great Britain! / Here you come with a bottle and a Bible. / Here you come with a preacher arm in arm with a soldier. / Help us, oh God, to which one should we yield?”

Ons dogter Ilse vertel ons dat sy tydens haar navorsing vir haar doktrale skripsie vir pastoor Jonathan Clayton van die Hope Prison Ministry ontmoet het. Sy is beïndruk met sy kursus in Herstellende Geregtigheid wat hy in die gevangenis by Pollsmoor aanbied. In al my jare as predikant was ek gewoond daaraan dat die Protestantse kerke saamwerk en beurte maak om Sondae eredienste in gevangnisse te lei. In die verbyry by Pollsmoor het ek juis gewonder of ek nie dalk daar kan help nie. Lucia en ek woon as waarnemers 'n dag se verrigtinge van Jonathan se kursus in herstellende geregtigheid by. Ons is hoogs beïndruk met Jonathan se praktiese kommunikasie-vermoë en sy inspirerende benadering. Regspleging moet nie primêr gerig wees op straf nie maar op herstel. Die primêre doelstelling is om die misdadiger te help om die boosheid van sy




*Tydens 'n Herstellende Geregtigheid kursus in 'n korrektiewe sentrum.*

misdad te besef en te bely en om sy verhouding met sy familie en waar moontlik sy slagoffer te herstel. Moslems en ander persone sonder 'n Christelike agtergrond is welkom en woon ook die kursus by. Die fokus is op misdad en nie godsdiens nie. Maar ons is Christene en bied die diens aan uit Christelike oortuiging. Ons sing toepaslike liedere en open en sluit met gebed en is beskikbaar vir persoonlike geestelike berading.

Jonathan bied die kursus in sy dinamiese Kaapse Engels aan met hier en daar Afrikaanse tronktaal vir dramatiese effek. Hy is 'n pastorale berader, kriminoloog, regsgeleerde, toneelspeeler, akrobaat, en bowe al uitmuntende leermeester wat die ingewikkelde tot die praktiese demonstreerbare kan reduceer. Sy persoonlikheid is sodanig dat selfs die gehardste misdadiger hom na 'n dag of wat vertrou en bereid is om oop kaarte te speel. Hy het in die Paarl groot geword en was self 'n paar jaar agter tralies. Lucia en ek sluit aan by sy span vrywillige tafelfasiliteerders. So dertig gevangenes op 'n slag sluit vrywillig by 'n kursus aan, moordenaars, verkragters en rowers, dikwels lede van tronkbendes. Vir 'n week kom ons van nege tot drie Maandag tot Vrydag vir die kursus bymekaar en sit so vier kliënte en een fasiliteerder per tafel. Ek help siXhosa-sprekendes om te verstaan. Lucia en ek vertaal die vraelyste en geskrewe materiaal wat Jonathan as deel van die kursus gebruik in Afrikaans en siXhosa. Die Saterdag nooi ons naby familie van ons kliënte vir 'n familieversoeningsdag en ek moet help met die siXhosa. Dan het ons een opvolgbyeenkoms per week vir agt weke. In toepaslike gevalle fasiliteer Jonathan dan 'n versoeningsgesprek van die oortreder met sy slagoffer. Dit alles is oneindig meer effektief as blote prediking. God se kontakpunt met mense is blykbaar nie teologiese beredeneringe nie maar skouers skuur met sy getuies, ook 'n oorlams *mlungu* wat weet hoe om hom in die geselskap van maXhosa te gedra.

Eers help Lucia en ek net met kursusse van Hope Prison Ministry in Pollsmoor, maar dan brei die werk uit na naburige korrektiewe



*By die familie-versoeningsdag ondersteun ek die siXhosa-sprekendes.*

sentra, veral by Malmesbury en Brandvlei naby Worcester. Ons raak goeie vriende met ons medeberaders, 'n uiteenlopende groep vanaf oud-gevangenes tot afgetrede professionele mense. Ons werk lekker saam. Gemeenskaplike toewyding aan herstellende geregtigheid wis die etniese en denominasionele grense uit. Deur ons aftreejare heen raak die kursusse in herstellende geregtigheid 'n prominente deel van ons lewe.

In 2009 is die siXhosa-Bybel honderd-en-vyftig jaar oud. In oorleg met die Metodiste-kerk hou die Bybelgenootskap 'n herdenkingsgeleentheid by Mount Coke suid van King William's Town waar Appleyard in 1859 die eerste vertaling gedruk het. Ons is geskok om te sien dat die geboutjie waarin Appleyard gewerk het in 'n vervalle toestand is. Dan hou die Bybelgenootskap ook 'n herdenkingsgeleentheid in die stadsaal in Mthatha. Die koning van die maMpondo kom spreek ook gelukwense uit. Ek praat by albei geleenthede en ook 'n paar woorde oor 'n Televisie-nuusberig. 'n Paar jaar later groet 'n onbekende my in siXhosa by die lughawe. "Waar ken ons mekaar



vandaan?" vra ek. Tot my verbasing moet ek verneem sy onthou my van die nuusberig oor Televisie.

Dr Trevor Borchers, die goeie uroloog wat na my welstand omsien, bespeur dat 'n kanker in my prostaat begin posvat en ek moet tweemaal vir ses weke elke weeksdag bestraling ontvang. Wanneer ons saam met vriende 'n toer na Mapungubwe en die Kruger-wildtuin onderneem begin ek bloei. Droë bloed veroorsaak 'n verstopping en in Polokwane moet ek 'n uroloog besoek om 'n omleiding te installeer en ek moet 'n sakkie aan my been gespe. Baie ongerieflik.

Die bloeding wil nie opklaar nie, maar dit is gering en die uroloog dr Borchers, die onkoloog dr Greg Hart en dokter Joseph Tyrell wat na my hart omsien, oordeel dat dit nie onverantwoordelik sal wees om voort te gaan met die reëling dat ons vir drie maande in Vincent en Jean Brümmer se huis in Bilthoven naby Utrecht in



*Ons verken Utrecht tydens ons besoek aan Nederland.*



Nederland gaan bly nie. Vincent, met wie ek saam in die Filosofieklas was op Stellenbosch, het professor geword by Utrecht in Nederland. Hy kom doen navorsing in Stellenbosch en in ruil vir die gebruik van ons motor kan ons hul huis en motor gebruik.

Ons geniet Nederland en ry oral met die trein rond en kuier ook by Ab en Trix Ijzerman wat by Ab se tuisdorp Deventer op besoek was. Ons neem ook die trein na Berlyn op dieselfde tyd dat Erika en Charl ook daar is en ons lekker saam rondrits. Saam met ons Kaapse vriende, Estelle en Theuns Smith, ry ons suid en geniet die skilderagtige vallei van die Mosel-rivier, 'n tak van die Rhyn. Ons vlieg ook na Trondheim in Noorweë en bring die naweek deur saam met Oyvind Sandvink en Anemarie, vriende van Lucia wat sy op 'n kongres in Suid-Afrika ontmoet het. Ons gasheer is 'n volbloed Noorweër en hy neem ons op 'n onvergeetlike vaart op sy boot. Dan kom kuier Christoff, Christiana en Luleila in Nederland en ons ry noord na Assen waar Christoff as uitruilskolier 'n jaar deurgebring het. Onder andere besoek ons ook die dorp Oosthuizen.


Halfpad deur ons verblyf in Nederland moet ek opvolg-behandeling ontvang vir my bloeiery. My Kaapse uroloog dr Trevor Borchers het 'n vriend van hom dr Jaques Bogdanovicz in Delft aanbeveel. Wat is ons verbasing groot toe dit blyk dat dit dieselfde dokter en sy vrou is wat saam met ons toergroep in Tanzanië en Kenia getoer het. In plaas van die rekening wat ek vir die behandeling verwag het, kry ons toe van die vriendelike dokter se vrou 'n besigtigingstoer deur Delft. Mag hulle lank lewe!

Teen die Suid-Afrikaanse dokters se voorspelling in, neem my bloeding ernstig toe en ek moet ten duurste 'n bloedoortapping in die hospitaal in Utrecht kry. Noodgedwonge keer ons twee weke vroeër as wat beplan was terug huis toe. Hospitaalbehandeling kry my nie gesond nie en dr Borchers sit met die hand in die hare. Maar sy jong kollega dr Prenevin Govender het raad. Ek moet vir ses weke elke dag vir twee uur lank suurstof inasem in 'n druktenk met ses tot sewe meter water se drukking. Die drukking laat die suur-

stof in my bloed opgeneem word en deurdring tot die kleinste aartjies. Genadiglik stop die bloeding 'n paar dae na die afhandeling van die behandeling. Dankie tog vir die Here se ontferming om my aan bekwame geneeshere se sorg toe te vertrou. Nou hoef ek net elke drie maande die onkoloog dr Greg Hart te besoek vir behandeling om my prostaatkanker in remissie te hou.

In Mei 2012 ontvang ek by 'n funksie in Stellenbosch 'n Andrew Murray Prys vir my bydrae tot die uitgee in isiXhosa van die Hosana-liedboek en die 1996 vertaling van die Bybel in isiXhosa. My mede-Bybelvertaler, ds Fezile Mbenenge, lewer die toekenningsmotivering en vertel die een en ander oor my bedrywighede. Dit is lekker dat ook my oudste suster Helené die funksie kon bywoon.

Na my aftrede het ek tyd om aandag te gee aan my belangstelling in die grammatika van siXhosa. IsiXhosa moet vanuit haar eie genialiteit verduidelik word en nie vanuit die perspektief van die grammatika van Engels of Latyn nie, soos die bestaande grammatikas in 'n verminderende mate doen nie. Ek begin werk aan 'n



*Die vrug van my navorsing oor die grammatika van isiXhosa.*

grammatika met die teks van die 1942 siXhosa-Bybel as maatstaf van wat korrekte siXhosa is. Die produk lyk vir my na 'n amper klaar doktorske skripsie. Beide die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad stel nie belang in 'n student wat met 'n amper klaar skripsie opdaag nie. Hulle wil hê ek moet oor 'n meer beperkte onderwerp onder hul toesig navorsing doen. Professor Kaschula van Rhodes in Grahamstad hou van my werk. Ek moet net 'n bietjie breër lees na aanleiding van sy en dr Pamela Maseko se advies. Professor Kaschula oortuig die Senaat dat dit genoegsaam is as ek net vir die jaar inskryf in 2012 en my skripsie soos reggestel in lyn met die advies wat ek ontvang het, word aanvaar. Met 2013 se gradeplegtigheid kan ek my graad ontvang. 'n Jolige geleentheid saam met meeste van ons kinders en kleinkinders.



*Ons jongste kleinseun, Benjamin Appelt, oefen solank met die PhD-hoedjie.*

Professor Kaschula vra my om vir 2013 na Rhodes te kom as navorsingsgenoot. Lucia en ek woon vir die jaar in die woonstelgedeelte van Theuns en Gerda se huis en ek werk in 'n kantoor by die universiteit. Vir die vaktydskrif vir die inheemse tale skryf ek 'n artikel oor 'Extricating isiXhosa grammar from a Eurocentric approach'. Ek herskryf 'Leer self Xhosa' in beide Engels en Afrikaans en CLF-uitgewers publiseer dit as 'Say it in isiXhosa' en 'Sê dit in isiXhosa'. Met my skripsie as basis skryf ek 'n 392 bladsy formele siXhosa grammatika met die titel 'The Grammar of isiXhosa'. Ek sukkel om 'n uitgewer te kry. Met die steun van die Nasionale Stigting vir Navorsing gee Sun Media van Stellenbosch die boek in 2016 uit. Ek skryf ook 'n siXhosa weergawe met die titel 'ImiGaqo-ntetho yesiXhosa' wat Sun Media met die steun van die Nasionale Stigting vir Navorsing in 2017 uitgee. Dit tref my dat ek nou boeke in drie tale geskryf het: siXhosa, Afrikaans en Engels.

Ek sit darem nie heeltyd agter die rekenaar en tik nie. Lucia en ek gaan toer saam met Ilse, Michael en gesin in die Kruger wildtuin. Ek is nou oor tagtig jaar oud en ek kom agter dat ek beswaarlik nog soepel genoeg is om penne in te slaan en uit te trek. Ons kampeerdae is haas ten einde. Maar dit is swaar om van ons abba-karavaan Jongi afskeid te neem. Uiteindelik verkoop ek hom wel en so ook ons bakkie. Ons koop 'n X-Trail Nissan en gaan toer in Namibië saam met Ilse, Michael en gesin. Nou moet ons maar slaapplek huur.

Nie net my kampeerdae nie, maar ook my vermoë om redelike afstande te kan stap, kom tot 'n einde. Die kraakbeen in my regterheup slyt uit en ek moet 'n heupvervanging ondergaan. Na die operasie bly my heup stram, maar dit is darem nie meer pynlik om te loop nie. Nou kan ek nie meer in die berge stap nie. Dit is selfs moeilik om die pawiljoen by Nuweland te haal en ek moet maar oor die televisie na die rugby kyk.

'n Maand of wat voor Erfenisdag in 2017 kry ek 'n telefoonoproep van George Tsibani vir wie ek destyds getuigskrifte geskryf het vir studiebeurse totdat hy sy doktorsgraad behaal het. Hy reël die

huldigingsgeleentheid op Erfenisdag vir Ntsikana, die seun van Gaba wat onthou word as die eerste Xhosa-Christen en prediker van vroeg in die agtienhonderds. Hy het die evangelie by Van der Kemp gehoor en dit sal goed wees as daar ook 'n blanke predikant teenwoordig is by die huldigingsgeleentheid. Hy voorsien vir my en Lucia van vliegtuigkaartjies na Port Elizabeth en 'n gehuurde motor vir die rit na Ntsikana se graf by Thwathwa. Ons slaap in Grahamstad en Lucia trek haar Xhosa-uitrusting aan. By 'n stop-en-ry-punt langs die pad is die opsigter so beïndruk dat sy vra om 'n foto van Lucia te neem. Ek dink ek het gehoor dit is "fourteen" km van Fort Beaufort na Thwathwa, maar dit is al die tyd "forty". Ons arriveer laat, maar niemand kom dit agter nie want almal is laat. Ek is beïndruk met die verrigtinge. Dit word beklemtoon: "Ons aanbid nie vir Ntsikana as voorvader nie. Ons eer sy gedagtenis en aanbid God soos Ntsikana ons geleer het." George propageer progressiewe landboubedrywighede. Na tweehonderd jaar is Van der Kemp en Ntsikana se boodskap nog nie vergeet nie.


Theuns en Gerda en familie verhuis na Johannesburg en Michael en Ilse trek na Switserland en gaan woon in die skilderagtige Rheinau noord van Zürich op die walle van die Rhy. Lucia en ek is gretig om te sien hoe dit met hulle gaan en vlieg na Johannesburg en dan na Zürich. Naweke ry Michael met ons oor van die hoë passe in die Alpe. Dan onderneem ons saam met Ilse 'n bootreis van eiland tot eiland in Kroasië vanaf Split tot Dubrovnik. Onvergeetlik, selfs op ons vergeetagtige ouderdom.

In die Kaap word ek af en toe gevra om te kom uithelp met 'n preek, hoofsaaklik in VGK gemeentes. Die Beyers Naude-instituut op Stellenbosch skeep vir Jaap Durand se geskryfte 'n argief. Hulle vra my om 'n preekbundel saam te stel uit die fotostaatafdrukke van sy siXhosa-preke wat hy indertyd in Cala en KwaZakhele gelewer het. Ek soek 52 preke uit, redigeer die siXhosa en CLF-uitgewers publiseer dit met die titel *Umlilo emlonyeni*, 'Vuur in die Mond'. Nou het ek op verskillende maniere onder andere 'n gesangeboek, twee

uitgawes van die Bybel, twee kinderbybels, twee preekbundels en 'n grammatika alles in siXhosa op my kerfstok.

In 2020 is ons in Februarie in Malmesbury tafelfasiliteerders by 'n herstellende geregtighedsproses wat Jonathan in die gevangenis aanbied. Na die familieversoeningsdag die laaste Saterdag is ons haastig huistoe. Die kroonvirus Covid-19-griep-pandemie het uitgebreek en ons is beperk tot ons huis. Ons bestel aanlyn kruideniersware, vrugte en groente sowel as medisyne. Wanneer die inperking ver-slap, kan ons plaaslike kinders darem vir ons kom kuier en ons kan gemaskerd buite rondbeweeg. Maar besoeke aan gevangenis is nou buite die kwessie. Lucia begin skryf vertellings van gebeure in haar lewe en ek skryf hierdie herinneringe.

Nou het ons behoorlik afgetree. Met die griep-pandemie hou ons onself maar eenkant, maar ons gaan darem na ons huis in Vleesbaai. Ons kinders en kleinkinders kuier om die beurt in Desember/Januarie, uit die verre Switserland slegs Ilse. Op 17 Desember 2020 herdenk Lucia en ek ons troudag, sestig jaar gelede. Ons kan net die Here dank dat Hy ons tot diep in ons tagtigerjare saam gespaar het om allerhande interessante dinge te beleef.



*In Desember 2020 vier ons ons silwerbruilof  
na 'n gelukkige en geseënde huwelik.  
Ons glimlag oor ons foto in swemklere op Vleesbaai sestig jaar gelede.*